

22.3 RAPPORT 3 – DEPUTATE LITURGIESE SAKE – SUBGROEP AFRIKAANSE LIEDERE – BEOORDELING VAN PSALMS, SKRIFBERYMINGS EN SKRIFGETROUE LIEDERE (Artt 161, 162, 274)

22.3 REPORT 3 – DEPUTIES LITURGICAL AFFAIRS – SUB-GROUP AFRIKAANS SONGS – EVALUATION OF PSALMS, SCRIPTURAL HYMNS AND SCRIPTURALLY SOUND SONGS (Arts 161, 162, 274)

- A. Dr JA Erasmus stel die Rapport en Aanvullende Rapport.
Dr JA Erasmus tables the Report and Supplementary Report.
- B. **Besluit:** Verwys na Kommissie Liturgies om:
1. Die Sinode te adviseer hoe om hierdie Rapporte staande die vergadering af te handel, en
 2. Om die opdrag aan die Deputate Liturgiese Sake so te formuleer dat die beoordeling van liedere op volgende Sinodes op 'n meer sinvolle wyse kan geskied.
- Decision:** Referred to Commission Liturgical to:
1. Advise the Synod on how to deal with the Reports in this meeting and
 2. To formulate the mandate of the Deputies Liturgical Affairs in such a way that the evaluation of songs for the next Synod will be done in a more sensible way.
- C. Ds EP Nel rapporteer namens Kommissie Liturgies.
Rev EP Nel reports on behalf of Commission Liturgical.

D. RAPPORT / REPORT

<p>1. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>1.1 <i>Opdrag:</i> Acta 2015:2.4.</p> <p>1.2 Daar was 372 liedere wat aan die vorige Deputate voorgelê is en nie voor die vorige Sinode in Januarie 2015 afgehandel kon word nie. 366 hiervan was liedere uit die Liedboek van die Kerk.</p> <p>1.3 Sedert die vorige Sinode in Januarie 2015 is 'n verdere 8 liedere (<i>Oorwinningslied</i>, Nuwe-Testamentiese Psalm, Lied vir die Nagmaal, <i>My God is so groot</i>, <i>Loof Hom met die tromme</i>, <i>Dit borrel in my</i>, <i>Lees jou Bybel en Die wyse man</i>) deur die kerke en lidmate aan hierdie Deputate vir keuring voorgelê en 2 Skrifberymings (Beryming 1 Kronieke 29:11-13; Beryming <i>Lied van Moses</i>) waaraan die berymers nog werk, is oorgedra van die vorige termyn na die huidige Deputategroep.</p> <p>1.4 Die Deputate het 185 liedere (waarvan 177 liedere uit die Liedboek van die Kerk) aan die hand van die omvattende beginselraamwerk getoets. Twee van hierdie liedere is terugverwys na die komponis om digterlike aspekte rondom die liedere te verfyn.</p> <p>1.5 Daar is nog 196 liedere uit die</p>	<p>1. Matters that the Synod take note of</p> <p>1.1 <i>Mandate:</i> Acta 2015:2.4.</p> <p>1.2 The Deputies were presented with 372 songs that could not be evaluated prior to Synod 2015:366 of which were from the Songbook of the Church.</p> <p>1.3 Since the previous Synod in January 2015, churches and members tabled another 8 songs (<i>Oorwinningslied</i>, New Testament Psalm, Song for the Lord's Supper, <i>My God is so groot</i>, <i>Loof Hom met die tromme</i>, <i>Dit borrel in my</i>, <i>Lees jou Bybel</i> and <i>Die wyse man</i>) to the Deputies for approval and 2 Scriptural hymns (Hymn 1 Chronicles 29:11-13; Hymn <i>Lied van Moses</i>), which the versifiers are still completing, carried over from the previous term to the current deputies.</p> <p>1.4 The Deputies evaluated 185 songs (of which 177 songs from the songbook of the church) against the comprehensive principle framework. Two of these songs were referred back to the composer for refinement of poetic aspects to the songs.</p> <p>1.5 A further 196 songs from the songbook</p>
--	---

<p>Liedboek van die Kerk wat sedert Januarie 2009 aan deur kerke en lidmate voorgelê is wat nog nie aan die hand van die omvattende beginselraamwerk getoets is nie.</p> <p>1.6 Voortspruitend uit bogenoemde proses, nadat die Deputate deeglik aan elke lied aandag gegee het, beveel die Deputate 136 Skrifgetroue Liedere (soos aanbeveel in 2.2 hieronder) vir gebruik in die eredienste van die GKSA aan. 47 liedere (in 2.3 hieronder) word nie vir gebruik in die eredienste van die GKSA aanbeveel nie, met motivering daarby.</p> <p>1.7 In die beoordeling van die Oorwinningslied (FLAM 57 – sien art 2.1.136) en die liedere vir gebruik deur kinders (voorskools, art 2.1.117–2.1.135) het die Deputate die volgende bevind:</p> <p>1.7.1 Die omvattende beginselraamwerk soos wat dit tans daaruitsien, maak voorsien vir die keuring van Psalms, Skrifberyming en Skrifgetroue liedere wat pas in die aard en styl soos wat ons dit ons Psalmboeke vind.</p> <p>1.7.2 Daar is ook ander kategorieë van liedere wat vir beoordeling voorgelê word deur die lidmate en die kerke wat nie pas in die aard en styl soos wat dit in die Psalmboeke gevind word nie. Die Psalms en Skrifberymings is in koraalstyl gekomponeer, terwyl liedere soos die <i>Oorwinningslied</i> nié in koraalstyl gekomponeer is nie. Die nootwaardes is veel korter en daar is ook meer beweging in die harmonisasie.</p> <p>1.7.3 Die Deputate is bewus daarvan dat, veral met projekte soos FLAM, daar meer en meer liedere nie in koraalstyl gekomponeer word nie en dat gemeentes dit sing. Ook nie-Afrikaanse kerke sing liedere wat nie in koraalstyl gekomponeer is nie.</p> <p>1.7.4 Die kerkverband moet rekening hou met die kulturele ontwikkeling en dat musiekgenres binne hulle aard en styl beoordeel moet word; alle musiekgenres kan nie volgens die maatstawwe vir musiek in die koraalstyl beoordeel word nie. Dit geld nie alleen tov die musiekregister nie, maar óók tov die taalregister wat gebruik word. Taal en musiek ont-</p>	<p>of the church, tabled by the churches and members since January 2009, still needs to be evaluated against the comprehensive principle framework.</p> <p>1.6 This process of thoroughly vetting every song led the Deputies to recommend 136 Scripturally sound songs (as recommended in 2.2 below) for singing in the worship services of the GKSA, whereby 47 songs (in 2.3 below, including motivation) are not recommended for use during worship services of the GKSA.</p> <p>1.7 The Deputies found the following during the evaluation of the Oorwinningslied (FLAM 57 – see art 2.1.136) and songs for children (preschool, art 2.1.117–2.1.135):</p> <p>1.7.1 The comprehensive principle framework in its current form makes provision for the evaluation of Psalms, Scriptural hymns and Scripturally sound songs similar in nature and style to our Psalm-books.</p> <p>1.7.2 Other categories of songs are also presented for evaluation by members and churches that do not conform to the nature and style of those in the Psalm-books. The Psalms and Scriptural hymns are composed in the choral tradition, while songs like the <i>Oorwinningslied</i> are not. The note values are much shorter and the harmonisation has greater movement.</p> <p>1.7.3 The Deputies are aware that more and more songs are not composed in the choral style, especially with projects like FLAM, and being sung by congregations. Non-Afrikaans churches also sing songs that are not composed in this way.</p> <p>1.7.4 The GKSA must keep cultural development in mind and music genres must be evaluated according to their particular nature and style, not all music genres can be evaluated according to the criteria for choral music. It not only pertains to the music register, but also the language register of the songs. Language and music develop spontaneously, which must be</p>
---	---

<p>wikkel spontaan en daar moet met dit rekening gehou word. Liedere wat in onderskeie genres komponeer word, het hulle eie vlakke van literêre diepgang wat dit moeilik maak om met die huidige beginselraamwerk soos wat dit daar uitsien, na behore te beoordeel. Verder verskil die begeleidingstyle ook.</p> <p>1.7.5 Indien die omvattende beginselraamwerk nie hersien word sodat hierdie liederes ook behoorlik beoordeel kan word nie, kan dit tot anargie onder die kerke lei.</p> <p>1.8 By die beoordeling van die liederes spesifiek vir kinders (art 2.1.117–2.1.135 van hierdie Rapport) het die Deputate onder die indruk gekom dat kinderliederes uniek is en begeleiding by kinderliederes noodsaaklik is. Van die kerke en lidmate wat liederes vir kinders voorgestel het, het die verugting dat liederes met diepgang vir voorskoolse kinders veral gekomponeer word. Die Deputate is dit ook eens dat dit wat beskikbaar is, verbeter kan word en dat daar oorweging geskenk moet word om lidmate te nooi om liederes vir jonger kinders, veral voorskoolse kinders, te komponeer en dat dit moontlik in 'n aparte bundeltjie uitgegee word só kan hierdie liederes dan ook as aanknopingspunt vir geloofsvormende gesprekke tussen ouer en kind dien.</p> <p>1.9 Die <i>Oorwinningslied</i> en die liederes vir kinders (art 2.1.117–2.1.136) is hoofsaaklik op grond van inhoud (dogmaties) beoordeel en nie soseer ten opsigte van die musiek en / of letterkundige gehalte nie, omdat die betrokke liederes nie in die koraalstyl aangebied word nie en daar nie in die beginselraamwerk riglyne is om hierdie liederes volgens hulle eiesoortige genre te beoordeel nie.</p> <p>2. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>2.1 Die volgende Skrifgetroue liederes word deur die Deputate aanbeveel vir gebruik in die eredienste van die GKSA, aangesien dit volgens die omvattende beginselraamwerk (Acta 2012:389, 2.1-2.5) aan al die vereistes vir 'n Skrifgetroue lied voldoen:</p>	<p>taken in account. Songs composed in different genres have their own levels of literary depth, making the current principle framework inadequate for proper evaluation. Accompaniment styles also differ.</p> <p>1.7.5 If the comprehensive principle framework is not revised to enable proper evaluation of all songs, anarchy may break out between churches.</p> <p>1.8 The evaluation of songs specifically for children (art 2.1.117-2.1.135 of this Report) reflected their uniqueness and the necessity of accompaniment. Some of the churches and members that suggested songs for children expressed the wish that meaningful songs be composed for preschool children. The Deputies agree that the existing songs can be improved and suggest that it be considered to request members to compose songs for younger children, especially preschool children, and possibly publishing a separate booklet. These songs can then also serve as reference for faith developing interaction between parents and children.</p> <p>1.9 The <i>Oorwinningslied</i> and children's songs (art 2.1.117-2.1.136) were predominantly evaluated in terms of content (dogmatism) and not so much on music and/or literary quality, because the relevant songs do not fall under the choral genre of music and the principle framework does not provide for evaluating these songs according to their particular genre.</p> <p>2. Matters that the Synod decide on</p> <p>2.1 The Deputies recommend the following Scripturally sound songs for worship services of the GKSA, since they meet the criteria of the principle framework (Acta 2012:389, 2.1-2.5) for Scripturally sound songs:</p>
---	---

2.1.1 Lied 152 – Verhoogde Heiland, bind ons saam

Teks: *Verhoogde Heiland! trek ons hart* – Hieronymus van Alpen 1806; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978.

Melodie: *Psalm 138* – Lyon 1547, Genève 1562.

Verhoogde Heiland, bind ons saam
waar in u Naam ons hier vergader.
Leer ons, geheilig deur u Gees,
ootmoedig wees waar ons U nader.
Ons glo u Woord en bring U eer;
maak ons al meer Uself deelagtig.
Dan bly ons steeds, deur U verlig,
op U gerig, u dood gedagtig.

2.1.2 Lied 154 – Kom nou tesaam, laat ons vergader

Teks: *Com nu met sang* – Adriaan Valerius 1625; Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: *Uit Valeerius se Neder-landtsche gedenck-clanck 1626*

1. Kom nou tesaam, laat ons vergader,
één as sy Kerk, één in sy Naam;
in Christus Naam kom ons hier nader -
kom ons as sy gemeente saam.
Hy gee sy Gees,
só laat Hy dit wees:
Hy seën wat ons bou
en bind ons deur sy trou.

2. Hier is die Heer by ons teenwoordig,
Hy skep die ruimte vir sy werk.
Is Hy dan self só hier teenwoordig,
word ons verenig in sy Kerk.
Hy staan ons by
en maak ons ook vry
om ware mens te wees -
geheilig deur sy Gees.

3. Sing vir die Heer jul lofgesange,
laat ons met helder stem Hom loof.
Laat klink sy lof, sing onbevange
en laat geen muur die klanke doof.
Kom sing met vuur,
laat lofsange duur,
vul alles hier met klank:
Laat ons die Here dank.

2.1.3 Lied 156 – Loof, loof die Here!

Teks: Paul Gerhardt 1653; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Lobet den Herren alle, die ihn ehren* – Johann Crüger 1653

1. Loof, loof die Here!
Bring Hom dank en ere,
o Christenskare, rondom sy altare.
Hy is ons God die Ewige, die Ware!

2. U is die Here, U is onse Vader.
In Jesus Naam is ons nou hier vergader.
Één deur u Gees,
kom ons vrymoedig nader.

Loof, loof die Here!

Loof, loof die Here!

3. Hoor ons gebede, dat ons in u vrede
op al ons weë elke dag kan wandel
en altyddeur na u gebooie handel.

4. God van weldade, Skenker van
genade,
U, hoog verhewe, U bestraal ons lewe;
ons is gedurig deur u guns omgewe.

Loof, loof die Here!

Loof, loof die Here!

2.1.4 Lied 157 – Here Jesus, ons is saam

Teks: Tobias Clausnitzer 1663; Rhijnvis Feith 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Elsabé Kloppers 2001
Melodie: *Liebster Jesu, wir sind hier* – Johann Ahle 1664; Wolfgang Briegel 1687

1. Here Jesus, ons is saam,
op u roepstem hier vergader;
saam verenig in u Naam
kan ons tot die Vader nader.
Hoor die dank- en smeekgebede,
Heer, van u gemeentelede.

2. Maak ons harte deur u Gees
vir die heil'ge woord ontvanklik.
Laat ons daagliks onbevrees
op u heil bou, diep afhanklik.
Heer, laat ons geloofsvertroue
eenmaal oorgaan in aanskoue.

2.1.5 Lied 160 – Inkoms en uitgang

Teks: *Ausgang und Eingang* – Joachim Schwartz 1962; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©
Melodie: Joachim Schwartz 1962 (Kanon) © *Mechtild Schwartz-Verlag*, Faßberg, Duitsland

(I) Inkoms en uitgang,
(II) aanvang en einde,
(III) soos U bepaal, Heer -
(IV) wees nou hier teenwoordig.

2.1.6 Lied 161 – Halleluja! Heer, U is ons lewe

Teks: *Halleluja! eeuwig dank en eere* – Abraham Rutgers 1806; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; Johan Cilliers 2001
Melodie: *Herr und Ältster deiner Kreuzgemeinde* – volksmelodie; Herrnhut vóór 1740; Christian Gregor 1784

Halleluja! Heer, U is ons lewe,
middelpunt van ál ons hoop.
U's die doelwit van ons hoogste strewe,
Leidsman van ons lewensloop.
Heer, U is ons Skepper, God, almagtig;
ons Verlosser, Bystand, so barmhartig.
U wat is, en was, sal wees -
Vader, Seun en Heil'ge Gees!

2.1.7 Lied 162 – U self het ons geroep, Heer

Teks: *Du hast uns, Herr, gerufen* – Krut Rommel 1967; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©
Melodie: Kurt Rommel 1967 © *Strube Verlag*, München, Duitsland. Met toestemming gebruik (vertaling en melodie)

1. Voorsanger: U self het ons geroep,
Heer, en daarom kom ons saam.
Gemeente: U self het ons geroep,
Heer, en daarom kom ons saam.
Voorsanger: Verenig as u liggaam,
loof ons u Naam.
Gemeente: Verenig as u liggaam,
loof ons u Naam.

2. (Rig U tog ons gedagtes
en lei ons deur u Gees.)
Rig U tog ons gedagtes
en lei ons deur u Gees.
(Laat ons verseker weet,
Heer, U sal hier wees.)
Laat ons verseker weet,
Heer, U sal hier wees.

3. (Kom open so ons harte
en spreek tot elke oor.)

Kom open so ons harte
en spreek tot elke oor.
(Laat ons van al u dade, u liefde, hoor.)
Laat ons van al u dade, u liefde, hoor.

2.1.8 Lied 167 – Jesus, bron van al my vreugde

Teks: Con de Villiers 1959 nav *Jesus bleibet meine Freude*; gewysig Izak de Villiers 1978 (vers 1) en CJA Vos 2001 (nuwe vers 2)

Melodie: *Werde munter, mein Gemüte* – Joahnn Schop 1642; Boheemse Broeders 1661

1. Jesus, bron van al my vreugde;
Jesus, lig van my geloof,
U is vol genade, waarheid
U, my Heiland, Heer en Hoof.
Ja, ek is u eiendom;
U, die Seun, U het gekom.
As gestuurde van die Vader
is U self die weg na Hom.

2. Jesus, bron van alle lewe,
Jesus, U wat lof verdien;
U, die bron van alle waarheid,
U laat my die Vader sien.
Ek is by die Vader tuis
waar my hart vol vreugde ruis.
U wat één is met die Vader
het die weg na Hom kom wys.

2.1.9 Lied 170 – Heilig, heilig, heilig

Teks: *Santo, santo* – tradisionele liturgiese teks; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers ©

Melodie: *ARGENTINA* – tradisioneel Argentinië

Heilig, heilig, heilig,
my hart, o Heer, aanbid U.
My hart is bly en roep dit uit:
U is heilig, Heer.

2.1.10 Lied 171 – Heilig, heilig, heilig

Teks: *Heilig, heilig, heilig* – Duits 1827; Johan Cilliers 1993 / 2001

Musiek: Franz Schubert 1827, uit *Deutsche Messe D872*

1. Heilig, heilig, heilig,
heilig is die Heer.
Eng'le in die hemel
buig hul voor Hom neer.
Here, hoor my bede,
hoor my as ek sing,
en aan U, my Vader,
al my hulde bring.

2. Heilig, heilig, heilig,
heilig is die Heer.
Wie kan Hom op aarde
ooit na waarde eer?
Nogtans sal ek jubel,
sing ek weer en weer:
Heilig, heilig, heilig,
heilig is die Heer!

2.1.11 Lied 172 – Heilig, heilig, heilig

Teks: *Holy, holy, holy* – Nolene Prince 1976; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Nolene Prince 1976 © *Resource Christian Music*, Australia

Heilig, heilig, heilig,
God almagtige Heer.
Heilig, heilig, heilig,
God almagtig Heer.
Die aarde getuig van u heerlikheid.
Die aarde getuig van u heerlikheid.
Die aarde getuig van u heerlikheid.

U is heilig, Heer.

2.1.12 Lied 173 – Heilig, heilig, heilig

Teks: *Sanctus* – Latynse liturgiese teks

Melodie: Mondelings oorgelewer (Kanon)

NB: Stemgroepe eindig nie gelyktydig nie, maar tree na mekaar uit in maat 8

1. (I) Heilig, heilig, heilig,
- (II) heilig, heilig, heilig.
- (III) Hosanna, hosanna, hosanna,
- (IV) hosanna, hosanna, hosanna.

2.1.13 Lied 174 – Heilige, heilig, heilig, Here, God van mag

Teks: *Sanctus* – Latynse liturgiese teks; Afrikaanse weergawe Louwrens Strydom 2001 (postuum)

Melodie: CECILIA – Cecilia van Tonder 2001 ©

Heilig, heilig, heilig,
Here, God van mag.
U vul heel die aarde
met u heerlijkheid.
Hosanna, Seun van Dawid,
geseënd is Hy wat kom,
wat kom in die Heer se Naam,
hosanna in die hoogste.

Die Deputate beveel aan dat 'n kort verduideliking in die lys van Skrifgetroue liedere gegee word van wat Hosanna beteken.

2.1.14 Lied 176 – Halleluja! U is Koning

Teks: *Alleluia, alleluia* – Jerry Sinclair 1972; Afrikaanse weergawe Lizette Murray 1993

Melodie: *Sinclair* – Jerry Sinclair 1972 © *Manna Music, Inc.*, USA. Met toestemming gebruik (teks in hierdie weergawe en melodie).

Halleluja! U is Koning.
Ons aanbid U in u woning.
U's die Alfa en Omega,
daarom sing ons: Halleluja!

2.1.15 Lied 178 – Dona nobis pacem

Teks: Tradisionele liturgiese teks uit die *Agnus Dei* – beteken: *Gee ons vrede*

Melodie: Mondelings oorgelewer (Kanon)

- (A) Dona nobis pacem, pacem,
dona nobis pacem.
- (B) Dona nobis pacem, dona nobis pacem.
- (C) Dona nobis pacem, dona nobis pacem.

Die Deputate beveel aan dat 'n kort verduideliking in die lys van Skrifgetroue liedere gegee word van wat Dona nobis pacem beteken.

2.1.16 Lied 179 – Vader in die hemel

Teks: *Father, I adore you* – Terrye Coelho-Strom 1972; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: MARANATHA – Terrye Coelho-Strom 1972 (aangepas) (Kanon) © *Maranatha! Music*, USA. Met toestemming gebruik (teks in hierdie vertaling en melodie)

1. (A) Vader in die hemel,
(B) U beheer ons lewe,
(C) ons aanbid U.

2. (A) Jesus Christus, Redder,
(B) U beheer ons lewe,
(C) ons aanbid U.

3. (A) Heil'ge Gees, ons Trooster,
(B) U beheer ons lewe,
(C) ons aanbid U.

2.1.17 Lied 180 – Eer aan die Vader en die Seun

Teks: KLEIN GLORIA – Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Soest 1532, volgens Beierse weergawe 1856

Eer aan die Vader en die Seun
en die Heilige Gees,
soos dit was aan die begin, toe en so ook
nou, en van ewigheid tot ewigheid. Amen.

2.1.18 Lied 181 – Gee ons ware vrede, Jesus Heer

Teks: *Dona nobis pacem, Domine* – Taizé; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Musiek: Jacques Berthier 1923-1994 © *Ateliers et Presses de Taizé*, Frankryk. Met toestemming gebruik (Latyn, teks in hierdie vertaling en musiek).

Gee ons ware vrede, Jesus Heer.
Gee ons ware vrede, Jesus Heer.
Dona nobis pacem, Domine.
Dona nobis pacem, Domine.

2.1.19 Lied 182 – Ons wil, o Heer, U loof en eer

Teks: Martin Rutilius 1604; *Zoo slaat G'uw oog* – Abraham Rutgers 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978

Melodie: *Ach Gott und Herr* – Leipzig 1625; Christoph Peter 1655; aangepas Nederland 1806.

1. Ons wil, o Heer, U loof en eer
vir liefde en genade.
U swakke kind, deur skuld gebind,
verlos U van die kwade.

2. Ons kniel en buig, aanbid en juig,
verlostes, hier vergader.
Ons is verbly, van skuld bevry,
verbind aan U, ons Vader.

3. Gelowig steun ons op u Seun,
want ons het niks verdien nie.
Ons Heiland het, om ons te red,
nie eens die dood ontsien nie.

2.1.20 Lied 183 – Verbly jul in die Here

Teks: Bartholomäus Helder ca 1630; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©
Melodie: *Ich freu mich in dem Herren* – Bartholomäus Helder ca 1630

1. Verbly jul in die Here,
die God van Israel.
Sing altyddeur sy ere,
gehoorsaam sy bevel.
Hy stel die see se grense,
laat die seisoene kom.
Sy guns is oor die mense
o almal, buig voor Hom!

2. Verbly jul in die Here,
dié wat verlore was.
Hy het jul self versamel
uit elke taal en ras.
Jul wat deur God gered is,
kniel almal nou voor Hom.
Erken dat liefde wet is
en roep: "Die Here kom!"

2.1.21 Lied 185 – Kom alle volke

Teks: Louwrens Strydom 1989; Elsabé Kloppers 1998 / 2001 ©
Melodie: *Lobet und preiset, ihr Völker den Herrn* – mondelings oorgelewer (Kanon)

(A) Kom alle volke en loof nou die Heer
(B) jubel oor Hy jul regverdig regeer.
(C) Loof Hom volke, kom loof die Heer.

Psalm 67:4-6

2.1.22 Lied 186 – Ons kom loof U as ons Vader

Teks: *Zal een kind zijn vader minnen* – Abraham Rutgers 1806; GBA Gerdener 1931;
AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; WD Jonker 2001
Melodie: *Sollt ich meinem Gott nicht singen* – Johann Schop 1641; aangepas
Christian Witt 1715.

1. Ons kom loof U as ons Vader -
ons, wat nou u kinders is.
Ons mag U in Christus nader,
wat ons voorspraak by U is.
Juis vir ons, deur skuld gebonde
en bedorwe van natuur,
is u Seun as borg gestuur.
Vrygespreek van al ons sonde,
kan niks ons van U meer skei -
in u liefde sal ons bly!

2. As ons selfs ons aardse vader
innig liefhet en waardeer,
hoeveel meer, o Hemelvader,
moet ons U nie dien en eer?
Ons wil dankbaar tot U nader -
U so groot in majesteit,
liefde en geregtigheid.
Dat ons U mag ken as Vader
en ons self aan U mag wy -
dit maak ons vir ewig bly!

2.1.23 Lied 187 – Loof, loof die Here

Teks: *Lobe den Herren alle, die ihn ehren* – paul Gerhardt 1653; Elsabé Kloppers
2001 ©
Melodie: Herbert Beuerle 1967 / 1990 nav Johann Crüger 1653 (Kanon) © *Strube
Verlag*, München, Duitslan. Met toestemming gebruik (melodie).

(A) Loof, loof die Here,
(B) bring Hom dank en ere!
(C) Loof Hom, loof Hom, loof
(D) Hom, die Heer.

2.1.24 Lied 189 – Halleluja!

Melodie: MelchiorVulpius 1609 (fragment uit *Gelobt sein Gott in Höchsten Thron*)

Halleluja!

Halleluja!
Halleluja!

2.1.25 Lied 191 – Grote God, ons bring U eer

Teks: *Te Deum laudamus*; Louwrens Strydom 2001 (postuum)

Melodie: *Großer Gott, wir loben dich* – Lüneburg 1668; Wenen 1776; Leipzig 1819.

1. Grote God, ons bring U eer,
ons aanbid U, Koning, Heer.
U kom toe die lof alom -
U wat was, wat is, wat kom.
Voor U buig die skepping neer -
U wat ewig sal regeer.

2. Om u troon bring eng'le eer:
"Heilig, heilig, heilig, Heer".
Hier op aarde word 'n lied
deur die eeue aangebied:
Die getuies van u Naam,
jubel in hul lofsang saam.

3. Vader, ewig, goed en groot,
hoor ons lof uit elke oord.
Seun van God in ewigheid,
ons is tot u diens bereid.
Heil'ge Gees, vertrooster, Heer,
ons, u kerk, wil U steeds eer.

2.1.26 Lied 194 – Ons bring aan U die lof en ere

Teks: *O God! gelijk bij ons het leven* – Bernhardus van Weemen 1806; AGB 1944;
gewysig Gerjo van der Merwe 1978; WD Jonker 2001

Melodie: *Auf dich, mein Vater, will ich hoffen* – Duits E 18; Nederland 1806; ritmies
aangepas 2001

1. Ons bring aan U die lof en ere,
ons prys u grote Naam, o Here,
vir al die goedheid uit u hand.
Ons dank U vir ons hele lewe
waarin U ons met guns omgewe,
met liefde ver bo ons verstand.

2. Ons bring aan U die lof en ere,
ons prys u grote Naam, o Here,
dat ons mag deel hê aan u Ryk.
Dit is ons hoogste doel en strewe
om U te eer ons hele lewe -
maak ons aan Jesus meer gelyk.

3. Ons bring aan U die lof en ere,
ons prys u grote Naam, o Here,
U wat oor alles triomfeer.
U vul ons hart met lofgesange,
u Gees skenk ons 'n sterk verlange
na volle vreugde by U, Heer.

2.1.27 Lied 195 – U, o God, wat ewig o die troon is

Teks: Anddries Breytenbach 2001

Melodie: *Herr und Ältster deiner Kreuzgemeinde* – volksmelodie; Herrnhut vóór 1740;
Christian Gregor 1784.

1. U, o God, wat ewig op die troon is,
aan U al die lof en eer.
Voor U, wat met majesteit gekroon is,
buig ons in aanbidding neer.
U is Heer, U heers oor alle magte,
U regeer oor duisende geslagte.
U kom toe die heerlikheid
tot in alle ewigheid.

2. Christus, voor U kniel die hele aarde,
want die hemel buig hul neer.
U, die Lam, is alle eerbied waardig;
U kom toe die dank en eer.
Deur u offer waarborg U die lewe;
deur u bloed word al ons skuld vergewe.
Ons sal aan U eer bewys -
U vir ewig loof en prys.

2.1.28 Lied 196 – O kon ek jubel, Hemelvader

Teks: Johann Mentzer 1704; Paul Geertsema 1978; gewysig 2001
Melodie: *O daß ich tausend Zungen hätte* – Johann König 1738

1. O kon ek jubel, Hemelvader,
met duisend stemme, tot u eer
hoe sou ek juigend tot U nader
en U my danklied bring, o Heer!
Ek sou u roem en lof vermeld,
u wonderdade, ongeteld!

2. O kon ek U besing na waarde
tot waar die son sy baan beskryf
en sterre, ver bokant die aarde,
geruisloos meld u heerlijkheid!
O kon ek tog die lof besing
wat ek so graag aan U wil bring!

3. Laat alles wat op aarde lewe,
die berge, bosse, see en meer,
my onvolkome lof en bede
in stilte aanvul, tot u eer!
Saam sal ons oor u goedheid juig;
aan U ons dankbaarheid betuig.

4. My swakke dank- en smeekgebede
wil dit genadig, Heer, aanvaar.
Eens neem ek, swerwer in die hede,
my plek in by die eng'leskaar.
Dan jubel ek, verlos, o Heer,
met duisend stemme tot u eer!

2.1.29 Lied 197 – Wonderbare Koning

Teks: Joachim Neander 1680; Izak de Villiers 1978 ©
Melodie: *Wunderbarer König* – Joachim Neander 1680

1. Wonderbare Koning,
Heerser oor u skepping,
ons bring U ons lofgesange.
Deur u goedheid, Vader,
kan ons tot U nader -
U's ons diepste hartsverlange.
Laat die lied wat ons bied,
opstyg na u woning,
wonderbare Koning!

2. Loof Hom, hemelboë!
Loof Hom, berge en dale!
Daar's geen einde aan sy werke.
Loof, my siel, die Here!
Bring Hom dank en ere!
Hy is die onmeetlik' sterke.
Hef omhoog hart en oog!
Wie kan ooit op aarde,
Heer, U prys na waarde?

2.1.30 Lied 198 – God is my lied

Teks: Christian Gelleert 1757; Ahasverus van den Berg 1806; GBA Gerdener 1931;
AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig 2001
Melodie: *Gott ist mein Lied* – CPE Bach 1787

1. God is my lied, sy almag ken geen
perke
Heer is sy Naam,
volmaak sy skeppingswerke;
die groot heelal is sy gebied.

2. Niks is van my, dis alles u genade;
ek sien u goedheid oral, troue Vader,
u lof sal op my lippe bly.

3. Waar God gebied,
sal ons geen onheil vrees nie,
want niemand kan soos Hy 'n redder wees nie -
aan Hom my lof, aan Hom my lied.

2.1.31 Lied 199 – Loof die Here uit die hemel

Teks: Elsabé Kloppers 2001 ©
Melodie: REGENT SQUARE – Henry Smart 1867

1. Loof die Here uit die hemel,
loof Hom deur wie ons bestaan;
loof Hom eng'le, hemelwesens,

2. Loof die Here alle volke,
loof Hom alles wat bestaan;
loof Hom weerlig, sneeu en wolke,

loof Hom son en prys Hom maan.

loof Hom meer en oseaan.

Kom en loof Hom, kom en prys Hom,
kom en loof die Heer se Naam!

Kom en loof Hom, kom en prys Hom,
kom en loof die Heer se Naam!

3. Loof Hom konings, alle vorste,
almal wat op aard' regeer;
loof Hom kinders, mans en vroue,
loof Hom almal, buig jul neer.

Kom en loof Hom, kom en prys Hom,
roem sy Naam, kom loof die Heer!

Psalm 148

2.1.32 Lied 201 – Lofsing die Heer, buig voor Hom neer

Teks: *Joy to the world* – Isaac Watts 1719; *ere aan God, bring Hom die eer!* – Tom Gouws 1993; Andries Breytenbach 2001

Melodie: ANTIOCH – Lowell Mason 1848

1. Lofsing die Heer, buig voor Hom neer;
bewys aan Hom die eer.
Laat elke mond Hom loof en prys
en Hom erken as Heer
en Hom erken as Heer
en Hom, ja Hom erken as Heer.

2. Lof aan die Heer, verheerlik Hom;
wees vrolik, juig en sing.
Laat al wat leef Hom dank en prys,
aan Hom die hulde bring,
aan Hom die hulde bring,
aan Hom, aan Hom die hulde bring.

3. Lofprys die Heer, besing sy Naam -
sy hele skepping juig.
Laat almal saam Hom eer betoon
en voor hul koning buig,
en voor hul koning buig,
en voor, ja voor hul koning buig.

2.1.33 Lied 204 – Halleluja! Amen

Melodie: Mondelings oorgelewer (Kanon)

(I) Halleluja!
Halleluja!
(II) Amen.

2.1.34 Lied 206 – Halleluja!

Musiek: Abraham Maraire 1965 (Zimbabwe)

© *United Methodist Church, Cachel, Zimbabwe*

Halleluja.
Halleluja.
Halleluja.
Halleluja.

2.1.35 Lied 209 – Heer, met my hele hart

Teks: *Je louerai l'Eternel* – Claude Fraysse 1976; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Claude Fraysse 1976 © *Hänssler Verlag, Neuhausen, Duitsland.*

Heer, met my hele hart

kom sing ek 'n lofsang,
 kom ek van u magtige wonders vertel
 en van al u reddingsdade.
 Heer, met my hele hart
 kom sing ek 'n lofsang.
 Ek wil oor U altyd bly en vrolik wees,
 ek wil u Naam besing.
 Ek wil oor U altyd bly en vrolik wees.
 Halleluja!

Psalm 9:2, 3

2.1.36 Lied 210 – Prys God, Hy is groot

Teks: Elsabé Kloppers 1998 / 2001 ©

Melodie: LAUDATE DOMINUM – Hubert Parry 1894

1. Prys God, Hy is groot;
 prys God, Hy is sterk;
 die ganse heelal
 vertel van sy werk.
 Oor aarde en hemel
 strek sy majesteit.
 Prys alles wat lewe
 sy Naam wêreldwyd.

2. Prys God, Hy is groot;
 prys God oor sy mag;
 loof Hom met simbaal
 en prys só sy krag.
 Loof Hom met die snare,
 met harp en met fluit.
 Sing almal wat lewe,
 kom jubel dit uit.

2.1.37 Lied 213 – Kom, volk van God, verhef jul stem

Teks: *Zingt, Christenschaar! de schoonste stof* – Pieter van de Kastele 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; Louwrens Strydom 2001 (postuum)

Melodie: *Psalm 68* – Genève 1551

1. Kom, volk van God, verhef jul stem,
 loof Hom, die kind uit Betlehem -
 God wat 'n mens geword het.
 Die pad van leed het Hy verstaan,
 self het Hy na die kruis gegaan
 waar Hy sy bloed gestort het.
 Loof Hom, die Here van sy kerk,
 prys Hom vir sy verlossingswerk,
 eer Hom vir sy genade.
 Hy het ons nou met God versoen;
 aan God se eise is voldoen.
 Juig oor sy liefdedade.

2. Die Christus het ons stryd gestry;
 Hy het nie in die dood gebly,
 die graf kon Hom nie hou nie.
 Hy't na die Vader opgevaar,
 regeer sy eiendom van daar -
 sal ons Hom nie vertrou nie?
 Loof, loof ons Redder, God en Heer,
 Hy sien in liefde op ons neer,
 in Hom is ons behoue.
 "Die Heer kom weer, die Heer kom weer"
 juig ons met vreugde keer op keer,
 volhardend, met vertroue.

2.1.38 Lied 218 – Halleluja!

Melodie: *Wir wollen alle fröhlich sein* – Hohenfurt 1410; Boheemse Broeders 1544;
 Wittenberg 1573

Halleluja. Halleluja.
 Halleluja. Halleluja.
 Halleluja. Halleluja.

2.1.39 Lied 219 – Laat ons sing van ons Verlosser

Teks: *Alleluia! Sing to Jesus* – Philip Bliss 1876; Hannes van der Merwe 2001 ©
Melodie: HYFRYDOL – Rowland Pritchard 1830
Diskant: Betty Pulkingham 1970 © *The Fisherman Inc.*, USA

1. Laat ons sing van ons Verlosser,
Hy wat wys hoe liefde lyk.
Deur sy kruisdood het die Here
self sy hand na ons gereik.
Sing, o sing van ons Verlosser,
aan die kruis het Hy gely.
Deur sy dood bring Hy versoening,
van ons skuld maak Hy ons vry.

2. Laat ons praat met almal om ons
oor die hoop wat in ons leef.
Jesus Christus het in liefde
al ons sonde ons vergeef.
Sing, o sing van ons Verlosser,
Hy oorwin die dood en hel.
Ons het deel aan sy oorwinning,
oral wil ons dit vertel.

3. Laat ons sing oor Hom wat t'rugkeer
aan die einde van die tyd:
"Bruidegom, die bruid verwag U:
altyd tot u lof bereid."
Sing, o sing van ons Verlosser,
Hy kom trug, Hy maak ons nuut.
"U, die Heerser oor die wêreld,
Seun van God, o hoor ons lied."

2.1.40 Lied 220 – Met ons harte sing ons, Here

Teks: CJA Vos 2001
Melodie: HYFRYDOL – Rowland Pritchard 1830

1. Met ons harte sing ons, Here,
van u liefde meer en meer.
Aan die kruis het U ons sonde
als gedra met geen verweer.
Juig, o juig oor ons Verlosser,
van ons las is ons bevry.
Ons sal aan U, Redder, Here,
net uit dank ons lewe wy.

2. Met ons monde bring ons, Here,
aan U hulde in ons lied.
Aan die kruis het U die losprys
vir ons sonde aangebied.
Prys, o prys nou ons Verlosser,
vir ons redding is betaal.
U het deur u sterwe, Here,
dié oorwinning reeds behaal.

3. In 'n koor met duisend stemme
sal ons loflied U besing.
U nabye liefde, Here,
het in noutes ons omring.
Sing, o sing oor ons Verlosser,
prys sy Naam ons lewe lank.
Ons bly aan U trou, o Here,
ons sal U steeds loof en dank.

2.1.41 Lied 221 – Loof die Heer omdat Hy goed is

Teks: *Confitemini Domino* – Taizé; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©
Musiek: Jacques Berthier 1923 – 1994 © *Ateliers et Presses de Taizé*, Frankryk. Met
toestemming gebruik (Latyn, teks in hierdie vertaling en musiek).

1. Loof die Heer omdat Hy goed is;
daar's geen einde aan sy liefde.
Loof die Heer omdat Hy goed is.
Halleluja.

2. *Confitemini Domino quoniam bonus,*
confitemini Domino,
alleluia.

Psalm 107

2.1.42 Lied 222 – Loof die Here God

Teks: *Bless the Lord, my soul* – Taizé; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Musiek: Jacques Berthier 1923-1994 © *Ateliers et Presses de Taizé*, Frankryk. Met toestemming gebruik (Latyn, teks in hierdie vertaling en musiek).

Loof die Here God
en prys sy heil'ge Naam.
Loof die Here God -
Hy red my van die dood.

Bless the Lord, my soul,
and bless his holy Name.
Bless the Lord, my soul,
He rescues me from death.

2.1.43 Lied 223 – Aan Jesus, Koning, al die eer

Teks: *All hail the power of Jesus' Nam* – Edward Perronet 1780; Attie van der Colf 1984 / 2001 ©

Musiek: DIADEM – James Ellor 1819 – 1899

1. Aan Jesus, Koning, al die eer!
Buig eng'le voor Hom neer,
buig eng'le voor Hom neer.
God gee aan Hom die koningskroon.

2. Loof Hom, verlostes van die Lam,
wat om sy troon verkeer,
wat om sy troon verkeer.
Sing alle volke, elke stam!

Kom loof Hom.
Loof Hom.
Loof Hom.
Loof Hom en volg Hom as u Heer!

Kom loof Hom.
Loof Hom.
Loof Hom.
Loof Hom en volg Hom as u Heer!

3. Eens sal verlostes almal saam
ook saam met Hom regeer,
ook saam met Hom regeer.
Kom, almal, loof sy grote Naam.

Kom loof Hom.
Loof Hom.
Loof Hom.
Loof Hom en volg Hom as u Heer!

2.1.44 Lied 224 – Kom prys Hom alle nasies

Teks: *Laudate omnes gentes* – Taizé; Afrikaanse weergawe Louwrens Strydom 1993

Musiek: Jacques Berthier 1923-1994 © *Ateliers et Presses de Taizé*, Frankryk. Met toestemming gebruik (Latyn, teks in hierdie vertaling en musiek).

1. Kom prys Hom alle nasies.
Kom sing, kom loof die Heer!
Kom prys Hom alle volke.
Kom sing, kom loof die Heer!

2. Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.
Laudate omnes gentes,
laudate Dominum.

2.1.45 Lied 226 – Juig nou aarde, hemel

Teks: *Jubilate, servite* – Taizé; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers ©

Musiek: Jacques Berthier 1923-1994 (Kanon) © *Ateliers et Presses de Taizé*, Frankryk. Met toestemming gebruik (Latyn, teks in hierdie vertaling en musiek).

1. Juig nou aarde, hemel,
almal wat hier leef.
Dien die Heer, gee Hom eer,

2. Jubilate Deo omnis terra.
Servite Domino in laetitia.
Alleluia, alleluia in laetitia.

kom met jubeling.
Halleluja! Halleluja!
Kom met jubeling.
Halleluja! Halleluja!
Laat ons Hom besing!

Alleluia, alleluia in laetitia.

2.1.46 Lied 227 – Sing, loof en prys die Heer

Teks: *Laudate Dominum* – Taizé; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©
Musiek: Jacques Berthier 1923-1994 © *Ateliers et Presses de Taizé*, Frankryk. Met
toestemming gebruik (Latyn, teks in hierdie vertaling en musiek).

1. Sing, loof en prys die Heer.
Sing, loof en prys die Heer, alle volke.
Halleluja.
(x2)

2. *Laudate Dominum*,
laudate dominum omnes gentes,
alleluia.
(x2)

2.1.47 Lied 228 – Halleluja

Musiek: Tradisioneel Suid-Afrika, opgeteken deur George Mxanda

Halleluja (x8)

2.1.48 Lied 229 – Wil, Heer, in liefde U ontferm

Teks: Izak de Villier en Kobie Kloppers 1978

Melodie: *Aus tiefer Not schrei ich zu dir* – Wolfgang Dachstein 1524; Zürich 1533/34

Wil, Heer, in liefde U ontferm;
skenk U ons volk genade.
Delg U tog uit ons sondeskuld;
wis uit ons sonde dade.
Sal U ons dan nie lewend maak
dat ons in U weer vreugde smaak!
Skenk ons tog u heil, o Here.

Psalm 85:5-8

2.1.49 Lied 231 – Heilig, heilig, heilig, Here

Teks: Johann Zimmerman 1702-1783; Rhijnvis Feith / Jodocus van Lodenstein 1806;
GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig
Elsabé Kloppers 2001

Melodie: Psalm 42 – Genève 1551; Lausanne 1565

1. Heilig, heilig, heilig, Here,
U is heilig sonder perk;
ons kom sing u Naam ter ere -
bid dat U in ons sal werk.
Ons onheiligheid, o Heer,
dwing ons op ons knieë neer.
Ons kom pleit om u genade:
Heer, verlos ons van die kwade.

2. Wat geskep is deur u hande -
dit was heilig, rein en goed;
maar die sonde bring die skande,
bring die seer in ons gemoed.
Ons verstand is swak en klein,
ook ons strewe is onrein.
Ons is, Heer, in skuld gebore -
sonder U is ons verlore.

3. Heil'ge God, herskep ons lewe,
en laat groei die goeie saad;
maak ons heilig in ons strewe,
in gedagte, woord en daad;
Ons wil U ons danklied bring,
en u lof, o Jesus, sing.

4. O dat alle mensetale,
alle eng'lesang, o Heer,
saamruis deur die hemelsale
in gejubel tot u eer.
Eenmaal staan ons voor u troon
waar ons eer aan U betoon -

Laat u Gees ons lei, o Here,
om te lewe, U ter ere.

sing ons met die eng'le: Ere
Heilig, heilig, heilig, Here!

2.1.50 Lied 233 – Ek, Vader, wat gesondig het

Teks: *O Mensch, beweine dein Sünde groß* – Sebald Heyden 1525; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: Psalm 68 – Genève 1551

1. Ek, Vader, wat gesondig het -
hoe skuldig staan ek voor u wet,
maar tog in Christus heilig!
Ek wil my skuld voor U beweene;
ek soek en roep weer om u seën,
u Gees laat voel my veilig.
Help my geloof om vrug te dra
soos wat U van verlostes vra
in woorde en in dade.
Ek was verlore, is gevind;
ek was vervreemd, is nou u kind -
hoe groot is u genade!

2.1.51 Lied 236 – O God, hoe salig om te weet

Teks: *O God, hoe zalig is't voor't hart* – Ahasverus van den Berg 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig 2001

Melodie: *Wenn mein Stündlein vorhanden ist* – Frankfurt am Main 1569; aangepas 1609

1. O God, hoe salig om te weet,
as ons in ootmoed nader,
U sal u kinders nooit vergeet
ons ken U as ons Vader.
Ons bid om skuldvergifenis
deur Jesus wat ons voorspraak is
ons kniel in stil vertrou.

2. Sien ons dan, Vader, in ons nood,
saam voor u troon vergader;
sal ooit 'n kind vergeefs om brood
smeeke by sy aardse vader?
Sal U ons dan nie nog veel meer
u Gees, in al sy volheid, Heer,
op ons gebede skenk nie?

2.1.52 Lied 237 – Heer, ons kom pleit by U

Teks: Andries Breytenbach 2001

Melodie: ST BRIDE – Samuel Howard 1762

1. Heer, ons kom pleit by U;
o God, verlaat ons nie.
U wat die weeskind nie verstoot -
voor U buig ons die knie.

2. Voor U staan ons ontbloot;
ons skuld verdien die dood.
Wees ons genadig en vergeef.
Red ons, Heer, uit ons nood.

3. Maak ons van sonde vry;
leer ons die kwaad vermy;
ons pleit by U in Jesus Naam.
U kan ons weer verbly.

2.1.53 Lied 239 – Jesus, Rots vir my geslaan

Teks: *Rock of ages cleft for me* – Augustus Toplady 1776; GBA Gerdener 1931; gewysig Attie van der Colf 1978

Melodie: PETRA – Richard Redhead 1853

1. Jesus, Rots vir my geslaan,

2. En ek self - wat kan ek doen

laat my nie verlore gaan!
U was self van God verlaat.
Laat u lyding, sonder maat,
my tot heil wees en tot krag
teen die sondeskuld en -mag.

om my sonde te versoen?
Sou my hart met ywer gloei,
sou my trane ewig vloei
nòg gebede, nòg geweene
kan my red, Heer; U alleen.

3. Leeg, net met my sondelas,
hou ek u verdienste vas.
Ek kom om vergewing vra;
U het ook my skuld gedra!
U, geslaan tot heilsfontein,
wás my, Heiland, maak my rein!

4. Heer, my Rots, bo almal groot
staan U vas in elke nood.
Trou van mense kom en gaan,
maar U bly onwrikbaar staan.
Eew'ge Rots, U laat ook my
veilig, ewig in U bly!

2.1.54 Lied 242 – Here, ontferm U

Teks: *Kyrie eleison* – Latynse liturgiese teks; Afrikaanse weergawe Elsbé Kloppers 1998 / 2001 ©

Musiek: Franz Bühler 1760 – 1824

Here, ontferm U.
Christus, ontferm U.
Hoor ons gebed, Heer.
Ontferm U tog oor ons. Amen.

2.1.55 Lied 243 – Heer, wees genadig

Teks: *Kyrie eleison* – Latynse liturgiese teks; Afrikaanse weergawe Cassie Carstens 2001

Musiek: Franz Bühler 1760 - 1824

Heer, wees genadig.
Heer, wees barmhartig.
Heer wees genadig.
ons kniel hier voor U neer. Amen.

2.1.56 Lied 246 – Wees my genadig

Teks: Liturgiese teks; weergawe van Attie van der Colf 1993 ©

Melodie: Oorsprong onbekend (Kanon)

(A) Wees my genadig, Here my God.
(B) Delg uit my sonde - dit is so groot.
(C) Wees my genadig in Jesus Naam.

2.1.57 Lied 247 – Heer, wees ons genadig

Teks: Afrikaanse weergawe van Russiese *Hospodi pomilui* (Kyrie eleison)

Musiek: Russies-Ortodokse Liturgie (Oekraïne)

1. Heer wees ons genadig,
Christus wees genadig,
Heer wees ons genadig.

2. Kyrie eleison,
Christe eleison,
Kyrie eleison.

2.1.58 Lied 250 – Gods wet vra al ons liefde

Teks: EC Pienaar en E Hartwig 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig 2001

Melodie: *Die som van Gods gebooie* - PK de Villiers 1944

1. Gods wet vra al ons liefde

2. O Heer, wil dan u liefde

vir Hom, ons God en Heer,
en liefde vir ons naaste
dis wat sy Woord ons leer.

ook deur ons openbaar,
dat ons mekaar mag liefhê
en só u wet bewaar.

3. Veral omdat die tye
ons dringend daartoe maan:
Die Heer se koms is naby,
dis tyd om op te staan.

4. Laat ons die werke aflê
in duisternis verrig
en vir die stryd gereed maak
met wapens van die lig.

5. Laat ons welvoeglik lewe,
geheilig deur die Gees,
beklee met U, Heer Jesus,
gekruisig na die vlees.

2.1.59 Lied 253 – U het die brood gebreek

Teks: *Break now the bread of life* – Mary Lathbury 1877; Halleluja 1931; gewysig
Attie van der Colf 1989 / 2001

Melodie: BREAD OF LIFE – William Sherwin 1877

1. U het die brood gebreek
eens by die meer
breek nou die lewensbrood
vir my ook, Heer.
Wil steeds u waarheid meer
aan my ontvou
tot ek ook in u Woord
my Heer aanskou.

2. U is die lewensbrood,
Heiland, vir my.
U is die waarheid, Heer,
U maak my vry.
U beeld straal uit die Skrif
so helder voort -
U soek ek, Heer, Uself,
o Lewend' Woord.

2.1.60 Lied 254 – Spreek Heer

Teks: Halleluja 1931; gewysig Attie van der Colf 1984

Melodie: Komponis onbekend

1. Spreek Heer, spreek Heer,
want u dienaar luister.
Net u Woord, Heer,
bring weer lig in duister.

2. Spreek Heer, spreek Heer,
want u kinders luister.
Net u Woord, Heer,
bring weer lig in duister.

2.1.61 Lied 257 – O Heer, maak oop my hart se poort

Teks: *Herr, öffne mir die Herzenstür* – Johann Olearius 1671; J Baumbach 1934;
gewysig Izak de Villiers 1978

Melodie: *Herr Jesu Christ, dich zu uns wend* – Gochsheim 1628; Görlitz 1648

1. O Heer, maak oop my hart se poort;
maak my ontvanklik vir u Woord
wat my u raad en wil verklaar.
Laat my dié Woord altyd bewaar.

2. U Woord, o Heer, deurboor en wond,
maar dit genees ook, maak gesond;
u Woord toon al ons sondes aan
en wys die weg wat ons moet gaan.

3. O Vader, Seun en Gees tesaam,
hoe heerlik is u Wondersnaam!
O heilige Drie-enigheid,
ons loof U tot in ewigheid.

2.1.62 Lied 258 – Vreugdevolle tyding

Teks: Heinrich Hecker 1966 – 1743; Ahasverus van den Berg 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: *Heugelijke tijding* – RC de Villiers 1883

1. Vreugdevolle tyding,
bron van hartverblyding -
evangeliewoord!

Woord van lig en lewe
rig ons aardse strewe
as bevrydingswoord -
deur sy Gees laat God dit wees:
woorde van sy openbaring,
van sy heilsverklaring.

2. Luister ons aandagtig,
skei Gods woorde kragtig
tussen kwaad en goed.
Van ons skuld vergewe,
kan ons voluit lewe,
vry, deur Jesus bloed.
Alle eer aan God, die Heer;
bo verwagting, bo gebede
skenk Hy ons sy vrede.

3. Op u grondslag bou ons,
op u heil vertrou ons,
mensgeworde Woord!
Alles hier verander,
U sal nooit verander
want U hou u woord.
Woord by God en Self ook God,
U is waarheid, lig en lewe,
ewig en verhewe.

2.1.63 Lied 260 – Ek glo vas in God, die Vader

Teks: *Ik geloof in God den Vader* – Jan Scharp 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: *Herz und Herz vereint zusammen* – Duits 1688; Herrnhut 1735

1. Ek glo vas in God, die Vader,
wat almagtig, wys en goed,
aarde en hemel eens gemaak het,
nog bestuur en trou behoed.
Deur Hom leef, beweeg en is ek,
Hy beskik, bestuur my lot;
dít vertrou ek aan sy leiding
as my Vader en my God.

2. Ek glo vas in Jesus Christus,
eengebore Seun van God,
deur wie alles is geskape,
Woord by God en self ook God.
Ek vereer Hom soos die Vader,
buig my dankbaar voor Hom neer,
wat my vrygekoop, verlos het
Hom erken ek as my Heer.

3. Ek glo Jesus, wat ontvang is
deur die werking van die Gees,
word hier deur die maagd Maria,
waarlik mens van bloed en vlees.
Onder Pontius Pilatus
het Hy smart en pyn gely;
is gekruisig en begrawe
só maak Hy van sonde vry.

4. Op die derde dag het Jesus
uit die dood uit opgestaan,
deur sy sterwe en sy lewe
dood en graf en hel verslaan.
Na die hoogste hemel het Hy
tot die Vader opgevaar;
aan Gods regterhand in ere,
voer Hy heerskappy van daar.

5. Ek glo dat Hy op die wolke,
Hy, die Menseseun, wéér kom.
Al die lewendes en dooies,
elke knie sal buig voor Hom.
Hy beoordeel al ons werke
so beslis Hy ook my lot.
Maar dit troos my: Hy, die regter,

6. Ek glo met my hele wese
in die Heil'ge Gees as Heer,
wat sy kerk met al sy lede
troos en deur die Woord regeer.
Hy skenk my sy krag en leiding
dat ek hier die goeie stryd
in sy Naam begin en eindig

het my skuld betaal by God.

met geloofsblymoedigheid.

7. Ek glo God se kerk is heilig,
Christelik en algemeen;
in geloof en hoop en liefde
aan Hom toegewy soos één.
Hy is Hoof en ons die lede
wat Hy roep, versterk, bewaar.
Hartlik deel, met dank en vreugde,
ons sy gewes met mekaar.

8. Ek glo aan die skuldvergewing
deur die Heer se midd'laarsbloed;
in my eie werk en waarde
is geen rus vir my gemoed.
Dit is alles net genade
dat ek nie verlore gaan;
ja, my Vader, ja, ek weet dít:
U neem my in Christus aan.

9. Ek glo ook dat hierdie liggaam
wat tot stof en as vergaan,
op die laaste van die dae
weer verheerlik op sal staan;
dan onsterflik, onverganklik,
ken dit geen verderfenis;
dan is dit so skoon en heerlik
soos my Heer se liggaam is.

10. En ek glo daar wag 'n lewe
ewig, heerlik, sondevry.
Jesus, wat vooruitgegaan het,
het ons plek reeds voorberei.
Doderyk, waar's jou oorwinning?
Dood en sonde, waar jul mag?
wig in die vaderwoning
leef ons sonder dag of nag!

11. Ewig, onbegryplik' Wese,
U die Vader, Seun en Gees,
Heer, leer my U ken al beter,
u gehoorsaam kind te wees.
Ons wil sing van al u liefde;
in u waarheid wil ons juig.
Amen! Blye evangelie!
Amen, bly my hart getuig!

2.1.64 Lied 261 – Ek glo in God, die Vader

Teks: Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: HUBERT – Hubert du Plessis 1978 / 2001

1. Ek glo in God, die Vader,
almagtig' Skepper heer,
wat hemele en aarde
gemaak het en beheer.
Sy troon is heerlikheid,
en wonderlik sy dade;
deur sy geliefde Seun
verlos Hy uit genade.

2. Ek glo in Jesus Christus
Hy, van die Gees ontvang,
is uit 'n maagd gebore,
moes aan die kruishout hang;
het graf en dood oorwin
as God bo alle gode,
sal weer as regter kom
oor lewende en dode.

3. Die Heil'ge Gees is ewig;
is Here en laat leef.
Hy maak sy kerk ook heilig
en één en algemeen.
Aan God drie-enig eer
wat sondeskuld vergewe,
die liggaam op laat staan
en ewig ons laat lewe!

2.1.65 Lied 262 – Ons was nie daar in Betlehem

Teks: *We saw Thee not, when Thou didst come* – John Gurney 1851; Attie van der Colf 1978 ©

Melodie: *Das neugebore Kindelein* – Melcior Vulpus 1609

1. Ons was nie daar in Betlehem
by herders en by eng'lesang;
ons was ook nie in Nasaret
en ken U nie as timmerman;
ons kon nie sien nie, maar ons glo
die Woord van God sê dit wás so.

2. Ons was ook nie op Golgota
toe duister oor die mensdom daal;
of toe U voor die hemelvaart
dissipels aanstel vir hul taak -
maar, Heer, ons weet tog dit wás so;
ons kon nie sien nie, maar ons gló.

2.1.66 Lied 263 – U, goeie Herder, wat ons lei

Teks: Izak de Villier 1978 / 2001 ©

Melodie: *Aus tiefer Not schrei ich zu dir* – Wolfgang Dachstein 1525

1. U goeie Herder, wat ons lei,
U bring ons by die waters.
U laat u kudde veilig wei,
ver weg van bose haters.
U lê u lewe vir ons af.
U koop ons vry en dra ons straf -
U lei ons na God die Vader.

2. U tel gevalle sondaars op.
Dié wat verdwaal het, soek U.
U maak die siekes self gesond.
Ons hoor, o Heer, hoe roep U.
Ons sal U volg waar U ons lei.
Gaan dan ook hier ons tyd verby -
kom ons aan by God die Vader

3. U roep ons almal op ons naam.
U plaas op ons u teken.
U lei ons saggies almal saam.
U het die prys bereken.
U bloed het vir ons skuld betaal.
U kom ons eenmaal almal haal -
ewig, veilig by die Vader.

2.1.67 Lied 264 – Hoe heerlijk is die Jesus-naam!

Teks: *How sweet the Name of Jesus sounds* – John Newton 1779; Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: ST PETER – Alexander Reinagle 1830

1. Hoe heerlijk is die Jesusnaam!
'n Engel deel dit mee:
Die Here kom sy volk verlos,
hul lig en lewe gee.

2. Hy's Christus, deur die Gees gesalf
tot leraar en profeet,
tot grote koning wat bewaar,
tot priester in ons leed.

3. Hy leer ons in sy Naam te bid,
te dien, te leer, te werk.
En sou ons om dié Naam moes ly,
bou Hy ook só sy kerk.

4. Deur u verdienste het ek ook
die Christen-naam verkry,
gee dat ek U blymoedig eer;
met woord en daad bely.

2.1.68 Ons Vader op die hemeltroon

Teks: Petrus Dathenus 1566; *Psalmen waaraan toegevoed is Eenige Gezangen* 1773; JD du Toit 1935; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Karen de Wet 2001

Melodie: *Vater unser im Himmelreich* – E14; Boheemse Broeders 1531; Martin Luther 1539

1. Ons Vader op die hemeltroon

2. Laat Heer u Koninkryk steeds kom

aan wie ons lof en eer betoon,
ons bid ootmoedig almal saam:
Gee dat u goddelike Naam
deur ons geken, geëer, gevrees -
in alles mag geheilig wees.

in hierdie land en oral om.
Die skepping is u magsgebied
waar u volmaakte wil geskied -
vanuit die hemel om u troon
tot waar ons op die aarde woon.

3. Gee ons, o Heer, ons daaglik brood;
bewaar ons van gebrek en nood.
Bewys aan ons barmhartigheid
en skeld ons, Heer, ons skuld tog kwyt
soos wat U ook van ons vereis
om só u liefde te bewys.

4. Lei ons nie in versoeking, Heer;
laat ons u Naam bly loof en eer;
verlos ons van die bose mag.
Beskerm ons, Here, deur u krag.
Aan U behoort die koninkryk,
die krag en eer in ewigheid.

2.1.69 Lied 269 – God bly met u, waar u ook mag gaan

Teks: *God be with you till we meet again* – Jeremiah Rankin 1882; Zionsliederen 1871; Halleluja 1931; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001
Melodie: RANDOLPH – Ralph Vaughan Williams 1906. © Oxford University Press, UK.

1. God bly met u, waar u ook mag gaan.
Mag sy Gees u lei en heilig
en u altyddeur beveilig.
God bly met u, waar u ook mag gaan.

2. God bly met u, waar u ook mag gaan.
Deur sy sterke hand behoed Hy,
daaglik met sy manna voed Hy -
God bly met u, waar u ook mag gaan.

3. God bly met u, waar u ook mag gaan.
As ons struikel, trek die Vader
deur sy liefde ons weer nader -
God bly met u, waar u ook mag gaan.

4. God bly met u, waar u ook mag gaan.
In gevare, angs en lyding
bied sy almag ons bevryding -
God bly met u, waar u ook mag gaan.

2.1.70 Lied 272 – Stuur nou u lig

Teks: Louwrens Strydom 1989; Elsabé Kloppers 1998 / 2001 ©
Melodie: *Sende dein Licht* – Tradisioneel Duits (Kanon)

Stuur nou u lig en stuur u waarheid.
Laat dit my lei na u heilige woning.
Ek sal U loof, my helper, my God.

2.1.71 Lied 273 – Laat my met U verenig lewe

Teks: *Laat m' in U blijven, groeien, bloeien* – Jan Jacob ten Kate 1868; AGB 1944;
gewysig Gerjo van der Merwe 1978; Elsabé Kloppers 2001 ©
Melodie: *Wer nur den lieben Gott läßt walten* – Georg Neumark 1657

1. Laat my met U verenig lewe,
U wat die ware wynstok is;
u krag gee my voortdurend lewe,
bewaar my van verderfenis.
Deurstroom, besiel en seën my
sodat ek altyd vrugbaar bly.

2. Word elke loot nie reg gesnoei nie,
sal daar net wilde lote skiet.
Die druiwestok sal nie kan bloei nie,
die rank en loot geen vrugte bied.
Die wyse wynboer ken sy snoei
sodat die druif al voller groei.

3. Geen groeikrag kom deur eie
strewe,
niks kan ek sonder U, o Heer;
in u gemeenskap bloei my lewe
en word die lewensvolheid meer.
Ek wil aan U verbonde bly -

4. Nee, Heer, van U wil ek nie skei nie,
U wat die ware wynstok is.
As ek nie in u liefde bly nie,
is ek 'n loot wat vrugloos is.
Gee dat ek altyd vrugbaar bly
en U verheerlik word in my

2.1.72 Lied 274 – Leer my soos Henog met U wandel

Teks: Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Wer nur den lieben Gott läßt walten* – Georg Neumark 1657

1. Leer my soos Henog met U wandel
en deur geloof U te behaag.
Leer my om tot u eer te handel
totdat die nuwe môre daag.
Dié wat U aanhang, op U steun,
is in die gees, Heer, met U één.

2. Want Henog het in donker dae
met U gewandel, trou en waar.
Hy't U geken en sonder klæ
u leiding, koers en wil aanvaar.
Tot aan die einde van my pad,
wil ek só wandel; u hand vat.

Genesis 5:24; Hebreërs 11:5, 6

2.1.73 Lied 275 – O God van Jakob, deur u hand

Teks: *O God of Bethel, by whose hand* – Philip Doddridge 1745; John Logan 1781;
Zionsliederen 1871; Halleluja 1903; GBA Gerdener 1931; EC Pienaar 1944; gewysig
Gerjo van der Merwe 1978; gewysig 2001

Melodie: DUNDEE – Skotse Psalter 1615; aangepas

1. O God van Jakob, deur u hand
word steeds u volk gevoed;
U het weleer op see en land
ons vadere behoed.

2. Ons dank- en smeekgebede gaan
tot u genadetroon;
wil ons en ook ons kroos voortaan
u guns en trou betoon!

3. Berei vir ons die lewenspad
wil deur u Gees ons lei;
en as ons val, o Vader, vat
ons hand en staan ons by.

4. Bewaar ons, Heer, in alle nood;
hou oor ons lewe wag.
Wil kleding skenk, gee daaglik brood
ons deel vir elke dag.

5. Beskikker van ons deel en lot
in voor- en teespoed,
U is ons Vader en ons God
net U is waarlik goed.

2.1.74 Lied 276 – Leer ons om in eie oë

Teks: *Zalig, zalig, niets te wezen* – Jodocus van Lodenstein 1620-1677; Abraham
Rutgers 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978;
gewysig Andries Breytenbach 2001

Melodie: *Komm, o komm du Geist des Lebens* – Meiningen 1693

1. Leer ons om in eie oë
klein te wees voor U, o Heer,
diep bewus van onvermoë
om u Naam opreg te eer.
Maak ons nederig en stil
om te lewe soos U wil.

2. Daar is by ons soveel weerstand,
teen u wil, u Woord, o Heer.
Ons bied soveel kere teenstand,
wil ons nie deur U laat leer.
Skep in ons 'n nuwe gees;
laat ons U gehoorsaam wees.

2.1.75 Lied 277 – U wat van ouds af ons behoed

Teks: *O God, our help in ages past* – Isaac Watts 1674 – 1748; Halleluja 1931;
gewysig Izak de Villiers 1978

Melodie: ST ANNE – William Croft 1708

1. U wat van ouds af ons behoed,
ons God op wie ons bou,

2. Nog voor die aarde se bestaan
en voor ons ruimte en tyd,

ons skuilplek as die stormwind woed -
op U sal ons vertrou!

was U van ewigheid af aan -
U bly in ewigheid.

3. 'n Duisend jaar is soos een dag
gereken met u maat.
Ons bly die wederkoms verwag,
die nuwe daeraad.

4. U wil u volk getrou bewaar
en u gemeente bou -
hou ons in voorspoed en gevaar
tog aan u Woord getrou!

5. U wat van ouds af ons behoed,
ons God op wie ons bou,
ons skuilplek as die stormwind woed -
op U sal ons vertrou!

2.1.76 Lied 278 – Hoor ons bid, o Heer

Teks: *Hear our prayer, O Lord* – Anoniem; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers
2001 ©

Musiek: WHELPTON – George Whelpton 1897; ritmies aangepas 2001

Hoor ons bid, o Heer;
hoor ons bid, o Heer

Verhoor tog ons gebed en gee ons vrede.
Amen.

2.1.77 Lied 279 – Hoor ons sug, o Heer

Teks: *Hear our prayer, O Lord* – Anoniem; Afrikaanse weergawe CJA Vos 2001

Musiek: WHELPTON – George Whelpton 1897; ritmies aangepas 2001

Hoor ons sug, o Heer,
hoor ons sug, o Heer,
draai, Heer, u oor na ons,
en gee ons rus, Heer.
Amen.

2.1.78 Lied 281 – Lei ons, Here, groot en magtig

Teks: CJA Vos 2001

Melodie: CWM RHONDDA – John Hughes 1907

Diskant: Dirk de Villiers 1987

1. Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons hulp en krag.
As die nag se kleed ons sluier,
bly ons steeds u heil verwag.
Ons Bevryder, ons Bevryder.
U, die God van ons behoud.
U, die God van ons behoud.

2. Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons sorg en stut.
As die toekoms ons bekommer,
sal U, Here, ons beskut.
Ons Beskermer, ons Beskermer.
U, die God wat ons behoed.
U, die God wat ons behoed.

3. Lei ons, Here, groot en magtig,
U alleen ons borg en steun.
As die donker ons laat steier,
vind ons rus by U alleen.
Ons Bewaker, ons Bewaker.
U, die God wat ons bewaar.
U, die God wat ons bewaar.

2.1.79 Lied 283 – Ons kom, o Vader, vir ons land

Teks: *Waarom bly nasies altyd woel* – Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: BROTHER JAMES' AIR – Macbeth Bain ca 1840-1925

1. Ons kom, o Vader, vir ons land
om vrede by U pleit.
Solank die vlam van haat bly brand,
is vrede self 'n stryd.
Wil deur u Gees ons lei, genees
in u geregtigheid.

2. Lei, Vors van vrede, op u weg
húl wat oor ons regeer,
dat hul met insig en met reg
u opdrag hier hanteer
gelei deur U, bewaar deur U,
getroue Opperheer.

2.1.80 Lied 284 – Laat, Heer, u vrede deur my vloei

Teks: *Make me a channel of your peace* – Franciskus van Assisi E13; Afrikaanse weergawe Jacques Louw 2001

Melodie: TEMPLE – Sebastian Temple 1967

© *Franciscan Communications Center*, Los Angeles, USA

1. Laat, Heer, u vrede deur my vloei -
waar haat is,
laat ek daar u liefde bring
Laat ek in pyn en smart
 vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

2. Laat, Heer, u vrede deur my vloei -
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
k wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

O Heer, help my om altyd so te leef -
om ander hoër as myself te ag.
Ja, om lief te hê - ander bo myself -
en ook eerder te gee as te verwag.

O Heer, help my om altyd so te leef -
om ander hoër as myself te ag.
Ja, om lief te hê - ander bo myself -
en ook eerder te gee as te verwag.

3. Laat, Heer, u vrede deur my vloei -
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

2.1.81 Lied 285 – O God, so groot in heerlijkheid

Teks: *Dear Lord and Father of mankind* – John Whittier 1807 – 1892; Hannes van der Merwe 2001 ©

Melodie: REPTON – Hubert Parry 1848 – 1918 uit *Judith*

1. O God, so groot in heerlijkheid,
vergeef ons klein geloof.
Beklee ons met standvastigheid,
aan U ten volle toegewy -
ons leef om U te loof,
ons leef om U te loof.

2. O God so groot in heerlijkheid,
U roep ons ook vandag.
Gee ons ook nou gehoorsaamheid -
U krag vir ons 'n werklikheid.
Gee ywer elke dag,
gee ywer elke dag.

2.1.82 Lied 286 – Here God van liefde

Teks: Greta Delport-Benadé 2001

Musiek: Greta Delport-Benadé 2001

© *Innes en Greta Musiek*, Randburg. Met toestemming gebruik (teks en melodie).

Here God van liefde,
waar ons ook mag gaan,
wil ons in u skadu by U staan.
Hoor ons dankgebede,

hoor ons loflied styg
 as ons aan U ons dank betuig.
 Here, u genade het ons hier behou,
 in u hand van liefde vasgehou.
 Moet nooit van ons wyk nie,
 skenk aan ons u seën, Here,
 laat ons nooit alleen.
 Heer Jesus, laat ons nooit alleen,
 ons wil vir ewig op u almag steun;
 want elke knie sal buig
 en elke hart sal juig,
 Here Jesus, neem ons bede aan.

2.1.83 Lied 288 – Ons dank U, Heer, en bring U eer

Teks: *U, God en Heer! Zij eeuwig eer* – Abraham Rutgers 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Andries Breytenbach 2001

Melodie: *Acht Gott und Herr* – Leizig 1625; Christoph Peter 1655; aangepas Nederland 1806

1. Ons dank U, Heer, en bring U eer -
 hoe groot is u ontferming!
 U het ons kind aan U verbind;
 ons leef in u beskerming.

2. Al is hul klein en ook onrein,
 tóg is hul vir U heilig.
 En, U, die borg sal altyd sorg -
 by U is hulle veilig.

3. Gee aan ons kroos u hulp en troos,
 gee aan ons wysheid, Here.
 Laat almal saam u grote Naam
 verheerlik, U ter ere.

2.1.84 Lied 289 – Jesus, Heer, op wie ons hoop

Teks: Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Liebster Jesu, wir sind hier* – Johan Ahle 1664; Wolfgang Briegel 1687

1. Jesus, Heer, op wie ons hoop,
 ons maak soos U ons beveel het:
 Ons bring kinders hier ten doop
 hulle wat ook aan U deel het.
 In die Naam van God die Vader,
 Seun en Gees, kom tree ons nader.

2. Heer, ons bid dat elke kind
 U sal dien solank hy lewe
 en ook altyd ondervind
 dat U goed is en vergewe.
 O, ons smee U, troue Herder
 lei ons met ons kinders verder.

2.1.85 Lied 290 – Dit is my troos dat ek gedoop is

Teks: WD Jonker 1978 / 2001

Melodie: *O daß ich tausend Zungen hätte* – Johann König 1738

1. Dit is my troos dat ek gedoop is,
 dat ek gedoop is in u Naam,
 want deur die doop is ek verseker
 dat U in guns U nooit nie skaam
 as Vader, Seun en Heil'ge Gees
 om ook my God genoem te wees.

2. Dit is my troos dat U as Vader
 Uself in trou aan my verbind
 en dat U in u milde liefde
 my neem as erfgenaam en kind;
 dat U die kwaad van my wil weer
 of anders tot my beswil keer.

3. Dit is my troos dat U, Heer Jesus,
 as Seun my deur u bloed wil was;
 dat U my inlyf in u sterwe

4. Dit is my troos dat U vir ewig,
 o Heil'ge Gees, in my wil woon.
 U wil my heilig en steeds voller

en vrymaak van my sondelas;
dat U my met U óp laat staan
en op 'n nuwe weg laat gaan.

die beeld van Christus laat vertoon.
So maak U tot my eiendom
als wat ek reeds besit in Hom.

2.1.86 Lied 291 – Ons kinders, Heer, is duur gekoop

Teks: *Our children, Lord, in faith and prayer* – Thomas Haweis 1732 – 1820; Andries Breytenbach 2001

Melodie: NAOMI – onbekend; aangepas deur Lowell Mason 1836

1. Ons kinders, Heer, is duur gekoop,
u Seun het self betaal.
Ons word verseker deur die doop:
U liefde sal nooit faal.

2. Ons is gedoop, Heer, in u Naam;
dit sal ons dankbaar sê.
U Gees bind ons as lede saam
om waarlik lief te hê.

3. In Christus sterf ons by die doop,
van sonde is ons vry.
Ons sal aan Hom, die bron van hoop,
ons nuwe lewe wy.

2.1.87 Lied 293 – Jesus neem ons kleine kinders

Teks: *Jezus siet de kleine kind'ren* – Kinderharp 1863; GBA Gerdener 1931; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: JUBILATE – Dmitri Bortnianski 1752 – 1825

1. Jesus neem ons kleine kinders,
met 'n hart vol liefde aan;
niemand mag dit ooit verhinder
dat ons vry na Hom toe gaan.
Loof die Here, loof Hom almal!
Halleluja! Amen!

2. Jesus hoor ons swak gebede
wáár ons ook op aarde gaan.
Dag of nag, ons weet verseker
dat ons nooit alleen sal staan.
Loof die Here, loof Hom altyd!
Halleluja! Amen!

3. Jesus gee aan ons sy seën,
lei ons op die regte pad.
En ons weet dat Hy ons liefhet:
Hy het Self ons hand gevat.
Loof die Here, almal, altyd!
Halleluja! Amen!

2.1.88 Lied 294 – Jesus roep die kindertjies

Teks: *Gentle Jesus, meek and mild* – Charles Wesley 1742; GBA Gerdener 1931; Attie van der Colf 1978 ©

Melodie: INNOCENTS – Joseph Smith 1851 (?)

1. Jesus roep die kindertjies;
moet hul nie verhinder nie.
Hy wil hul omhels en seën
en sy liefde hul verleen.

2. Here Jesus, U alleen
kan ons kindertjies só seën
dat ons in ons harte weet:
U sal hulle nooit vergeet.

3. Dankie vir genade, Heer,
dankie dat ek van U leer;
dankie dat u Woord en Gees
my ook laat gehoorsaam wees.

2.1.89 Lied 295 – Heer, U laat ons hier vergader

Teks: *Herr, du wollest uns bereiten* – Friedrich Klopstock 1724-1803; Ahasverus van den Berg 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; Johan Cilliers 2001

Melodie: *Schmücke dich, o liebe Seele* – Johann Crüger 1649

1. Heer, U laat ons hier vergader,
bring ons om u tafel nader.
Heer, U vul ons met u vrede,
luister na ons smeekgebede.
U het ál ons skuld vergewe,
ons herskep tot nuwe lewe.
Daarvoor bring ons al ons ere
aan U, ons Verlosser, Here.

2. Heer, ons bid nou om u seën,
oor die tyd en grense heen:
Heer, wees self nou in ons midde,
Herder van u eie kudde.
U't ons vrygemaak van sonde,
deur u bloed en deur u wonde.
Hiervan word ons vas verseker
deur die brood en deur die beker.

3. Heer, ons wil u wy ons lewe,
U's die liggaam, ons die lede.
Ons is u verbondsgenote,
U's die wynstok, ons die lote.
U kom eenmaal op die wolke,
word erken deur alle volke.
Aan die kruis dra U ons skande.
Nou's ons toekoms in u hande.

2.1.90 Lied 297 – Ons buig hier in belydenis

Teks: Johan Hermes 1779; *Hier ben ik om aan uwe smart* - Ahasverus van den Berg 1806; AGB 1944; Gerjo van der Merwe 1978; gewysig 2001

Melodie: *Was Gott tut das ist wohlgetan* – Severus Gastorius 1681

1. Ons buig hier in belydenis;
ons dink hier aan u smarte.
Ons almal wat verlostes is,
verhef tot U ons harte.
Kom, Middelaar, en openbaar
u reddende genade:
weerhou ons van die kwade.

2. O Heer en Heiland, ons bring dank
dat U vir ons gestry het.
Ons wil U prys met helder klank,
waar U ons so verbly het.
U het gely, ons is bevry -
na U is ons verlange;
neem aan ons dankgesange.

3. Wil U dan ons geloof versterk
by hierdie brood en beker;
u Gees ook daardeur in ons werk
van u verbond verseker.
Dan word ons, Heer, voortdurend meer
in lof en dank oorvloedig
en doen u werk blymoedig.

2.1.91 Lied 300 – Heer Jesus, kom

Teks: *Come risen Lord* – George Briggs 1875 – 1959; André Hugo en WD Jonker 1978 / 2001

Melodie: BLACKBIRD LEYS – Peter Cutts 1937 – © Oxford University Press, UK.

1. Heer Jesus, kom en wil ons gas hier
wees!
Nee, U is self die gasheer - dis ú fees!
U gee Uself aan ons hier by die dis
waar brood en wyn vir ons u tekens is.

2. Sterk ons geloof en
laat ons hart verlang
om wat U bied, ten volle te ontvang.
Ons is verheug,
o opgestane Heer,

dat ons vrymoedig met U mag verkeer!

3. U gee ons deel, Heer Jesus, aan u bloed;
U wil ons met u eie liggaam voed.
U bloed is waarlik drank u liggaam brood
U laat ons met U een word in u dood.

4. Bind U ons saam,
ons wat u tafel deel
en maak ons as u liggaam één geheel.
één brood word hier gebreek,
één Naam bely
één volk is ons wat in u liefde bly!

2.1.92 Lied 302 – Ons is genooide gaste

Teks: *Du hast uns, Herr, gerufen* – Kurt Rommel 1967; Afrikaanse weergawe Louwrens Strydom 1984 / 2001 (postuum).

Melodie: Kurt Rommel 1967 © *Strube Verlag*, München, Duitsland. Met toestemming gebruik (vertaling en melodie)

1. Voorsanger(s): Ons is genooide gaste en
daarom is ons hier.
Gemeente: Ons is genooide gaste en
daarom is ons hier.
Voorsanger(s): Die Here nooi sy kinders
om fees te vier.
Gemeente: Die Here nooi sy kinders
om fees te vier.

2. U is die lewensbrood, Heer,
U wil u gaste voed.
U is die lewensbrood, Heer,
U wil u gaste voed.
Laat ons dan met verwagting U,
Heer, ontmoet.
Laat ons dan met verwagting U,
Heer, ontmoet.

3. "O kom, elkeen wat dors is",
so nooi die Lewensvors,
"O kom, elkeen wat dors is",
so nooi die Lewensvors,
"kom drink nou uit my beker,
en les jou dors."
"kom drink nou uit my beker,
en les jou dors."

4. Ons kom nou na u tafel,
geniet nou van u fees.
Ons kom nou na u tafel,
geniet nou van u fees.
Ons wil gelowig deelneem -
en dankbaar wees.
Ons wil gelowig deelneem -
en dankbaar wees.

2.1.93 Lied 303 - Eet die brood

Teks: *Eat this bread* – Taizé; Afrikaanse weergawe Louwrens Strydom 1993

Musiek: Jacques Berthier 1923 – 1994 © *Ateliers et Presses de Taizé*, Frankryk. Met toestemming gebruik (Engels, teks in hierdie vertaling en musiek).

1. Eet die brood, drink die wyn.
Kom na Christus, Hy stil u honger.
Eet die brood, drink die wyn.
Glo in Hom en Hy les u dors.

2. Eat this bread, drink this cup;
come to Christ and never be hungry.
Eat this bread, drink this cup;
trust in Christ and you will not thirst.

2.1.94 Lied 304 – Voor U kom ons, u kinders, staan

Teks: Jacques Louw 2001 (vers 1 en 2) ©; JD du Toit 1937 (vers 3)

Melodie: *Psalm 134* – Genève 1551 © *Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika*, Potchefstroom. Met toestemming gebruik (teks vers 3)

1. Voor U kom ons, u kinders staan -
gered, verlos in Jesus Naam.
U maak ons tot u diens bereid
om U te eer uit dankbaarheid.

2. U wat ons roep, U is getrou.
Ons wil gehoorsaam op U bou.
Regeer ons lewens deur u Gees -
só kan ons waarlik diensbaar wees.

3. Laat, Heer, u seën op hul daal,

u guns uit Sion hul bestraal.
U wat beveel en dit geskied,
wil, Heer, u seën oor hul gebied.

2.1.95 Lied 305 – Aanbiddelike God, drie-enig

Teks: *Zie ons tesaam uw' naam belijden* – Abraham Rutgers 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: *Psalm 118* – Straatsburg 1545 / Genève 1551

1. Aanbiddelike God, drie-enig,
neem aan die dank wat ons U bring.
In liefde is ons hier verenig
u liefde bou ons onderling.
Deur die verbond van u genade
het U ons aan U self verbind
só kan u kinders, troue Vader,
die vastheid van vertrouwe vind.

2. Deur één Verlosser is ons harte
in doop en om die tafel één;
één Gees wil ons in vreug en smarte
sy blydschap skenk en hulp verleen.
Dis één geloof waardeur ons lewe;
één hoop wat ons versterk in stryd;
één liefde wat ons nooit begewe,
wat bly vir tyd en ewigheid.

3. Gee krag, o Heer, aan hierdie lede
waar hulle nou u Naam bely.
Mag hul geloof en hoop en liefde
hul lewe lank dinamies bly.
Laat doen hul, Heer, die goeie werke
deur Christus reeds vir ons berei;
bly inspireer hul met u sterkte
dat hul die lewenskroon verkry.

4. Heer, heilig ons steeds in u waarheid;
dié waarheid maak ons waarlik vry.
U Woord, in sy volkome klaarheid,
gee lig wat op die pad ons lei.
Deur duister nagte, helder dae,
is U die gids van ons geloof;
U rig ons na u welbehae
dat ons beleef wat U beloof.

2.1.96 Lied 309 – My lewe bly aan U gewy

Teks: *Dein, dein soll sein das Herze mein* – Leo Jud 1540; *U zij altijd mijn hart gewijd*
– Roelof Bennink Janssonius 1868; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978

Melodie: *Jour du Seigneur* – Michael Franck en Georg Joseph E17; Pierre Huet 1803

1. My lewe bly aan U gewy,
o Vader van genade!
U rig omhoog my hart en oog
beskerm my teen die kwade.

2. My lewe bly aan U gewy,
o Seun van God, die Vader!
Ons prys u Naam en juig tesaam
waar ook u volk vergader.

3. My lewe bly aan U gewy,
o Gees, so vol ontferming!
Waar ek moet stry, waar ek moet ly -
gee altyd u beskerming.

2.1.97 Lied 310 – Voor U, Heer, bly ek staan

Teks: *Lofsang van Simeon* – Clement Marot 1547; Petrus Dathenus 1566; JD du Toit 1935; JA Loader 2001

Melodie: *Or laisse Creatur* – Loys Bourgeois, Lyon 1549; Genève 1551

1. Voor U, Heer, bly ek staan,
gereed om heen te gaan.
U woord van lank gelede
waaraan ek vas kon hou
en steeds my hoop op bou -
ontsluit die weg na vrede.

2. Nou sien ek reeds u lig,
verlossing kom in sig.
Gee dat die hele aarde
ook hierdie lig sal sien
omdat u volk U dien -
want dis Israel se waarde.

2.1.98 Lied 311 – Dit wat ons hier ontvang het

Teks: *Wenn wir jetzt weitergehen* – Kurt Rommel 1967; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Kurt Rommel 1967 © *Strube Verlag*, München, Duitsland. Met toestemming gebruik (vertaling en melodie)

1. Voorganger: Dit wat ons hier ontvang het

gaan deel ons verder uit.

Gemeente: Dit wat ons hier ontvang het gaan deel ons verder uit.

Voorganger: Ons gee ons hele lewe uit dankbaarheid.

Gemeente: Ons gee ons hele lewe uit dankbaarheid.

2. As ons van hier af gaan, Heer, laat U ons nie alleen.

As ons van hier af gaan, Heer, laat U ons nie alleen.

U het ons reeds belowe, U sal ons seën.

U het ons reeds belowe, U sal ons seën.

2.1.99 Lied 317 – Inkoms en uitgang

Teks: *Ausgang und Eingang* – Joachim Schwartz 1962; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Joachim Schwartz 1962 (Kanon) © *Mechtild Schwartz-Verlag*, Faßberg, Duitsland

(I) Inkoms en uitgang,

(II) aanvang en einde,

(III) soos U bepaal, Heer -

(IV) lei U ons nou verder.

2.1.100 Lied 318 – Ek prys sy grote Naam

Teks: *Lofsang van Maria* – Petrus Dathenus 1566; JD du Toit 1935; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; Andries Breytenbach 2001

Melodie: *O Seigneur, que de gens* (Psalm 3) – Straatsburg 1539; Datheense Psalmboek 1566

1. Ek prys sy grote Naam,

ek sal dit bly beaam:

God gee aan my genade.

Hul sal my salig noem.

Dis tot Gods eer en roem:

Hy heers met wonderdade.

2. Hoogmoediges vergaan;

grootdoeners is verslaan-

die Heer doen hierdie dinge.

Wie ryk is word gestroop;

aan armes gee Hy hoop;

Hy sorg vir die geringe.

3. Hy het sy volk beskerm,

oor Israel Hom ontferm;

Hy hou hul in gedagte.

God bly aan Abram trou,

sy woord het Hy gehou

deur duisende geslagte.

2.1.101 Lied 321 – U het gekom, Immanuel

Teks: Latyn E12; *O come, o come Immanuel* – John Neale 1851 / 1861; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: VENI IMMANUEL – Frankryk E15; Thomas Helmore 1856

1. U het gekom, Immanuel,

u volk verlos, u Israel.

Ons was in sondeslawerny

2. U Christus, spruit van Isai,

kom ons u lig en vrede gee!

U was in Betlehem 'n kind;

U het gekom, U maak ons vry!

die herders het U daar gevind.

Wees bly en juig, o Israel!
God is mét ons: Immanuel!

Wees bly en juig, o Israel!
God is mét ons: Immanuel!

3. U, Vredehors, Immanuel,
U heers oor ons, u Israel.
Ons was in sondeslawerny
nou sal ons ewig by U bly!

Wees bly en juig, o Israel!
God is mét ons: Immanuel!

2.1.102 Lied 323 – Uit droë hout spruit lewe

Teks: Duits, Trier 1587; *Daar is 'n Kind gebore* – Halleluja 1951; *Soos daar reeds lank tevore* – Izak de Villiers 1978; Andries Breytenbach 2001

Melodie: *Es ist ein Ros entsprungen* – E 16; Keulen 1599

1. Uit droë hout spruit lewe,
spruit 'n loot, kom daar groei.
'n Takkie uit ou wortels
word 'n boom, staan in bloei.
'n Nuwe koning kom,
een uit die stam van Isai.
God se Gees rus op Hom.

2. Die Gees van God gee wysheid
dat 'n vors kan regeer.
Die Gees van God gee insig,
maak bekwaam, lei en leer.
Die nuwe koning kom.
Hy sal regverdig oordeel.
God se Gees rus op hom.

2.1.103 Lied 328 – Die Heer, die Koning, kom hierheen

Teks: *er ist die rechte Freudensonn* – Georg Weissel (1623) 1642; Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Paul Ruppel 1955 / 1972 nav *Macht hoch die Tür* (Halle 1704) (Kanon) © *Verlag Singende Gemeinde, Wuppertal, Duitsland*

1. (A) Die Heer, die Koning kom hierheen,
(B) Hy kom sy liefde, guns verleen.
(C) Ons loof u Naam, o Heer.

2. Hy kom, Hy kom, met glans en prag,
laat ons met blydschap Hom verwag.
Ons loof u Naam, o Heer.

3. Hy kom, die Heer wat vrede bring,
laat ons nou juig - met vreugde sing.
Ons loof u Naam, o Heer.

2.1.104 Lied 336 – Dit is die dag deur God geskenk

Teks: *Dies ist der Tag den Gott gemacht* – Christian Gellert 1757; Pieter van de Kastele 1806; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: *Vom Himmel hoch da komm ich her* – Martin Luther 1539

1. Dit is die dag deur God geskenk,
wat elke Christen tans herdenk;
laat heel die skepping hulde bring
en feest'lik Jesus Naam besing!

2. Vol vreugde dink ons aan die dag
deur voorgeslagte lank verwag,
toe God uit liefde sonder peil
sy Seun geskenk het, óns tot heil.

3. U maak die sondaar tot Gods kind;
U word ons broer en troue vriend,
verberg u hoë majesteit,
word mens, word óns tot saligheid.

4. As ek dié wonder wil deurgrond,
verstar my denke, swyg my mond;
ek sien alleen die wonder aan
en bly aanbidgend daarvoor staan.

**5. Roem almal sy geboortedag -
sy lig verdryf die sondenag.
Juig, mensdom, loof u Koning saam,
groot is sy Naam bo elke naam!**

2.1.105 Lied 337 – Loof God, o Christen! Hy is groot

Teks: Nikolaus Herman 1560; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Lobt Gott, ihr Christen alle gleich* – Nikolaus Herman 1554

**1. Loof God, o Christen! Hy is groot
op sy verhewe troon.
Hy het sy hart vir ons ontbloot;
sy liefde ons getoon (x2)**

**2. Die Christus gaan by sondaars tuis,
hul hoor die blye woord.
Die woonplek in die vaderhuis
sal ook aan ons behoort (x2)**

**3. Loof Hom, o Christen! Hy is groot,
vir ewig op die troon!
Hy triomfeer oor graf en dood
en ons sal by Hom woon (x2)**

2.1.106 Lied 339 – Halleluja! Prys die Heer

Teks: *Lof en dank en heerlijkheid* – Herman Bruining, Abraham Rutgers, Rhijnvis Feith 1806; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978

Melodie: *Psalms 150* – Genève 1562

**1. Halleluja! Prys die Heer,
mensdom, bring aan Hom die eer!
Juig, die Woord het mens geword;
só Gods liefde uitgestort.
Vir die mens in skuld verlore
bring Hy heil en heerlijkheid.
Prys en roem sy majesteit.
Juig, die Heiland is gebore!**

**2. Sing en juig in dankbaarheid,
loof die hoogste Majesteit -
Hy wat in die hemel troon,
het hier onder ons kom woon!
Loof Hom, loof met vreugdekore,
sing 'n nuwe jubellied,
juig - die wonder het geskied -
Jesus Christus is gebore!**

2.1.107 Lied 340 – Kom ons loof die Jesuskind

Teks: Gideon Brits 2001

Melodie: GOOD KING WENCESLAS – uit *Piae Cantiones* 1582

**1. Kom ons loof die Jesuskind,
Hy is waarlik Koning.
Ons Verlosser het gekom,
maak by ons sy woning.
Vir ons sondes kom Hy sterf;
so word ons vergewe.
Nou kan ons Hom loof en prys -
Heer so hoog verhewe.**

**2. Tussen doeke lê die Kind,
in 'n krip so need'rig.
Laat ons al die lof en dank,
bring aan Hom vir ewig.
Dit is sy geboortedag,
daarom sing ons: Ere!
Ons sal Hom nou dank en prys -
Heer so hoog verhewe!**

**3. Wyse manne kom van ver;
buig voor Hom die Koning.
Herders bring Hom al die eer;
prys Hom in aanbidding.
Eng'le in die sterrenag
jubel bly in kore.
Laat ons saam 'n loflied sing:
Jesus is gebore.**

2.1.108 Lied 342 – O Jesus, ons Heer, U het ons verbly

Teks: Valentin Thilo 1650; GG Cillié 1951; Attie van der Colf 1978 / 2001 ©
Melodie: *O Jesulein süß, o Jesulein mild* – Keulen 1623; Samuel Scheidt 1650; JS Bach 1736

1. O Jesus, ons Heer, U het ons verbly,
uit boeie kom U ons bevry;
U kom uit heerlik' hemelryk,
en U word aan die mens gelyk
so skenk U, o Heer, genade vir my!

2. O Jesus so rein, o Jesus so goed,
met krip en kruis deur ons begroet.
Waar haat was, kom U liefde gee,
die blye boodskap deel U mee.
So bring U weer rus, Heer,
in ons gemoed.

3. Aan U alle eer, aan U alle dank,
aanbidding, lof, ons lewe lank!
U kom op die bestemde tyd,
kom stig in ons u vrederyk.
Hoe nuut is die lied,
hoe heerlik sy klank!

2.1.109 Lied 343 – Loof die God van ons verlange!

Teks: *Fröhlich soll mein Herze springen* – Paul Gerhardt 1653; J Baumbach 1934;
Izak de Villiers 1978 / 2001 ©
Melodie: *Warum sollt ich mich denn grämen* – Johann Ebeling 1666

1. Loof die God van ons verlange!
Wees verheug, sing met vreug
vrolike gesange!
Soos beloof reeds lank tevore,
laat U, Heer, dit gebeur -
Christus is gebore!

2. Christus, U is my vertroue;
U, die Heer, U kom weer -
U is die getroue.
Hoor ons lof- en dankgebede:
U is Heer, U regeer,
U, die God van vrede.

2.1.110 Lied 346 – Ek kniel ook voor u voete, Heer

Teks: Paul Gerhardt 1653; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©
Melodie: *Ich steh an deiner Krippen hier* – JS Bach 1736

1. Ek kniel ook voor u voete, Heer,
U, Jesus, is my lewe!
Saam met die herders kniel ek neer.
God het my skuld vergewe!
O neem my denke, wil, gevoel;
laat streef my na die hoogste doel -
om tot u eer te lewe!

2. Lank voordat ek op aarde was,
is U vir my gebore.
Voor ek van U 'n woord kon hoor,
was ek reeds uitverkore.
U het die hemelryk verlaat;
U maak my na Gods wyse raad
sy kind - nie meer verlore!

3. In diepe donkerheid en nag
raak ek die pad soms byster.
Stuur, Heer, u Gees; skenk, Heer, u krag
en lei my deur die duister.
U, Son wat deur die wolke breek
en in my hart u lig ontsteek,
verlig my met u luister!

2.1.111 Lied 350 – In die stad van koning Dawid

Tesk: *Once in royal David's city* – Cecil Alexander 1848; Pierre Malan 1989; gewysig 2001

Melodie: IRBY – Henry Gauntlett 1849

1. In die stad van koning Dawid,
in die nederige stal,
in 'n krip lê daar 'n Kindjie,
Koning van die groot heelal.

2. Hy kom woon hier onder mense,
Hy kom red hul van die dood.
Hul wat in Hom glo, Hom aanneem,
dié verlos Hy uit hul nood.

Jesus Christus, God en Heer,
aan U, Koningskind, ons eer.

Jesus Christus, God en Heer,
aan U, Koningskind, ons eer.

3. Eenmaal sal Hy as die Regter
in sy koningsmajesteit
weer verskyn vanuit die hemel,
in volmaakte heerlikheid.

Jesus Christus, God en Heer,
aan U, Koningskind, ons eer.

2.1.112 Lied 352 Hoor die blye tyding

Teks: Duits E19 (?); Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Alle Jahre wieder* – Friedrich Silcher 1789 – 1860

1. Hoor die blye tyding
weer met Kersgety:
Jesus is gebore.
Hy kom maak ons vry.

2. U was daardie kindjie,
need'rig in die krip.
U vergeef ons sonde,
laat ons glo en bid.

3. Met die blye herders
kan ook ons vertel:
U is die Verlosser,
die Immanuel.

2.1.113 Lied 355 – Al was ek nie daar nie

Teks: *Away in a manger* – Philadelphia, VSA 1885; Attie van der Colf 1989 / 2001©

Melodie: CRADLE SONG – William Kirkpatrick 1895

1. Al was ek nie daar nie -
ek weet dit is waar:
die krip en Maria
met die Kindjie by haar.
Dis of ek die engel
die boodskap hoor bring
van Jesus se vrede,
wat harte laat sing.

2. Al was ek nie daar nie -
ek weet dit is só:
Die herders en wyses
het dit eerste geglo.
En deur al die jare
bou Jesus sy kerk -
Die Gees en die Woord
kom geloof in ons werk.

2.1.114 Lied 356 – Ons het gehoor die Hemelheer

Tesk: *Uns wird erzählt von Jesus Christ* – Kurt Rommel 1967; Afrikaanse weergawe Emma Badenhorst 1993 / 2001

Melodie: Kurt Rommel 1967 (Wisselsang) © *Strube Verlag*, München, Duitsland.
Met toestemming gebruik (vertaling en melodie).

1. (I) Ons het gehoor die Hemelheer

2. (I) Laat ons tot eer van Christus sing,

(II) Ons het gehoor die Hemelheer
(I) daal as 'n Kind na ons toe neer.
(II) daal as 'n Kind na ons toe neer.

(II) Laat ons tot eer van Christus sing,
(I) wat ons na God, die Vader, bring.
(II) wat ons na God, die Vader, bring.

(I) Christus, die Here,
(II) vir ons gebore!
Hy maak ons lewe vry.
(I) Christus, die Here,
(II) vir ons gebore!
Loof Hom met harte bly.

(I) Christus, die Here,
(II) vir ons gebore!
Hy maak ons lewe vry.
(I) Christus, die Here,
(II) vir ons gebore!
Loof Hom met harte bly.

2.1.115 Lied 358 – Welkom, o stille nag van vrede

Teks: Koos du Plessis (vers 1 en 2) en Jannie du Toit (vers 3) 1971; 2001
Melodie: SOMERKERSFEES – Koos du Plessis 1971 © *Incline House Music*,
Constantia, Kaapstad. Met toestemming gebruik (teks en melodie).

1. Welkom, o stille nag van vrede,
onder die suiderkruis,
wyl stemme uit die ou verlede
oor sterrevelde ruis.

2. Hoor jy hoe sag die klokke beier
in eeue-oue taal.
Kyk, selfs die nagtelike swye
vertel die ou verhaal.

Kersfees kom, Kersfees kom -
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

Kersfees kom, Kersfees kom -
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

3. Voel jy ook nou sy warm liefde
as ons die dag gedenk,
toe Hy sy Seun aan ons gestuur het -
ons grootste Kersgeskenk.

Christus kom, Christus kom -
gee aan God die eer.
Skenk ons 'n helder Somerkersfees
in hierdie land, o Heer.

2.1.116 Lied 360 – Vanuit die hemel is gebring

Teks: Martin Luther 1535; Halleluja 1951; gewysig Izak de Villiers 1978 / 2001
Melodie: *Von Himmel Hoch da komm ich her* – Martin Luther 1539

1. Vanuit die hemel is gebring
die boodskap waarvan eng'le sing:
Gebore is die Christuskind
wat julle in 'n krip sal vind.

2. God stuur sy Seun op aarde neer
om mens te word, die Hemelheer.
Hy kom ons van ons skuld bevry
en vir sy feesmaal voorberei.

3. Ons loof U, Heer, met hart en mond;
U het gedink aan u verbond.
U gee u Seun en maak ons vry;
ons sing ons dankgesange bly!

2.1.117 Lied 538 – Heer Jesus, U was self 'n kind

Teks: *Ein reines Herz, Herr, schaff in mir* – Heinrich Neuss 1703; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *O Jesu Christe, wahres Licht* – Nürnberg 1676

1. Heer Jesus, U was self 'n kind;
U laat U ook deur kinders vind.
O laat ons nooit u Naam vergeet
óns wat deur U Gods kinders heet.

2. O Here, maak ons harte rein,
beskerm, bewaar ons - ons is klein;
maak ons in liefde sterk en groot,
maak ons getrou tot in die dood.

3. O Heer, U gee u Woord en Gees
om ons tot lig en gids te wees.
Lei U ons veilig op die pad
en bring ons in die nuwe stad.

2.1.118 Lied 539 – Tien meisies, met hul lampe

Teks: Attie van der Colf 2001 ©

Melodie: *Ich freu mich in dem Herren* – Bartholomäus Helder ca 1630

1. Tien meisies, met hul lampe,
wag op die bruidegom.
Vyf meisies was verstandig,
die ander gee nie om.
Die bruidegom kon laat wees -
dit het hul skoon vergeet.
Die vyf met ekstra olie
was vir die wag gereed.

2. Tien meisies, met hul lampe,
word almal later vaak.
Al laer brand die vlamme.
Al tien raak aan die slaap.
Tot middernag, toe, skielik:
"Hier kom die bruidegom!"
Kry reg jul vreugdeligte.
Staan op, verwelkom hom."

3. Tien meisies met hul lampe
wag op die bruidegom.
Vyf meisies was verstandig,
die ander gee nie om.
Tien meisies met hul lampe -
net vyf was voorbereid.
Dié vyf vier vrolik bruilof
saam in Gods Koninkryk.

Matteus 25:1-13

2.1.119 Lied 540 – Onthou jul nog

Teks: Maria Straub (datum onbekend); Halleluja 1931; Attie van der Colf 1984 ©

Melodie: HE LOVES ME TOO – SW Straub (datum onbekend); melodies herstel

Onthou jul nog wie't lank terug
die aarde goed gemaak?
Ons God en Vader wat nooit slaap,
wat altyd oor ons waak.
Vir mossies sorg Hy, dag na dag;
vir lelies in die vlei.
Vir óns het Hy sy Seun gestuur:
hoe lief het Hy vir my!

2.1.120 Lied 541 – Ons bring aan U, Heer Jesus

Teks: Oorsprong onbekend; Halleluja 1903; Halleluja 1931; Jacques Louw 2001 ©
Melodie: James Mountain 1843 – 1933

1. Ons bring aan U, Heer Jesus,
ons lof en dank en eer.
Ons wil U met ons lewe,
terwyl ons jonk is, eer.

Beheer ons hart en lewe,
o Here, deur u Gees.
Laat al ons doen en late
vir U 'n vreugde wees.

2. Ons wil U dien, Heer Jesus,
met ywer en met krag.
Help ons om as u kinders,
te doen wat U verwag.

Beheer ons hart en lewe,
o Here, deur u Gees.
Laat al ons doen en late
vir U 'n vreugde wees.

3. Ons wil U volg, Heer Jesus,
soos wat u Woord ons leer.
Leer ons gehoorsaam lewe,
om U al meer te eer.

Beheer ons hart en lewe,
o Here, deur u Gees.
Laat al ons doen en late
vir U 'n vreugde wees.

2.1.121 Lied 542 – Jesus, ons loof U!

Teks: Attie van der Colf 1978 ©
Melodie: *Schönster Heer Jesu* – Silesië 1842

1. Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U!
Laat ons met eng'le 'n loflied sing -
nie meer verlore; U is gebore!
Ontvang die dank wat ons U bring!

2. Jesus, ons loof U! Jesus, ons prys U!
Neem U ons harte en maak dit rein
dat ons, gelowig, U dien met liefde
ontvang die lof van kinders klein.

2.1.122 Lied 543 – Here Jesus, ek is klein

Teks: Anna Warner 1859; GBA Gerdener 1931; gewysig Attie van der Colf 1978 /
2001 ©
Melodie: JESUS LOVES ME – William Bradbury 1861

1. Here Jesus, ek is klein,
maak U self my lewe rein.
Laat ek altyd van U leer,
laat ek grootword tot u eer.

O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.

2. O Verlosser, maak my sterk;
vlytig om vir U te werk;
laat my tog gehoorsaam bly.
altyd gaan waar U my lei.

O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,
o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.

3. Heiland, laat my nooit vergeet
dat U alles van my weet,
al is niemand ook by my,
sal U, Here, by my bly.

O Jesus, neem my,
o Jesus, lei my,

o Jesus, sterk my
en vorm my tot u eer.

2.1.123 Lied 544 – Soos die voëltjies van die hemel

Teks: Ken Gerber 2001 (vers 1) en Fanie Naudé (vers 2 & 3)

Melodie: *Die Here sorg* – Cecilia van Tonder 2001 ©

1. Soos die voëltjies van die hemel
wat nie ploeg nie, saai of plant;
so ontvang ons elke dag weer
alles uit die Heer se hand.

2. Soos die skape in die weiveld
veilig by hul herder bly,
sorg die Heer, die goeie Herder,
in sy liefde ook vir my.

3. Dis die Heer wat alle lewe
veilig in sy hande hou.
Hy laat leef ons bly en dankbaar,
Hy versorg vir my en jou.

2.1.124 Lied 545 – Jesus kom na Jerusalem toe

Teks: *Jesus zieht in Jerusalem ein* – Gottfried Neubert 1968; Afrikaanse weergawe
Emma Badenhorst 1993 / 2001

Melodie: Gottfried Neubert 1968 (Wisselsang) © *Christophorus-Verlag & Verlag
Ernst Kaufmann*, Duitsland. Met toestemming gebruik (vertaling en melodie).

1. Jesus kom na Jerusalem toe -
sing hosanna!
Baie mense by die fees hoor
Hy kom hiernatoe.

2. Jesus kom na Jerusalem toe -
sing hosanna!
Palmtakke in die hand
gaan hul Hom tegemoet.

(A) Sing hosanna! (B) Sing hosanna!
(A+B) Sing hosanna! Loof die Heer!
(A) Sing hosanna! (B) Sing hosanna!
(A+B) Sing hosanna! Loof die Heer!

(A) Sing hosanna! (B) Sing hosanna!
(A+B) Sing hosanna! Loof die Heer!
(A) Sing hosanna! (B) Sing hosanna!
(A+B) Sing hosanna! Loof die Heer!

3. Jesus kom na Jerusalem toe -
sing hosanna!
Op 'n donkie ry die Heer
terwyl die mense roep:

(A) Sing hosanna! (B) Sing hosanna!
(A+B) Sing hosanna! Loof die Heer!
(A) Sing hosanna! (B) Sing hosanna!
(A+B) Sing hosanna! Loof die Heer!

Matteus 21:1-11

2.1.125 Lied 546 – 'n Man was van Jerusalem

Teks: Britt Hallqvist in *ein Mann ging von Jerusalem* – Lob und Singt 1987;
Afrikaanse weergawe Emma Badenhorst 1993 / 2001.

Melodie: Bo Ramviken 1978 © Onbekend

1. 'n Man was van Jerusalem na
Jerigo op pad.
Die rowers het hom aangeval
en al sy goed gevat.

2. 'n Priester het daarlangs gekom,
maar net verbygegaan.
Ook die Leviet het hom sien lê
en in sy pyn laat staan.

3. Maar toe het daar 'n vreemdeling

4. Hy neem hom na die herberg toe

uit jammerte gestop.
Sy woude is toe skoon gewas en
kry ook olie op.

5. Nou wie van hierdie drie, dink jy,
het naastediens verstaan?
Die priester en Leviet het nie,
net die Samaritaan.

en haal twee munte uit.
Wanneer hy later weer daar kom,
betaal hy elke duit.

6. Het jy die storie mooi verstaan?
Wil jy vir Jesus dien?
Dan moet jy elke mens om jou ook
as jou naaste sien.

Lukas 10:30-37

2.1.126 Lied 547 – Alle volke, klap jul hande

Teks: Braam Hanekom 1993

Melodie: HANEKOM – Braam Hanekom 1993 (ritmies aangepas)

1. Alle volke, klap jul hande:
Juig tot eer van God.
Verhef jul stem en roem sy Naam
in elke stad op aarde!

Sing en sing en sing dan saam;
loof en prys sy grote Naam,
want Hy is ewig Koning
in die hemel en op aarde!
Sing en sing en sing dan saam;
loof en prys sy grote Naam,
want die Hemelkoning
skenk ons sy genade!

2. Hy is ewig Koning
in die hemel en op aarde!
Die volke kniel, die nasies juig
oor al sy skeppingsdade.

Sing en sing en sing dan saam;
loof en prys sy grote Naam,
want Hy is ewig Koning
in die hemel en op aarde!
Sing en sing en sing dan saam;
loof en prys sy grote Naam,
want die Hemelkoning
skenk ons sy genade!

3. Ons gaan in sy woning in,
Hy roep ons almal saam;
die skare juig en horings blaas,
ons almal roem sy Naam!

Sing en sing en sing dan saam;
loof en prys sy grote Naam,
want Hy is ewig Koning
in die hemel en op aarde!
Sing en sing en sing dan saam;
loof en prys sy grote Naam,
want die Hemelkoning
skenk ons sy genade!

2.1.127 Lied 549 – Daar's vissies in die water

Teks: J Jacobs (datum onbekend)

Melodie: A van der Merwe (datum onbekend)

Daar's vissies in die water,
kyk hoe swem hul rond;
daar's voëltjies in die lug
en daar's diere op die grond;
daar's blomme in die velde,
daar's riete in die vlei.
Wie sou dit al's gemaak het?
Die Here, ja, dis Hy!

2.1.128 Lied 550 – Twee ogies om Gods werk te sien

Teks: CC Kerr; Afrikaanse weergawe Attie van der Colf 1984

Melodie: TWO LITTLE EYES – CC Kerr © *Evertune Publishing*, USA. Met toestemming gebruik (teks in hierdie vertaling en melodie).

Twee ogies om Gods werk te sien;
twee handjies om die Heer te dien;
twee oortjies om sy Woord op te vang;
twee lippies wat Hom loof met sang;
twee voetjies moet sy pad betree
met één hartjie om aan Hom te gee.

2.1.129 Lied 552 – Liewe Vader, ek sê dankie

Teks: Duits E20; Emma Badenhorst 1993 / 2001

Melodie: Oorsprong onbekend (Duits)

Twee ogies om Gods werk te sien;
twee handjies om die Heer te dien;
twee oortjies om sy Woord op te vang;
twee lippies wat Hom loof met sang;
twee voetjies moet sy pad betree
met één hartjie om aan Hom te gee.

2.1.130 Lied 553 – Ek is bly ek ken vir Jesus

Teks: Elizabeth Fourie 1992

Melodie: ELIZABETH – Elizabeth Fourie 1992 © *EF Musiek*, Wilropark, Suid-Afrika. Testemming vir gebruik (teks en melodie).

Ek is bly ek ken vir Jesus,
ek is bly ek is sy kind.
En ek bly my hele lewe
aan die Here vasgebind.
Ek is bly ek het 'n Bybel
dat ek elke dag kan lees -
Kinders van die Here)
het niks om voor bang te wees. (2x)

2.1.131 My God is so groot

My God is so groot, so sterk en so magtig
daar's niks wat my God nie kan doen!
My God is so groot, so sterk en so magtig
daar's niks wat my God nie kan doen!
Die berge maak Hy,
die riviere daarby,
die see en alles daarin.
My God is so groot, so sterk en so magtig
daar's niks wat my God nie kan doen!

2.1.132 Loof Hom met die tromme

Teks: verwerk en aagevul deur A.P. van der Colf

Melodie: Tradisioneel © (teks): *Loof en Sing*, C.U.M. –Boeke

Loof Hom met die tromme, loof Hom met die harp,
loof Hom met die klinkende simbale.
Alles wat asem het loof, loof die Here.

Alles wat asem het loof, loof die Heer.
Prys Hom met jul stemme, prys Hom uit die hart,
prys Hom in die hemel en op aarde.
Alles wat asem het, loof, loof die Here.
Alles wat asem het, loof, loof die Heer.

2.1.133 Dit borrel in my

Dit borrel in my want ek is so bly,
Jesus het my lief.
Vir my't Hy gesterf en gered van verderf
Ja, Jesus het my lief

Dit borrel in my want ek is so bly,
Jesus maak my lewe vry.
Hy neem weg my sondeskuld,
dit borrel, dit borrel, dit borrel, dit borrel,
dit borrel, dit borrel in my, in my.
Dit borrel, dit borrel, dit borrel, dit borrel,
dit borrel, dit borrel in my.

2.1.134 Lees jou Bybel

Lees jou Bybel, bid elke dag, bid elke dag, bid elke dag.
Lees jou Bybel, bid elke dag,
want dit gee jou krag.
Want dit gee jou krag,
want dit gee jou krag.
Lees jou Bybel, bid elke dag,
want dit gee jou krag.

2.1.135 Die wyse man

Die wyse man
Die wyse man bou sy huis op die rots,
die wyse man bou sy huis op die rots,
die wyse man bou sy huis op die rots,
en die reën kom stromend neer.
Die reën die val en die water styg,
die reën die val en die water styg,
die reën die val en de water styg,
maar die huis op die rots staan vas!

Die dwase man bou sy huis op die sand,
die dwase man bou sy huis op die sand,
die dwase man bou sy huis op die sand,
en die reën kom stromend neer.
Die reën die val en die water styg,
die reën die val en die water styg,
die reën die val en de water styg,
en die huis op die sand val neer

2.1.136 F57 – Oorwinningslied

Teks: *Battle Hymn of the Republic* – Julia Ward Howe 1861; Piet Smit 1994 © MAR
Gospel Music Publishers
Melodie: William Steffe, 1856

1. Ek sien in my gees die glorie en die 2. Die Here is ons Vesting wat vir altyd

almag van die Heer
 Die Allerhoogste wat in liefde oor sy
 Koninkryk regeer
 Hy't belowe aan die einde op die wolke
 kom Hy weer
 Hy is Koning, Hy regeer!

Refrein:
 Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
 Hy is Koning, Hy regeer!

sal bly staan
 Hy beskerm elke mens wat in geloof na
 Hom toe gaan
 Hy's ons skuiling, Hy's ons wapen,
 Hy het die vyand reeds verslaan
 Hy is die Rots wat ewig staan

Refrein:
 Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
 Hy's die Rots wat ewig staan!

3. Kom deel nou in ons loflied, hef jou hande op na bo
 Blaas basuine, slaan op tromme en kom dans voor God se oë
 Kom leef in die oorwinning van sy Woord waarin ons glo
 Want sy Woord sal ewig staan

Refrein:
 Loof Hom, prys Hom! Halleluja!
 Want sy Woord sal ewig staan.

Besluit: Punte 2.1.1 tot 2.1.136 goedgekeur.

Decision: Points 2.1.1 to 2.1.136 approved.

2.2 <i>Die volgende liedere word nie vir gebruik in die kerke aanbeveel nie</i>	2.2 <i>The following songs are not recommended to the churches</i>
2.2.1 <u>Lied 153</u> : Die lied is oop vir dogmatiese meerduidigheid in vers 1 (“... kom tog nader...”), vers 2 (“... volg U deur bekering...”).	2.2.1 <u>Song 153</u> : The song is open to dogmatic ambiguity in verse 1 (“...kom tog nader...”), verse 2 (“...volg U deur bekering...”).
2.2.2 <u>Lied 158</u> : Die lied is oop vir dogmatiese meerduidigheid in die gebruik van die woord “woning”.	2.2.2 <u>Song 158</u> : The song is open to dogmatic ambiguity in terms of the word “woning”.
2.2.3 <u>Lied 164</u> : Die versugting: “laat ons u kinders wees” is oop vir dogmatiese meerduidigheid.	2.2.3 <u>Song 164</u> : The wish “laat ons u kinders wees” is open to dogmatic ambiguity.
2.2.4 <u>Lied 165</u> : Die gebruik van die woord “kerk” in die lied is oop vir dogmatiese meerduidigheid.	2.2.4 <u>Song 165</u> : The way the word “kerk” appears in the song is open to dogmatic ambiguity.
2.2.5 <u>Lied 166</u> : Die vierde herhaling dat “die Gees in ons harte kom” klink Armeniaans. Dit is hier asof die Gees nie kan kom sonder ons wil of toestemming nie.	2.2.5 <u>Song 166</u> : The fourth repetition of “die Gees in ons harte kom” sounds Armenian, as though the Spirit cannot come without our will or assent.
2.2.6 <u>Lied 192</u> : Gó d word nie in die lied aanbid nie, maar sy “Skepperhand”.	2.2.6 <u>Song 192</u> : It is not God that is worshipped in the song, but his “Skepperhand”.
2.2.7 <u>Lied 193</u> : Letterkundig kom daar rymdwang in die lied voor en die metafoor: “... werp dit in die see” is vreemd aan die Skrif.	2.2.7 <u>Song 193</u> : Literarily speaking the rhyming is sometimes forced and the metaphor “...werp dit in die see” is alien to Scripture.
2.2.8 <u>Lied 205</u> : Die verwysing na versoening is oop vir dogmatiese meerduidigheid.	2.2.8 <u>Song 205</u> : The reference to reconciliation is open to dogmatic ambiguity.
2.2.9 <u>Lied 208</u> : Die woorde in vers 3: “... ek bly ‘n arme bedelaar” is nie waar nie. Ons word deur Christus kinders van God – die Vader ag sy kinders hoog.	2.2.9 <u>Song 208</u> : The phrase in verse 3 “...ek bly ‘n arme bedelaar” is incorrect. We become children of God through Christ – his children are very important

	Hulle bid nie as bedelaars nie, maar as priesters.		to the Father. They do not pray as beggars, but as priests.
2.2.10	<u>Lied 211</u> : Die volle openbaring van die Drie-eenheid kom nie in hierdie lied tot sy reg nie en dit is gevolglik oop vir dogmatiese meerduidigheid.	2.2.10	<u>Song 211</u> : The full revelation of the Trinity is not done due justice in this song and is thus open to dogmatic ambiguity.
2.2.11	<u>Lied 212</u> : Die Afrikaans in die lied is nie die korrekte vertaling van die Latyn nie.	2.2.11	<u>Song 212</u> : The Latin in the song has not been correctly translated into Afrikaans.
2.2.12	<u>Lied 214</u> : Daar word nie noukeurig genoeg in die lied met die openbaring van die Drie-eenheid omgegaan nie en is die lied gevolglik oop vir dogmatiese meerduidigheid.	2.2.12	<u>Song 214</u> : Adequate care has not been taken with the revelation of the Trinity and the song is, therefore, open to dogmatic ambiguity.
2.2.13	<u>Lied 215</u> : Alhoewel daar pogings van Attie van der Colf was om die lied van sy metodisme te suiwer, is daar tog nog spore daarvan (vgl veral vers 3; vgl HG van der Westhuizen, Gewyde erfenis – ons kerklied).	2.2.13	<u>Song 215</u> : Although Attie van der Colf attempted to rid the song of its Methodist traits, some traces still remain (cf. especially verse 3; cf. HG van der Westhuizen, Gewyde erfenis – ons kerklied).
2.2.14	<u>Lied 216</u> : Die lied volg nie die volle openbaringslyn nie en word daarom nie aanbeveel nie.	2.2.14	<u>Song 216</u> : The song does not follow the complete revelatory sequence and can thus not be recommended.
2.2.15	<u>Lied 217</u> : Op musikologiese gronde word die lied nie vir gemeentesang aanbeveel nie.	2.2.15	<u>Song 217</u> : The song is not recommended for church singing on musicological grounds.
2.2.16	<u>Lied 225</u> : Aanbidding in hierdie lied is nie trinitaries nie en die volle spektrum van die Godsopenbaring skiet te kort in die lied.	2.2.16	<u>Song 225</u> : The worshipping in this song is not Trinitarian and the full spectrum of divine revelation is inadequate.
2.2.17	<u>Lied 230</u> : 'n Eensydige fokus op Jesus en 'n gebrekkige openbaringslyn veroorsaak dat die lied nie binne die beginselraamwerk aanbeveel kan word nie.	2.2.17	<u>Song 230</u> : A one-sided focus on Jesus and inadequate revelatory sequence keeps the song from being recommended according to the principle framework.
2.2.18	<u>Lied 232</u> : Attribute van God kan nie tot God verhef word of as aanspreekvorm vir God gebruik word nie.	2.2.18	<u>Song 232</u> : Attributes of God cannot be placed on par with God or be a form of address for God.
2.2.19	<u>Lied 234</u> : Die volle uitwerking van die sonde, dat dit dood maak – word nie in die lied uitgewys nie. Sonde maak nie net blind nie.	2.2.19	<u>Song 234</u> : The full consequence of sin, i.e. death, is not pointed out in the song. Sin does not only make blind.
2.2.20	<u>Lied 238</u> : 'n Attribuuat van God word verhef tot 'n aanspreekvorm van God.	2.2.20	<u>Song 238</u> : An attribute of God is elevated to form of address for God.
2.2.21	<u>Lied 240</u> : Die verlossingswerk word verskraal – die volle openbaring van die verlossingswerk kom nie na vore nie.	2.2.21	<u>Song 240</u> : Redemption is watered down – the full revelation of redemption does not come to the fore.
2.2.22	<u>Lied 244</u> : Die verlossingswerk van die Here Jesus word verskraal tot 'n blote handreiking terwyl sy verlossingswerk baie méér as 'n hand-	2.2.22	<u>Song 244</u> : The redemptive work of the Lord Jesus is reduced to a mere reaching out of the hand, while it encompasses a great deal more.

	reiking omvat.		
2.2.23	<u>Lied 252</u> : Die bewoording van vers 1, reël 4 (“kruisig deur die leuen”) is oop vir wanverstaan en dogmatiese meerduidigheid.	2.2.23	<u>Song 252</u> : The wording of verse 1, line 4 (“kruisig deur die leuen”) is open to misunderstanding and dogmatic ambiguity.
2.2.24	<u>Lied 256</u> : Dogmaties is daar in die lied ‘n eensydige fokus op Christus terwyl ons bely (Nicéa) dat dit die Heilige Gees is wat Here is en lewend maak (vgl vers 2, reël 4).	2.2.24	<u>Song 256</u> : The song is one-sided in focus on Christ, in the dogmatic sense, while we confess (Nicéa) the Holy Spirit as Lord who gives life (cf. verse 2, line 4).
2.2.25	<u>Lied 270</u> : ‘n Attribuuat van God word aanbid en nie God self nie.	2.2.25	<u>Song 270</u> : An attribute of God is worshipped, not God.
2.2.26	<u>Lied 271</u> : Die belydenis dat Jesus vir die gelowige ‘n Wet is, is nie Skrifgetrou nie (vers 1, reël 8).	2.2.26	<u>Song 271</u> : The confession that Jesus is a Law to the believer is not true to Scripture (verse 1, line 8).
2.2.27	<u>Lied 280</u> : Daar is meerduidigheid in die lied en die lied vorm nie ‘n sinvolle geheel met ‘n deurlopende tema nie. Dit is onsamehangend en onduidelik. Letterkundig voldoen dit ook nie aan die beginselraamwerk se vereistes nie.	2.2.27	<u>Song 280</u> : The song contains certain ambiguities and does not form a meaningful whole with a specific theme. It is incohesive and unclear. It does not comply with the literary requirements of the principle framework either.
2.2.28	<u>Lied 282</u> : Die lied dra nie die Bybelse beginsel van land oor nie. Land word gegee om God mee te dien. Die fokus van die lied is nie getrou aan die Bybelse openbaring oor land / grond nie.	2.2.28	<u>Song 282</u> : The song does not convey the Biblical principle of land. Land is given to serve God. The focus of the song is not true to the Biblical revelation on land.
2.2.29	<u>Lied 287</u> : As gevolg van nuanse-verskille wat daar in “ontmoet” lê, en wat dogmatiese meerduidigheid tot gevolg het, word die lied nie aanbeveel nie.	2.2.29	<u>Song 287</u> : The song is not recommended, due to the nuance differences of “ontmoet” and this creates dogmatic ambiguity.
2.2.30	<u>Lied 296</u> : Die lied dra ‘n boodskap waarin die Nagmaal verskraal word en ook nie ‘n Skrifgetroue Gods-begrip van Jesus openbaar nie.	2.2.30	<u>Song 296</u> : The message of the song devalues the Lord’s Supper and does not reflect a Scripturally sound Godly concept of Jesus.
2.2.31	<u>Lied 298</u> : Musikologies word die lied nie vir gemeentesang aanbeveel nie.	2.2.31	<u>Song 298</u> : The song is not recommended for on musicological grounds.
2.2.32	<u>Lied 299</u> : Die volle Skrifopenbaring van Christus se lyding, sterwe en <u>opstanding</u> is afwesig in die lied en daarom word dit nie aanbeveel nie.	2.2.32	<u>Song 299</u> : The full Scriptural revelation of Christ’s suffering, death and <u>resurrection</u> is absent and for this reason the song is not recommended.
2.2.33	<u>Lied 301</u> : Die Skrifopenbaring oor die Nagmaal, as ‘n maaltyd van Christus, word nie in die lied kommunikeer nie.	2.2.33	<u>Song 301</u> : The Scriptural revelation of the Lord’s Supper, as meal of Christ, is not communicated in the song.
2.2.34	<u>Lied 307</u> : Die verwysing na die Heilige Gees as ‘n “krag” in “twee kragte voer in my ‘n stryd” dra ‘n verkeerde beskouing van die Heilige Gees oor.	2.2.34	<u>Song 307</u> : The reference to the Holy Spirit as a “krag” in “twee kragte voer in my ‘n stryd” conveys an erroneous image of the Holy Spirit.
2.2.35	<u>Lied 316</u> : Daar is nie balans in die	2.2.35	<u>Song 316</u> : There is no balance

	verhouding tussen indikatief en imperatief in die lied nie.		between the indicative and imperative in the song.
2.2.36	<u>Lied 320</u> : Die aanspreekvorm: “Dag wat breek” as verwysing na Christus is vreemd aan die Skrifopenbaring. Die lied dra ook geen indikatief nie en God se inisiërende werk word nie verkondig nie.	2.2.36	<u>Song 320</u> : Referring to Christ as “Dag wat breek” is alien to Scriptural revelation. The song does not contain any indicative and God’s initiating work is not proclaimed.
2.2.37	<u>Lied 322</u> : Vers 3, reël 1 dra dogmatiese meerduidigheid.	2.2.37	<u>Song 322</u> : Verse 3 line 1 is dogmatically ambiguous.
2.2.38	<u>Lied 325</u> : As gevolg van ondertone van heilsuniversalisme word die lied nie aanbeveel nie.	2.2.38	<u>Song 325</u> : The song is not recommended due to the undertones of universal salvation.
2.2.39	<u>Lied 326</u> : Attribute van God word verhef en as gevolg van dogmatiese oneffenhede word die lied nie aanbeveel vir gebruik nie.	2.2.39	<u>Song 326</u> : The song is not recommended due to the elevation of attributes of God and the dogmatic irregularities.
2.2.40	<u>Lied 331</u> : Musikologies – binne die beginselraamwerk – word die lied nie vir gemeentesang aanbeveel nie.	2.2.40	<u>Song 331</u> : The song is not recommended on musicological grounds, judged against the principle framework.
2.2.41	<u>Lied 332</u> : Liefde wek nie geloof nie. Geloof word gewek deur die Heilige Gees deur die verkondiging van die Evangelie.	2.2.41	<u>Song 332</u> : Love does not awaken faith. Faith is awakened by the Holy Spirit, through the proclaiming of the Gospel.
2.2.42	<u>Lied 333</u> : Die lied is nie liturgies bruikbaar nie en vul nie ‘n spesifieke leemte volgens die vereistes van die beginselraamwerk nie.	2.2.42	<u>Song 333</u> : The song is not suitable for liturgical use and does not fill a specific lack, according to the requirements of the principle framework.
2.2.43	<u>Lied 347</u> : Die ondertone van Deïsme in die lied ontken die alomteenwoordigheid van God.	2.2.43	<u>Song 347</u> : The undertones of Deism in the song refute the omnipresence of God.
2.2.44	<u>Lied 351</u> : Jesus openbaar (Matt 28) dat alle mag en gesag in hemel en op aarde aan Hom gegee is. Hy is nie “Heerser sonder mag” nie.	2.2.44	<u>Song 351</u> : Jesus reveals (Matt 28) that all power and authority has been given him on heaven and earth. He is not “Heerser sonder mag”.
2.2.45	<u>Lied 357</u> : Rondom die menswording van die Here Jesus en sy twee nature is daar dogmatiese meerduidigheid.	2.2.45	<u>Song 357</u> : The becoming flesh of the Lord Jesus and his two natures are dogmatically ambiguous in this song.
2.2.46	<u>Lied 548</u> : Die openbaring oor sonde en sondevergifnis in vers 3 strook nie met die volle Skrifopenbaring oor sonde en sondevergifnis nie.	2.2.46	<u>Song 548</u> : The revelation on sin and forgiveness in verse 3 does not conform to the full Scriptural revelation on sin and forgiveness.
2.2.47	<u>Lied 551</u> : Vers 3 is dogmaties nie houdbaar nie. Daar is nie balans tussen indikatief en imperatief nie en die lied is gevolglik oop vir misverstaan.	2.2.47	<u>Song 551</u> : Verse 3 is not dogmatically sound. There is no balance between the indicative and imperative and the song is thus open to misconception.
2.3	Die te benoemde Deputate ontvang opdrag om die beginselraamwerk verder te verfyn sodat soveel moontlik liedere binne hulle musiek- en taalregisters en onderskeie genres effek-	2.3	The appointed Deputies are to further refine the principle framework that as many songs as possible may be evaluated within their music and language registers and different genres

<p>tief beoordeel kan word.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>2.4 Die te benoemde Deputate ontvang opdrag om lidmate te nooi om liedere vir gebruik deur veral voorskoolse kinders voor te lê wat die volle openbaring in die Skrif op bevatlike wyse in die gepaste musiek- en taalregister aan die kinders kommunikeer.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>2.5 Die te benoemde Deputate ontvang opdrag om in samewerking met Jeug- en Katkisasiedeputate die moontlike uitgee van 'n eie bundel liedere vir jongmense (voorskools) te ondersoek en so 'n moontlike bundel aan die volgende Sinode voor te lê. Die te benoemde Deputate vir Liturgiese Sake (subgroep Afrikaanse liedere) hanteer die samestelling van die bundel en die kontrolering van drukproewe.</p> <p>Besluit: Afgekeur.</p>	<p>effectively.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>2.4 The appointed Deputies are to invite members to offer songs that communicate the full revelation of Scripture in a suitable manner and music and language registers to children, especially those of preschool age.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>2.5 The appointed Deputies are to explore, in cooperation with Deputies Youth Care and Catechism, the possible publication of a songbook for children (preschool) and possibly table such a book to the next Synod. Herein the Deputies Liturgical Affairs (sub-group Afrikaans songs) are to oversee the compilation of the book and the proofing of printing proofs.</p> <p>Decision: Rejected.</p>
--	--

E. AANVULLENDE RAPPORT / SUPPLEMENTARY REPORT

<p>1. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>1.1 <i>Opdrag:</i> Acta 2015:2.4.</p> <p>1.2 Sedert die Rapport vir die Agenda in Junie 2017 ingedien is, het die Deputate</p> <p>1.2.1 al die liedere in die Liedboek van die Kerk wat tot op daardie stadium nie beoordeel is nie, beoordeel en maak die Deputate met hierdie Aanvullende Rapport aanbevelings oor die laaste liedere uit die Liedboek van die Kerk;</p> <p>1.2.2 twee nuwe Skrifgetroue liedere uit eie geleedere ontvang vir beoordeling aan die hand van die Beginselraamwerk.</p> <p>1.3 Die beryming van Deuteronomium 32 is afgehandel nadat Sinode 2015 die beryming reeds in beginsel goedgekeur het, maar opdrag gegee het dat die beryming letterkundig verfyn moet word. Dié beryming (in sy finale vorm) sien soos volg daaruit:</p>	<p>1. Matters that the Synod take note of</p> <p>1.1 <i>Mandate:</i> Acta 2015:2.4</p> <p>1.2 Since the Report for the Agenda in June 2017 was submitted, the Deputies</p> <p>1.2.1 evaluated all the songs in the songbook of the church that remained unassessed and offer recommendations in this Supplementary Report over the remaining songs in the Song-book of the Church; and</p> <p>1.2.2 received two new Scripturally faithful songs from among the churches for evaluation according to the Principle framework.</p> <p>1.3 The versification of Deuteronomy 32 has been completed after Synod 2015 approved the versification in principle, but referred it back for linguistic refinement. This versification (in its final form) is as follows:</p>
--	--

DIE LIED VAN MOSES

Teks: GK Schuring

Melodie: *Le foi maling en son ceur dit et croit* (Psalm 53) – Guillaume Franc, Lausanne 1565; melodies aangepas HPA Coetzee 1976

INLEIDING

Ellende 1 *Die volk van God is voor die hof gedaag,
want hul het voor 'n vreemde god gaan buig.
O hemel hoor en aarde luister skerp
na elke woord wat ek vandag getuig.*

Verlossing 2 *My leer, o oudstes, is soos goeie reën,
my woorde is soos wydverspreide dou;
soos winterstorms wat gras vir vee laat groei,
soos somerdou wat blare oop laat vou.*

Dankbaarheid 3 *Die volk se Regter gaan nou binnekom
en luid sê Moses, dienaar van die hof:
Ek kondig aan die HEER se Naam, sy mag,
vereer die grootheid van ons God met lof!*

EERSTE HOFSAAK

Regter 4 *Die Rots – volmaak is alles wat Hy doen,
regmatig is die pad wat Hy betree.
Hy is betroubaar, goed, regverdig, wys
en onpartydig as Hy uitspraak gee.*

Israel 5 *Maar al die mense hier is vol gebrek,
geen egte seuns is hul, die krom geslag.
Is dit hoe jul die Skepper-Vader eer
deur dwaas, onwys, jul Maker te verag?*

Weldade 6 *Onthou die dae nou al lank verby,
besin oor jare t'rug se woord en daad.
Jou vader kan jou daarvan meer vertel
en grysaards kan ook met jou daaroor praat.*

7 *Toe God die nasies hulle erfdeel gee,
vir elke volk sy plek en grens bepaal,
het Hy aan Israel, sy eie volk,
'n deel gegee waaruit sy liefde straal.*

8 *Toe Hy hom vind in woeste wildernis,
'n land waar wolf en jakkals huil tot laat,
toe het Hy hom met troue sorg omring,
as appel van sy oog beskerm teen kwaad.*

9 *Net soos 'n arend oor sy kleintjies sweef,
hul op sy vleuels vang en boontoe dra,
so het alleen die HERE hom gelei;
geen vreemde god was by, geen hulp gevra.*

10 *Oor elke slagveld het Hy hom laat ry
en hom 'n land vol vrugte laat betree;
ook heuning uit 'n skeur in harde rots*

en olie van olyf aan hom gegee.

- 11 *Hy't botter, melk en skaapvleis hom geskenk,
en vee uit Basan, almal vet en blink,
die allerbeste koring op die land,
jou sap van druiwe, goeie wyn, laat drink.*

Misdade

- 12 *Toe het Jesurun moddervet geword,
hom liefdeloos aan God se diens onttrek.
Sy God verwerp, sy Rots van heil verag,
met vreemde god sy woede opgewek.*
13. *Aan duiwels het hul offers aangebied,
aan 'n nie-god hul dank en lof betuig,
Jy het jou Rots wat lewe skenk vergeet,
en voor jou Skepper-God nie neergebuig.*

Ellende

- 14 *Toe God dit sien het Hy uit ergernis
sy kinders weggewerp en ook verklaar:
Ek draai My weg en trek my sorg terug!
en Ek sal sien hoe hulle dan sal vaar.*

**Regspraak:
regverdig
en ...**

- 15 *Want hulle is ontrou, 'n dwars geslag
wat My getart het deur nie-God te eer.
Met nie-volk sal ek hulle almal tart,
'n dwase nasie sal hul gou verteer.*
- 16 *My toorn, 'n vlamme gloed, is aangesteek,
dit brand tot onder in die doderyk,
die opbrengs van die land word snel verteer,
selfs vaste berge, hemelhoog, beswyk.*
- 17 *Ek stort my toorn en onheil oor hul uit,
my pyle tref hul almal in hul gang:
'n pyl van hongersnood, 'n pyl van pes,
'n wrede dier, 'n dodelike slang.*
- 18 *My swaard so skerp, maak buite almal dood,
verskrik, beangs vir dié wat binne is,
vir jongman, jongvrou, suigling, grys en oud,
na reg sou Ek hul almal uit moes wis.*

barmhartig

- 19 *Maar sommiges van hul sal Ek bewaar,
want anders sal die vyand spog en lag:
Ons hand en krag het Israel verslaan
en nié die HEER van Jakob se geslag.*

TWEDE HOFSAAK

**Die nasie
en Israel**

- 20 *Die nasie wat so spog, beplan verniet,
het geen verstand, is insigloos en dwaas.
Was hulle wys, dan sou hul dit verstaan,
dat hoogmoed hulle eie dood verhaas.*

Weldade

- 21 *Kan een 'n mag van duisend man laat vlug
as Isr'el nie verkoop was deur hul HEER?*

*Ons Rots, nie hulle rots, beheer die stryd,
hul regters kan die feite kontroleer.*

- Misdade** 22 *Hul stam van Sodoms bouse wynstok af,
Gomorras wingerd voed hul drang en drif;
hul druiwetros is bitterder as gal,
die wyn wat hulle skink is addergif.*
- Regspraak** 23 *Bewys van elke bouse, wrede daad
sal Ek getrou in my argief bewaar.
Aan My alleen kom toe die dag van wraak;
hul val kom gou, die swaard wat straf staan klaar.*
- Verlossing** 24 *Let op hoe God sy volk se saak hanteer:
Hy gaan nou gou sy dienaars self bevry,
want Hy't gesien hul krag is weg, gedaan,
en dat daar niemand is wat hulle lei.*
- Regspraak** 25 *God vra: waar is hul rots van skuiling nou,
aan wie hul vet en wyn as offers wy?
Laat hulle nou hier opstaan en jul help,
en jul beskerm en van my toorn bevry!*
- 26 *Besef tog: Ek is God, ja, Ek alleen!
Daar is geen ander god naas My, geeneen!
Slegs Ek maak dood, net Ek bepaal wie leef;
net Ek verskeur, slegs Ek genees en sêen!*
- 27 *Ek hef my hand ten hemel op en sweer:
Sowaar as Ek vir altyd, ewig leef,
My swaard wat flits gaan Ek weer vlymskerp maak
en so my haters vir my wraak laat beef.*
- 28 *Ek maak my pyle dronk met hulle bloed
en laat my swaard hul heeltemal verslind;
die bloed van dié wat op die slagveld val,
die kop van woeste held en satanskind.*

SLOT

- Dankbaarheid** 29 *O nasies, juig en jubel met sy volk,
Hy sal die bloed van al sy dienaars wreek,
sy wraak sal al die vyande verslaan
en land en volk versoen, het Hy gespreek.*

DEUTERONOMIUM 31:28-32:43

<p>1.4 'n Beryming van 1 Kronieke 29:11-13 is deur die Deputate met kommentaar terugverwys na die berymer. Terugvoer is nog nie weer ontvang nie en die Deputate wat weer aangewys sal word, moet die beryming saam met sr Martiz verfyn.</p>	<p>1.4 The Deputies referred a versification of 1 Chronicles 29:11-13 back to the versifier, with comments. No feedback has been received to date and the Deputies to be reappointed will have to refine the versification with the aid of Si Martiz.</p>
<p>1.5 Twee Skrifgetroue liedere (Gebed by die Nagmaal en Nuwe-Testamentiese</p>	<p>1.5 Two Scripturally faithful songs (prayer at the Lord's Supper and New Testament</p>

<p>Psalm) is ook na die berymer terugverwys met kommentaar. Terugvoer is ook nog nie ontvang nie, en word na die volgende Deputategroep oorgedra.</p> <p>1.6 Ná die beoordeling van die liedere uit die Liedboek van die Kerk, het die Deputate opgemerk dat daar in die liedereskat van die GKSA veral 'n gebrek aan Hemelvaarts- en Pinksterliedere en/of Skrifberymings is.</p> <p>2. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>2.1 Errata in die Eerste Rapport van die Agenda (art 2.1.129): In art 2.1.129 het die Deputate rapporteer oor die gebruik van Lied 552. Die woorde wat hiér afgedruk is, is egter dié van Lied 550 waaroor in art 2.1.128 rapporteer is. Lied 552 is volgens die Beginselraamwerk getoets en word by die Sinode vir gebruik in die kerke aanbeveel. Die woorde van Lied 552 is soos volg:</p>	<p>Psalm) were also referred back to the versifier with comments. Feedback is awaited and the next Deputies are to do follow up.</p> <p>1.6 The evaluation of songs, from the Songbook of the Church, made the Deputies notice the song collection of the GKSA lacks Ascension, Pentecost and/or Scriptural hymns.</p> <p>2. Matters that the Synod decide on</p> <p>2.1 Errata in the First Report of the Agenda (art 2.1.129): In art 2.1.129 the Deputies reported on the use of Song 552. The lyrics printed in this Report are, however, the correct lyrics of Song 550 about which art 2.1.128 reported. Song 552 was tested against the Principle framework and will be recommended to the Synod for use in churches. The lyrics of Song 552 is as follows:</p>
--	---

Lied 552 – Liewe Vader, ek sê dankie

Teks: Duits E20; Emma Badenhorst 1993 / 2001

Melodie: Oorsprong onbekend (Duits)

1. Liewe Vader, ek sê dankie
vir die wêreld rondom my:
want die hemel en die aarde
het ons al's van U gekry.

2. Liewe Vader, ek sê dankie
vir die lewe rondom my:
Al die blomme en die diere
het hul prag van U gekry.

3. Liewe Vader, ek sê dankie
vir die mense rondom my:
Al my maatjies en familie
wat in liefde by my bly.

4. Liewe Vader, ek sê dankie
dat ek soveel van U kry:
Maar die grootste is u liefde
wat ook in my hart kom bly.

<p>2.2 Die volgende Skrifgetroue liedere word deur die Deputate aanbeveel vir gebruik in die eredienste van die GKSA, aangesien dit volgens die omvattende Beginselraamwerk (Acta 2012:389, 2.1-2.5) aan al die vereistes vir 'n Skrifgetroue lied voldoen:</p>	<p>2.2 The Deputies recommend the following Scripturally faithful songs for use during services of the GKSA, since they comply with the comprehensive Principle framework (Acta 2012:389, 2.1-2.5):</p>
---	---

2.2.1 Koloriet van die Godsmusiek

2.2.1.1 KOLORIET VAN DIE GODSMUSIEK

Teks: JP Bingle

Melodie: *Nun danket alle Gott* – Johann Crüger; ritmies aangepas 2001

1. Rooi rys die son weer uit
en goud breek hy die dag oop.
Die lig se lof is luid:
wyd spreid dit God se mag oop.

2. Die helder middagson
seng wit en warm en kragtig.
Hoog bo die horison
vuur hy voor God almagtig.

Die diere huppel nou,
die voëltjies fluit liriek.
Blink blink die druppel dou,
deur als pols Godsmusiek.

Deur hom gee God die groei
aan bos en bas en blaar;
dat alles bot en bloei
en groen Gods mag verklaar.

3. Rooirond raak hy weer grond
in kleurespel en luister.
Ryk verf hy rond en bont
in purper skemerduister.
Die dag daal stil en soel,
dof raak die rante nou.
Die gloed word swart gekoel
voor môredag se blou.

4. U is ons helder lig,
wat duister skuld vergewe.
Tot U leef ons gerig:
Ons Lig! Ons Lof! Ons Lewe!
En as my dag wil daal,
in dood se donker sink,
sien ek u môre straal,
so oop, so skitterblink

5. Dan golf die vol koraal
uit aller-alle sfere,
die ryke lofvokaal
gewy aan U, o Here.
U volk sing nootvas voor,
deur Woord en Gees gerig.
Die skeppingskoor laat hoor:
“Ons loof U, Helder Lig!”

2.2.1.2 Die Deputate beveel verder aan dat hierdie lied in die nuwe uitgawe van die groen Psalmboek – volgens die nuwe rubriekindeling waarvoor rapporteer is – genommer word as 18-5.

2.2.1.1 The Deputies also recommend that this song is numbered in the new edition of the green Psalm-book – in accordance with the new classification reported – as 18-5.

2.2.2 Ek bely God Drie-enig

2.2.2.1 EK BELY GOD DRIE-ENIG

Teks: JP Bingle

Melodie: *Alle Menschen müssen sterben* – Duits E 16; C Anton; geestelik Darmstadt 1687; aangepas 1806

1. Ek bely ons God drie-enig,
Vader, Seun en Gees – dié Drie;
tog in wese een en enig,
drie Persone, maar nie drie.
God die Vader is ons Maker,
ons almagtige Bewaker.
Hy wat hou en onderhou,
alles met sy hand omvou.

2. Ek bely dié God drie-enig,
Vader, Seun en Gees, as Één;
in sy wese een en enig,
in sy werke meer as een.
God die Seun bring ons bevryding,
dit is die verlossingstydning!
Ons wil in sy redding roem,
Hom ons Saligmaker noem.

3. Ek bely ons God drie-enig,
Vader, Seun en Gees, dié Één;
in sy wese een en enig,
ook 'n Derde in die Één.
God die Gees wil ons kom heilig,
maak ons nuut en lei ons veilig.
Hy is God, gegee aan my,
Trooster wat my begelei.

4. Ook al stotter ons en stamel
om dit reg en raak te sê,
kan ons tog dié troos versamel
uit die Woord, dié troos ook hê:
ons mag ken dié God drie-enig,
Vader, Seun en Gees een-enig;
God deur God geopenbaar:
een en enig, ewig, wáár!

<p>2.2.2.2 Die Deputate beveel verder aan dat hierdie lied in die nuwe uitgawe van die groen Psalmboek – volgens die nuwe rubriekindeling waarvoor rapporteer is – genommer word as 4-4.</p>	<p>2.2.2.3 The Deputies also recommend that this song is numbered in the new edition of the green Psalm-book – in accordance with the new classification reported – as 4-4.</p>
--	---

2.2.3 Lied 362 – Vol vreugde sing die eng'leskaar

Teks: Keulen 1623; Adèle Gie 1944; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Von Himmel hoch, ihr Englein kommt* – Keulen 1623

1. Vol vreugde sing die eng'leskaar:
Ere! Ere!
Aan Hom, die God van die hemele!
Die Seun word mens, Gods Woord is waar.
Halleluja! Halleluja!
Hy't ons kom red, ons skuld gedra.

2. Ons loof die Raadsman, wonderbaar:
Ere! Ere!
Aan Hom, die Heer van die hemele!
Gods liefde is geopenbaar.
Halleluja! Halleluja!
Hy't ons kom red, ons skuld gedra.

2.2.4 Lied 363 – In die nag by hulle weiding

Teks: *Infant holy, infant lowly* – Edith Reed 1921; Louwrens Strydom 1933 / 2001 (postuum)

Melodie: W ZLOBIE LEZY – Poolse Kersmelodie

1. In die nag by hulle weiding
hoor die herders stemme sing.
Helder klink die goeie tyding
deur 'n eng'-leskaar gebring.
Juigend sing die hemelkore:
"Christus is vandag gebore."
Haastig gaan hul soek na Hom.
Haastig gaan hul soek na Hom.

2. In 'n krip vind hul 'n kindjie,
Hy's in doeke toegevou.
Hy is Koning, hierdie kindjie -
dis 'n wonder wat ontvou.
Hy is broos maar tog verhewe,
bring vir sondaars hoop en lewe.
Hul gaan t'rug, gaan praat oor Hom.
Hul gaan t'rug, gaan praat oor Hom.

2.2.5 Lied 365 – Hoor die blye eng'lelied

Teks: *Hark, the herald angels sing* – C Wesley 1739; Halleluja 1931; gewysig Attie van der Colf 1984 / 1989

Melodie: MENDELSSOHN – Felix Mendelssohn-Bartholdy 1840; aangepas WH Cummings 1856

Diskant: David Willcocks 1961 © *Oxford Univeristy Press, UK*

1. Hoor die blye eng'lelied
aan die Koningseun gebied:
"Vrede op aarde - God die eer -
Hy daal tot die sondaar neer."
Almal wat Hom liefhet, sing
om Hom lof en dank te bring!
Almal, juig met hart en stem:
God word mens in Betlehem.
Hoor die blye eng'lelied
aan die Koningseun gebied.

2. Christus, ewig God en Heer,
Christus daar omhoog vereer,
in die volheid van die tyd
word Hy mens, in needrigheid.
Sondelose Lam van God
kom aanvaar die mens se lot -
Hy, met mense saamgetel,
ware God - Immanuel!
Ook die aarde bring Hom eer -
Christus, ewig God en Heer!

3. Jesus, ware Vredevoers
kom vir Hom 'n volk verlos.
Wêreldwyd, in elke land

kom bevryding deur sy hand.
In ons nood het Hy gedaal,
vir ons lewe duur betaal.
Vrygemaak, deur Hom gevind,
is ek ook nou koningskind!
Almal deur sy koms verlos,
dank en loof die Vredevors!

2.2.6 Lied 366 – Die vreugdelied wat engele sing

Teks: Tradisioneel Engels; *by Betlehem in winterkou* – GG Cillie 1951; Jacques Lous en Attie van der Colf 2001 ©

Melodie: THE FIRST NOWELL – tradisionele Engelse melodie

Diskant: David Wilcocks 1961. © *Oxford University Press*, UK

1. Die vreugdelied wat engele sing,
het die boodskap oor Jesus
aan herders gebring.
Die goeie nuus,
soos lank reeds voorspel,
het 'n engel dié nag
aan die herders vertel.

Immanuel! Immanuel!
God kom verlos sy Israel!

2. Die lied wat al die engele sing,
is die boodskap wat vrede
op aarde sal bring.
"Aan God die eer!"
weerklink daardie lied
wat die engele juigend
vol lof aan Hom bied.

Immanuel! Immanuel!
God kom verlos sy Israel!

3. Die goeie nuus wat engele bring,
is die boodskap wat herders
ook wyer laat kring.
Met herders wil ook ons nou getuig
en in dankbaarheid
oor ons Verlosser bly juig.

Immanuel! Immanuel!
God kom verlos sy Israel!

2.2.7 Lied 368 – Wyl herders by hul kudde wag

Teks: Keulen 1623; Henry Foote 1936; Else Louwrens 1951; Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: *Als ich bei meinen Schafen wacht* – Keulen 1623

1. Wyl herders by hul kudde wag,
spreek daar 'n engel in die nag.
Wees bly, wees bly!... bly, wees bly!
Loof die Heer! Loof die Heer!
Lofsing die Heer se grote Naam;
lofsing die Heer se grote Naam.

3. Tussen die doeke lê die Kind -
jul sal in Hom verlossing vind.
Wees bly, wees bly!... bly, wees bly!
Loof die Heer! Loof die Heer!
Jesus, die Redder, maak ons vry;
Jesus, die Redder, maak ons vry.

2. Juig oor die tyding; moenie vrees.
God wil vir jul 'n herder wees.
Wees bly, wees bly!... bly, wees bly!
Loof die Heer! Loof die Heer!
Lofsing die Herder, sing sy eer;
lofsing die Herder, sing sy eer.

4. Hy laat die lam en leeu saam wei;
Hy laat 'n kind die kudde lei.
Wees bly, wees bly!... bly, wees bly!
Loof die Heer! Loof die Heer!
Loof die Verlosser, Koning, Heer!
Loof die Verlosser, Koning, Heer!

2.2.8 Lied 369 – Ere aan God

Teks: *Gloria III* – Taizé; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Jacques Berthier 1923 – 1994 (Kanon) © *Ateliers et Presses de Taizé*, Frankryk. Met toestemming gebruik (Latyn, teks in hierdie vertaling en melodie)

1. (I) Ere aan God, ere aan God,
(II) Ere in die hoogste.
(III) Ere aan God, ere aan God.
(IV) Halleluja! Halleluja!

2. (I) Gloria, gloria,
(II) in excelsis Deo!
(III) Gloria, gloria,
(IV) Alleluia, alleluia.

2.2.9 Lied 371 – Redder van ons lewe

Teks: Oud-Nederlands, waarskynlik vóór 1000; 1627; Gerjo van der Merwe 1978; gewysig 2001

Melodie: *Nu aijt wellekome, Jesu, lieve Heer* – uit Theodotus se *Het Paradijs der Gheestelijcke ende Kercklijcke Lofsanghen* 1627

1. Redder van ons lewe, Jesus, troue Heer,
uit liefde vir die mense
kom daal U neer.
Ons kom bring ons dank en wil ons
vreugdesange sing.
Onder mense woon U en wil U vrede
bring.
Loof, loof die Heer!

2. Herders op die velde het die blye koor
met Jesus se geboorte dié nag gehoor:
In die hoogste hemel,
aan die Here al die eer -
deur sy welbehae
daal Christus na ons neer.
Loof, loof die Heer!

3. Wyses uit die ooste,
deur die ster gelei,
hul kom en vind die Kindjie,
en hul was bly.
Hulle bring geskenke:
wierook, mirre en ook goud.
Ere aan die Koning
wat kom tot ons behoud!
Loof, loof die Heer!

2.2.10 Lied 372 – Hoe glansryk blink die Môrester

Teks: Philipp Nicolai 1599; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Musiek: *Wie schön leuchtet der Morgenstern* – Philipp Nicolai 1599; ritmies aangepas 2001

1. Hoe glansryk blink die Môrester,
hoe helder skyn die lig van ver
in donker aardse nagte!
O Ster uit Jakob wat ook my
met hierdie wonderlig verbly,
ek is u dag te wagte.
Christus Jesus, U wat lewe,
hoor my lied en hoor my bede:
O bestraal my pad met vrede!

2. Sy ster het eenmaal hoog geskyn,
geskitter toe die Heer verskyn
in daardie nag van nagte.
Die eng'le het hul lied gesing,
die blye tyding oorgebring:
Sy volk is heil te wagte!
Christus Jesus, Lig en Lewe,
hoor my lied en hoor my bede:
O bestraal my pad met vrede!

3. O Môrester wat ons verlig,
voor wie die nag eens sal moet swig,
ons weet dié dag kom nader -
die dag waaraan geen einde is

en ons as uitverkorenes
vergader by die Vader!
Christus Jesus, o verlig my,
leer my, rig my, Vors van ere!
Kom, ja, kom, ons wag, o Here!

2.2.11 Lied 377 – O Lam van God, onskuldig

Teks: *O Welt, sieh' hier dein Leben* – Paul Gerhardt 1647; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *O Welt, ich muß dich lassen* – Duits E 15; Heinrich Isaac 1495; geestelik 1505; Bartholomäus Gesius 1605

1. O Lam van God, onskuldig,
wat moedig en geduldig
aan daardie kruishout ly -
verdien dan nie my sonde
die slae en die wonde?
Ek weet, ek wêét dit is vir my!

2. Hier waar ek dankbaar nader,
o Midd'laat, by die Vader,
prys ek u liefde groot!
U gee my nuwe lewe,
die nuwe, ew'ge lewe,
en sterf daarvoor die wrede dood.

3. Sou ek U dan nie prys nie;
aan U my dank bewys nie -
al wag my ook 'n kruis.
Aan U my lofgebede!
U skenk die ware vrede;
U bring my na die Vaderhuis.

2.2.12 Lied 378 – Jesus Christus, Heiland, Heer

Teks: *Patris sapientia* – Edigo van Colonna ca 1300; Michael Weisse 1531; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Christus, der uns selig macht* – E 14; Boheemse Broeders 1519

1. Jesus Christus, Heiland, Heer,
Man van smart en lyding,
U daal van die hemel neer,
sterf vir ons bevryding.
In die gees sien ons u kruis
buitekant die mure
Eensaam ly U, wreed verguis
in die droewe ure.

2. In geloof wil ons oordink
al die spot en laster!
Hamerhoue wat weerklink,
Spyker u al vaster!
Om ons te bevry, verlos,
sterf U pynlik, stadig.
Ons skuld het u dood gekos.
U was ons genadig.

3. Jesus, ek moet ook my kruis
opneem al my dae;
U volg na die Vaderhuis
met my vrees en vrae.
Help my, Heer, versterk my wil,
rig my swakke treë
Help my hier my taak vervul,
rig my op u weë.

2.2.13 Lied 379 Jesus Christus, Lam van God

Teks: Martin Luther 1528; Afrikaanse weergawe Louwrens Strydom 1989 / 2001 (postuum)

Melodie: *Christe, du Lamm Gottes* – Kirchenordnung Braunschweig 1528 (ritmies aangepas) (Wisselsang)

Jesus Christus, Lam van God,
wat die las van sonde dra,
wees ons genadig.
Jesus Christus, Lam van God,
wat die las van sonde dra,
wees ons genadig.
Jesus Christus, Lam van God,
wat die las van sonde dra,
gee ons u vrede.
Amen, amen.

2.2.14 Lied 382 – Hoor hoe die Seun van God

Teks: Attie van der Colf 1978; gewysig Andries Breytenbach 2001

Melodie: *Die Tien Gebooie* – Straatsburg 1545

1. Hoor hoe die Seun van God bespot
word
deur sondaars wat hul Koning hoon.
Kyk hoe sy heerlijkheid vertrap word
deur mense wat sy godheid loën.

2. Sien jul die Seun se selfverloëning,
sy stryd, sy lyding en sy dood?
Dit is die prys van ons verlossing;
geen offer was vir Hom te groot.

3. Oor graf en dood word Hy
oorwinnaar;
God wek Hom uit die dood met krag.
Hy word die Heer oor alle magte;
oor al wat leef voer Hy gesag.

4. Heer, ons is veilig in u hande,
in stryd en lyding, pyn en nood.
U is ons hoop deur alle tye;
u liefde dra ons deur die dood.

2.2.15 Lied 383 – Die Heiland sterf; die dag word duister

Teks: *Ja, Jezus sterft, aan't kruis geklonken* – Louis Barbaz 1806; AGB 1944;
gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: *Psalms 72* – Straatsburg 1547

1. Die Heiland sterf; die dag word
duister
waar Hy vir sonde ly
só sonder eer en sonder luister
wyl die soldate stry.
Sy gees beveel Hy aan sy Vader.
Hy spreek geen kruiswoord meer.
En uit sy wond kom bloed en water
asof die dood regeer!

2. Hy sterf vir ons, so diep verlore,
vir ons stort Hy sy bloed.
So word ons nou, uit God gebore,
hernu in ons gemoed.
Laat ons Hom dan nou dankbaar nader
wat só uit liefde ly;
deur Hom het ons in God 'n Vader
wat ewig Vader bly.

3. Hy wat vir al ons skuld deurboor is,
het hier geen stryd ontsien -
Hom, wat in al sy angs verhoor is,
kan ons vrymoedig dien!
Hy's by die Vader, hoog verhewe,
volmaak in heerlijkheid,

maar deur sy Gees is Hy ons lewe
vir tyd en ewigheid.

2.2.16 Lied 384 – Jesus, o dink aan my

Teks: *Jesus, remember me* – Taizé; Afrikaanse weergawe Breda Ludik 1993

Melodie: Jacques Berthier 1923 – 1994 © *Ateliers de Taizé*, Frankryk. Met toestemming gebruik (Engels, teks in hierdie vertaling en musiek)

1. Jesus, o dink aan my wanneer U,
Heer, in u ryk kom.
Jesus, o dink aan my wanneer U,
Heer, in u ryk kom.

2. Jesus, remember me when You come
into your kingdom.
Jesus, remember me when You come into
your kingdom.

2.2.17 Lied 388 – Die Woord het deur die eeue

Teks: Gerjo van der Merwe 1978

Melodie: *Herzlich tut mich verlangen* – Hans Leo Hassler 1601; geestelik Görlitz 1613 (latere vorm)

1. Die Woord het deur die eeue
die boodskap reeds gebring
van Jesus se geboorte
en sy vernedering.
Wie sou Hom só verwag het,
só sonder koningskroon?
As menseseun gebore,
het Hy by ons kom woon.

2. Hy is verag deur mense;
met krankheid ook bekend,
omdat Hy al ons smarte
gedra het tot die end.
Deurboor vir ons oortreding
en ongeregtheid,
gewond vir ons genesing,
bring Hy die saligheid.

3. Aan sondaars gee U vrede,
ons straf het U gedra,
mishandel, onderworpe -
Gods Lam op Golgota.
Ons buig in dank, o Here,
al kan ons nie verstaan
dat Jesus vir die sondaars
op só 'n pad wou gaan.

2.2.18 Lied 389 – Is dit, is dít my Koning

Teks: *Is dat, is dat mijn Koning!* – Jan Scharp 1806; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Musiek: *Herzlich tut mich verlangen* – Hans Leo Hassler 1601; geestelik Görlitz 1613 (latere vorm)

1. Is dit, is dít my Koning
kyk daar, aanskou die Mens!
Is dit, is dít sy kroning
wie het dit só gewens?
Is dit sy konings-hulde
dié riet, dié kleed, dié kroon?
Boet Hy só vir my skulde,
word só Gods Seun vertoon!

2. Ja, ek kos Hom die slae,
die smarte en die hoon.
Vir my hang Hy, verlate
en naak, met doringkroon.
Vir my was daardie wonde,
vir my moes Hy daar staan;
Hy moes vir al my sonde
die bitt're kruisweg gaan.

3. O Jesus, Man van smarte,
o Liefde onbegrens,
skryf diep in alle harte
die woord: "Aanskou die Mens!"

O laat my nooit vergeet nie
dié kroon, dié kleed, dié riet!
Geen groter troos in leed nie
dis ook vir my geskied!

2.2.19 Lied 390 – Ons kniel hier aan u voete neer

Teks: *Wij zinken voor uw voeten nêer* – Pieter van de Kastele 1806; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Izak de Villiers 2001
Melodie: *Ach Gott und Herr* – Leipzig 1625; Christoph Peter 1655; aangepas Nederland 1806

1. Ons kniel hier voor u voete neer
en hoor die hemelkore:
hul loof en prys en roem u eer
oor ons, eens so verlore.

2. U liefde is onpeilbaar groot,
ontsien nie om te ly nie.
Geen kruis stuit U, geen vloek, geen dood
om sondaars te bevry nie.

3. Die Lam wat vir ons sondes boet
oorwin die hel se magte.
Hy koop ons met sy dood, sy bloed,
uit duisende geslagte.

4. Tot priesters deur u bloed gewy,
is al ons skuld vergewe.
U maak ons konings, heel en vry,
om tot u eer te lewe.

2.2.20 Lied 392 – O Lam van God, onskuldig

Teks: *Agnus Dei* E5; Nikolaus Decius 1522; J Baumbach 1934; Izak de Villiers en André Hugo 1978
Melodie: *O Lamm Gottes, unschuldig* – oudkerklik; Nikolaus Decius 1522; Johann Spangenberg 1545

O Lam van God, onskuldig,
wat vir ons skuld geslag is;
lankmoedig en geduldig,
hoe diep U ook verag is
U wou ons sondelas kom dra,
dit was Gods welbehae!
Ontferm U oor ons, Jesus.
Gee U ons vrede, Jesus.

2.2.21 Lied 395 – My Verlosser aan die kruis

Teks: Benjamin Schmolck 1672 – 1737; *Mijn Verlosser hangt aan't kruis* – Ahasverus van den Berg 1806; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001
Melodie: *Meine Liebe hängt am Kreuz* – Christian Witt 1715; ritmies aangepas 2001

1. My Verlosser aan die kruis -
die Geneser, eens so kragtig,
nou onmagtig?
Waar is tog sy almag tans,
waar sy goddelike glans?

2. My Verlosser aan die kruis
ly vir sonde, smart en pyne
ook vir myne!
Van die vloek maak Hy my vry
en sy sterwe red ook my.

3. My Verlosser aan die kruis
ja, die beker van sy lyding
bring bevryding.
Brand, my hart, ontbrand in gloed
teenoor Hom, so groot, so goed!

2.2.22 Lied 396 – Aanskou die Heiland, sien die kruis

Teks: *When I survey the wondrous cross* – Isaac Watts 1707; Halleluja 1903; Halleluja 1931; Attie van der Colf 1989 / 2001 ©
Melodie: ROCKINGHAM – ca 1780; aangepas Eward Miller 1790

- | | |
|--|---|
| <p>1. Aanskou die Heiland, sien die kruis
-
die Hemelvors, verag, verguis.
Vir my het Hy Hom daar laat hang.
Hy leef, Hy sterf - in my belang.</p> | <p>2. Hy hang, van God en mens verlaat,
Hy seën waar ander spot en haat.
Hy bly verdra, vergeef, versoen -
in só 'n redder sal ek roem.</p> |
| <p>3. Vir al my skuld het Hy betaal;
vir my in helle-angs gedaal.
Sy kruis, sy liefde onbegrens,
ontsluit in my 'n nuwe mens.</p> | <p>4. Hom kan ek nou met vreugde dien
in ruimte deur sy kruis voorsien.
'n Liefde so volmaak en vry
eis alles, alles ook van my.</p> |

2.2.23 Lied 397 – Ontsluit, o Heer, ontvlam ons hart

Teks: *Erforsche mich, erfahr, mein Herz* – Christian Gellert 1757; Pieter van de Kastele 1806; EC Pienaar 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978
Melodie: *O Jesu, Quell' der Gütigkeit* – Christian Gregor 1784; ritmies aangepas 2001

- | | |
|--|--|
| <p>1. Ontsluit, o Heer, ontvlam ons hart
laat dink ons aan u lyding.
U het vir ons die hel se smart
gedra tot ons bevryding.
Ons kan u liefde nooit verstaan,
maar deur geloof gryp ons dit aan
dat U vir óns gely het.
Laat ons in dankbaarheid, o Heer,
U altyd met ons lewe eer,
omdat U ons bevry het.</p> | <p>2. Al het U in die tuin gesmeek
dat daardie bitter beker
aan U verby mag gaan, o Heer,
het U dit nie geweier.
Dié beker, U deur God geskink,
het U gehoorsaam leeg gedrink
waar U die stryd gestry het.
Wat kan 'n sondaar meer begeer?
Ons buig in dankbaarheid, o Heer,
voor U wat ons bevry het.</p> |
| <p>3. Die gésel het u vlees gebreek
u vlees as offerande;
die dorings het u hoof gesteek
die kroon uit sondaarshande.
U kies die weg van Golgota,
U wóú die straf vir sondaars dra
deur aan die kruis te sterwe.
U het die Raad van God volbring,
ons kan dit nooit genoeg besing
U sterwe bring die lewe.</p> | |

2.2.24 Lied 398 – Kyk daar, kyk die Lam van God

Teks: Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©
Melodie: *Siehe, das ist Gottes Lamm* –Rolf Schweizer 1976 (Kanon 2-6 stemme) ©
Strube Verlag, München, Duitsland. Met toestemming gebruik (teks en melodie)

Kyk daar,
kyk die Lam van God,
wat die wêreldsonde dra.

2.2.25 Lied 399 – Aan die tafel met die Paasmaal

Teks: *Lied oor die laaste nag van Jesus* – Hannes van der Merwe 2001 ©
Melodie: BLAENWERN – William Rowlands 1905

1. Aan die tafel met die Paasmaal,
breek die Here self die brood:
Dis my liggaam, dis vir julle;
dink aan My en aan my dood.
Drink nou almal uit die beker,
dis my bloed wat vryspraak bring.
So verkondig jul my sterwe,
so sal redding wyer kring.

2. In die tuin aan die Olyfberg
het die Heer beangs gaan bid
en geworstel met sy Vader
tot sy sweet soos bloed bly drup:
Vader, neem die lydensbeker,
neem dit tog by My verby!
Tog geskied u wil, o Vader!
My verraaiër is naby.

3. Met 'n soen word Jesus Christus
deur 'n volgeling verraai;
nog 'n volgeling verloën Hom
voor die haan se derde kraai.
Sonder volgeling of vriende
is die Heer alleen dié nag.
In die steek gelaat moes Jesus
op sy kruis, sy sterwe wag.

4. Na 'n nag van ondervraging,
na 'n nag van géseling
word die Heer ter dood veroordeel,
word Hy na die kruis gebring.
Met die spykers, met die slae,
deur die marteling, die spot,
wys die diepte van die liefde
van ons Here, van ons God.

5. In die pyn, daar aan die kruishout,
klink sy woorde, sewe keer -
woorde van vergifnis, liefde,
en aanvaarding deur die Heer;
ook die woorde van alleenheid
en die uitroep: "Ek het dors!"
"Dis volbring", "Ek gee my gees oor"
en sy hoof sak op sy bors.

2.2.26 Lied 400 – Juig, juig in Hom

Teks: *Lift high the cross* – George Kitchin 1887; gewysig MR Newbolt 1916;
Louwrens Strydom 1989
Melodie: CRUCIFER – Sydney Nicholson 1916 © *Hope Publishing Co.*, USA. Met
toestemming gebruik

Juig, juig in Hom,
ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

1. Kom, volk van God,
kom volg Hom waar Hy lei,
want Hy is Oorwinnaar,
selfs wanneer Hy ly.

2. Lydende Kneg,
maar Vors van vorste - Hy!
En ons as sy knegte
ken sy heerskappy.

Juig, juig in Hom,
ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

Juig, juig in Hom,
ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

3. Ons dra sy teken,
Hy het ons verseël,
gekoop met sy bloed
uit elke wêrelddeel.

4. Laat elke volk en stam
die boodskap dra
van Hom en sy kruis -
die prys van Golgota.

Juig, juig in Hom,
ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

Juig, juig in Hom,
ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

5. Kom, volk van God,
loof Christus vir sy kruis;
kom sing 'n triomflied,
laat ons Jesus prys!

Juig, juig in Hom,
ons Heiland aan die kruis,
tot elke tong en taal Hom eer bewys.

2.2.27 Lied 401 – Wie sal ons glo as ons vertel

Teks: Jacques Louw 2001 © nav Jesaja 53
Melodie: HORSLEY – W Horsley 1774-1858

1. Wie sal ons glo as ons vertel
wat God se Kneg moes ly.
Verag en deur sy volk verstoot
moes Hy die doodstryd stry.

2. Die Man van lyding ken die pyn,
deur God en mens verstoot.
Vir ons oortredings hang Hy daar -
ons straf kos Hóm die dood.

3. Deurboor, verbrysel en geslaan -
dra Hy ons sondeskuld.
Hy neem ons lyding op Homself
in stilte, met geduld.

4. Ja, Jesus Christus, Lam van God,
U is vir ons geslag.
U diepe lyding maak ons vry
van skuld- en sondemag.

2.2.28 Lied 402 – Die Heer het waarlik opgestaan

Teks: *Surrexit Christus hodie* – E 13 / 14; Duits 1373; Hans Rapparlié 1968;
Louwrens Strydom 2001 (postuum)
Melodie: *Erstanden ist der heilig Christ* E 14; Boheemse Broeders 1501; 1531;
Melchior Vulpius 1609

1. Die Heer het waarlik opgestaan.
Halleluja. Halleluja -
Die dood se mag is nou verslaan.
Halleluja! Halleluja!

2. Hy het nie in die graf gebly.
Halleluja. Halleluja -
Hy is die hoop wat ons bely.
Halleluja! Halleluja!

3. Hy het die graf en dood oorwin.
Halleluja. Halleluja -
Sy lewe gee ons nuwe sin.
Halleluja! Halleluja!

4. Nou kan ons almal vrolik wees.
Halleluja. Halleluja -
Ons sing nou bly, vier Christusfees.
Halleluja! Halleluja!

2.2.29 Lied 403 – Christus het opgestaan

Teks: Beiere / Oostenryk E 12 – E 15; Louwrens Strydom 2001 (postuum)
Melodie: *Christ ist erstanden* – Salzburg 1160 / 1433; Tegernsee E 15; Wittenberg
1529

1. Christus het opgestaan,
Hy het uit die graf gegaan.
Ja waarlik, Hy het opgestaan,
loof die Vader, prys sy Naam.
Halleluja!
(Kyrieleis)

2. Halleluja! Halleluja!
Beëindig is die dood se mag,
Christus leef, dis ewig dag,
Halleluja!

2.2.30 Lied 405 – Roem al wat leef die Heer se dag

Teks: Christian Gellert 1757; *Herinnert u met vreugd, mijn geest!* – Ahasverus van den Berg 1806; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001
Melodie: *Von Himmel hoch da komm ich her* – Martin Luther 1539

1. Roem al wat leef die Heer se dag-
die glorie-teken van sy mag!
Bo alle magte is Hy groot,
Hy is oorwinnaar oor die dood.

2. Geen doodse bande kon Hom keer
dat Hy oor sonde triomfeer.
Die leë graf spreek elkeen aan:
Die Lewensvors het opgestaan!

3. Wie met Hom sterf, sal met Hom
leef-
ons sondeskuld het Hy vergeef.
Hy leef - ons deel sy heerlik lot:
Hy leef, ons redder en ons God.

4. Aan Hom wat was en is en bly,
word al ons lof en dank gewy.
Verhoog sy Naam en majesteit
en roem Hom tot in ewigheid!

2.2.31 Lied 406 – Ons loof U, Vader, op die troon!

Teks: Michael Weisse 1531; GG Cilié 1962; gewysig Izak de Villiers 1987/2001
Melodie: *Gelobt sei Gott im höchsten Thron* – Melchior Vulpius 1609 (ritmies
aangepas)

1. Ons loof U, Vader, op die troon!
U Seun het onder ons kom woon.
Hy het u beeld aan ons vertoon.
Ons loof U, Here!
Ons loof U, Here!
Halleluja!

3. U het vir ons die weg berei
wat na die Vaderwoning lei.
Daarom aanbid en sing ons bly.

Ons loof U, Here!
Ons loof U, Here!
Halleluja!

2. U liefde, Heiland, is so groot,
U dra ons straf, oorwin die dood
en is vir ons die lewensbrood.
Ons loof U, Here!
Ons loof U, Here!
Halleluja!

4. Aan U behoort die majesteit,
ons roem u krag en heerlikheid
en loof U tot in ewigheid.

Ons loof U, Here!
Ons loof U, Here!
Halleluja!

2.2.32 Lied 407 – Triomf, triomf, Immanuel!

Teks: *Triomf, triomf! Immanuel* – Rhijnvis Feith 1806; GBA Gerdener 1931; AGB
1944; Attie van der Colf 1978 / 2001 ©
Melodie: Psalm 68 – Genève 1551

1. Triomf, triomf, Immanuel!
Die Heer oorwin die dood en hel
ná bitter stryd en lyding.
Hy, God-met-ons, Hy het oorwin,
lei ons die Vaderwoning in -
laat deel ons sy bevryding!
Triomf, triomf, verlossingsdag-
die Heil'ge Gees verklaar met krag
Hy's Seun van God die Vader.
Hy heers, en elke vyand sien
hoe dat sy volk Hom dankbaar dien,
Hom loof vir sy genade.

2. Triomf, die Heer het opgestaan!
Die laaste vyand is verslaan,
geen mag hou Hom gebonde.
Wie in Hom sterf, sal met Hom leef;
wie skuld bely, dié word vergeef:
deur Christus vry van sonde.
Hy, heerlik aan Gods regterhand,
Hy stuur vir ons die Gees as pand-
die Gees laat ons herlewe.
Ons, deur sy wonderkrag bevry,
bly oor en oor sy woord bely:
Hy leef, en jul sal lewe!

2.2.33 Lied 408 – Dit is die dag, die Heer se dag!

Teks: *Resurrexit Dominus* E 15; Cyriakus Spangenberg 1568; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Wir wollen alle fröhlich sein* – Hohenfurt 1410; Boheemse Broeders 1544; Wittenberg 1573

1. Dit is die dag, die Heer se dag!
Die Heiland leef, oorwin die graf
verbreek sy mag verdryf die nag.

2. Die Heer verrys in môrelig.
Getroues sien sy aangesig
en bring met blydskap dié berig.

3. Halleluja. Halleluja.
Halleluja. Halleluja.
Die Heiland leef, is uit die graf!

2.2.34 Lied 409 – Hoor jy die Paasfeesklokke

Teks: Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Valet will ich dir geben* – Melchior Teschner 1613

1. Hoor jy die Paasfeesklokke?
Hul lui van vroegdag af;
hul jubel oor die wêreld:
Die Heer is uit die graf!
Hy, Christus, die oorwinnaar,
is uit die donker uit!
Die Heer, die sleuteldraer,
sal ook my graf ontsluit.

2. Hoor jy die Paasfeesklokke?
Die Heer het opgestaan!
Hy het vir al ons sonde
Hom aan die kruis laat slaan.
In Hom is nuwe lewe,
sy graf is leeg en oop.
Hy gaan ons voor - verheerlik -
en ons kan op Hom hoop!

3. Hoor jy die Paasfeesklokke?
Die Heer voer heerskappy -
Hy heers oor alle dinge,
sy bloed het ons bevry.
Ons sal met Jesus opstaan,
die lewenskroon verkry.
Ons hoor die Paasfeesklokke
wat oor die wêreld lui.

2.2.35 Lied 411 – Kom, almal, laat jul stem verrys!

Teks: Ambrosius (?) E4 / E5; *Light's glittering morn bedecks the sky* – John Neale 1818-1866; Con de Villiers 1951; Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: *Laßt uns erfreuen* – Keulen 1623; aangepas Ralph Vaughan Williams 1906

1. Kom, almal, laat jul stem verrys!
Kom, laat ons die Verlosser prys.
Halleluja! Halleluja!
Die Heer laat duisternis verdwyn:
Hy is die lig wat helder skyn;
Loof die Here, gee Hom ere.
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

2. Loof Hom wat die oorwinnaar is
oor magte van die duisternis.
Halleluja! Halleluja!
Hy gee die gawe van sy Gees,
stuur Hom om ons tot troos te wees.
Loof die Here, gee Hom ere.
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

3. Prys almal die verrese Heer;
Hy kom op wolke eenmaal weer
Halleluja! Halleluja!
Sou son en maan en sterre swig,
God bly in ewigheid die lig.

Loof die Here, gee Hom ere.
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

2.2.36 Lied 412 – Jesus Christus lewe

Teks: Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: *Jesu, meine Freude* – Johann Crüger 1653

1. Jesus Christus lewe.

Hy gee ons sy vrede,
Hy tree vir ons in.
Honger, naaktheid, lyding -
niks bring ooit weer skeiding,
want Hy het oorwin.
Hoogte, diepte, dood, gevaar,
niks wat ons ooit hier sal ly nie,
kan ons van Hom skei nie.

2. Vrygespreek deur Christus,

leef ons as verlostes -
Hy't vir ons gely.
Wie kan ons nog teenstaan,
wie kan ons veroordeel?
God self spreek ons vry!
Jesus Christus pleit vir ons -
deur sy liefde maak Hy sondaars
saam met Hom oorwinnaars.

2.2.37 Lied 413 – Kom, koningseuns en –dogters saam

Teks: *O filii et filiae* – Jean Tisserand, †1494; John Neale 1851; Louwrens Strydom 2001 (postuum)

Melodie: *Airs les hymnes sacres, odes et noëls* – Parys 1623 (aangepas)

Loof God die Heer,
loof God die Heer.

Halleluja.

Halleluja.

1. Kom, koningseuns en -dogters
saam,
besing die Lewensvors se Naam.
Die graf en dood is nou verslaan.
Halleluja.

2. Vroeg Sondag met die eerste lig,
hul oë op die graf gerig,
sien vroue daar 'n helder lig.
Halleluja.

3. Die klip is weg, 'n engel praat -
die Here het die graf verlaat.
Vol blydschap gaan hul daaroor praat.
Halleluja.

4. Die Heer het waarlik opgestaan.
Kom, jubel met die vroue saam:
Die graf en dood is nou verslaan!
Halleluja.

Loof God die Heer,
loof God die Heer.

Halleluja.

Halleluja.

2.2.38 Lied 414 – Juig verlostes, juig en sing

Teks: *Christ the Lord is risen today* – Charles Wesley 1739; Halleluja 1931;
Louwrens Strydom 1989

Melodie: EASTER HYMN – Lyra Davidica 1708 (aangepas)

Diskant: Jean Pasquet – datum onbekend

1. Juig, verlostes, juig en sing.

Halleluja! Halleluja!
Jesus het die dood oorwin.
Halleluja! Halleluja!
Hy het uit die graf gegaan.
Halleluja! Halleluja!

2. Hy het klaar die stryd gestry.

Halleluja! Halleluja!
Lewe is vir ons verkry.
Halleluja! Halleluja!
Roem die Vors wat leef en heers.
Halleluja! Halleluja!

Loof ons Koning, prys sy Naam.
Halleluja! Halleluja!

God se volk vier ewig fees.
Halleluja! Halleluja!

2.2.39 Lied 417 – Jesus, ons eer U

Teks: *Jesus sy ere, opgestane Heer!* – Halleluja 1951; gewysig Louwrens Strydom 1989

Melodie: JUDAS MACCABEAEUS – GF Händel 1748

1. Jesus, ons eer U, opgestane Heer.
Lewensvors en Koning, U het
triomfeer!
Hoe was U verneder, hoe het U gely;
hoe is U verheerlik! U voer
heerskappy.
Jesus, ons eer U, opgestane Heer.
Lewensvors en Koning,
U het triomfeer!

2. Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
omdat U oorwin het, sal ons triomfeer!
Hoe was ons gebonde,
hoe was ons verkneg.
U bevry tot lewe, baan vir ons die weg.
Jesus, ons eer U, opgestane Heer,
nou het ons 'n toekoms:
lewe by ons Heer!

2.2.40 Lied 418 – Blye môre, blyste van die dae

Teks: *Weesgegroet, gjj eersteling der dagen* – Jan Jacob ten Kate 1819-1889; Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: *Herr und Älster deiner Kreuzgemeinde* – volksmelodie; Herrnhut vóór 1740; Christian Gregor 1784

Blye môre, blyste van die dae,
dag van die verrysenis -
dag waarop, in God se welbehae,
U oor dood oorwinnaar is!
Heer, U leef, U breek die dood se bande
en laat leef ons deur u offerande.
Lewend kom U by ons staan,
bind ons in gemeenskap saam.

2.2.41 Lied 419 – Die kruis is kaal, die graf is leeg

Teks: Cecile Cilliers 2001

Musiek: ST FULBERT – Henry Gauntlett 1805-1876

1. Die kruis is kaal, die graf is leeg,
ons Heer het opgestaan,
en deur sy kerk klink bly die woord:
Hy't waarlik opgestaan!

2. Ons lewe in die Seun se lig,
lag vir die dag wat kom,
want dood en sonde heers nie meer:
Ons het verrys in Hom!

2.2.42 Lied 420 – Daar klink 'n lied, daar juig 'n stem

Teks: Eduard Gerdes 1821 – 1898; Elsabé Kloppers 2001 ©

Musiek: *Daar juicht een toon* – Henri Malan 1787 – 1864 (?)

1. Daar klink 'n lied, daar juig 'n stem,
dit klink oor heel Jerusalem.
'n Helder nuwe dag breek aan -
die Seun van God het opgestaan.

2. Geen graf se donker kon Hom hou,
Hy is oorwinnaar oor ons rou,
want Hy staan op beklee met mag.
Hy het die dood oorwin met krag.

3. Die dood is dood, ons vrees nie meer,
ons lewe saam met Christus, Heer;
wie in geloof op Hom vertrou,
sal ook sy heerlikheid aanskou.

2.2.43 Lied 421 – Die Here Jesus lewe

Teks: Johan Cilliers 2001

Musiek: MORNIG LIGHT – George Webb 1837

1. Die Here Jesus lewe,
Hy het die dood oorwin.
Met krag is Hy oorwinnaar:
Ons toekoms het begin.
Hy gee ons hoop en vrede,
ons kan weer voorwaarts gaan,
want Jesus is ons Here,
Hy't klaar ons weg gebaan.

2. Die Here Jesus lewe,
Hy't hemel toe gevaar.
Hy heers daar as die Koning:
Ons word deur Hom bewaar.
Laat ons met moed en ywer
ons roeping hier volbring,
want Jesus is óns Koning,
Hy gee ons lewe sin.

3. Die Here Jesus lewe,
Hy kom ons eendag haal.
Hy sal ons dan laat aansit
by sy Messiasmaal.
Kom, laat ons Hom verheerlik,
sy liefde nou besing,
en, saam met als wat lewe,
aan Hom ons hulde bring

2.2.44 Lied 423 – Kom laat ons almal vrolik

Teks: GG Cillié 1969; gewysig 2001

Musiek: Franse Paaslied

1. Kom laat ons almal vrolik
voor God die Here sing!
Laat heel die aarde juigend
aan Jesus hulde bring!
Ons Heiland is oorwinnaar,
Christus is oorwinnaar,
Hy't waarlik opgestaan!

2. Die sonde met sy smarte
is aan die kruis verslaan.
Nou kan ons vol van vreugde
na God ons Vader gaan.
Ons Heiland is oorwinnaar,
Christus is oorwinnaar,
Hy't waarlik opgestaan!

3. Laat alles wat hier lewe
die Heer se liefde prys,
want Christus het na lyding
weer uit die graf verrys!

Ons Heiland is oorwinnaar,
Christus is oorwinnaar,
Hy't waarlik opgestaan!

2.2.45 Lied 424 – Die Heer het waarlik opgestaan!

Teks: Nederland 1966 / 1971; Afrikaanse weergawe Louwrens Strydom 1993 / 2001 (postuum)

Melodie: OPGESTAAN – Wim ter Burg 1971 © *Paideia Press*, Canada

1. Jesus het die dood oorwin,
daarom kan ons juig en sing!
Die Heer het waarlik opgestaan!
Halleluja!

2. Vrouens van Jerusalem,
hoor verras 'n engelstem.
Die Heer het waarlik opgestaan!
Halleluja!

3. "Hy wat dood was, lewe weer",
deel die engel hulle mee.

4. Leeg die graf! Hy't opgestaan,
en ons só vooruitgegaan.

Die Heer het waarlik opgestaan!
Halleluja!

Die Heer het waarlik opgestaan!
Halleluja!

Diskant:
Jesus het opgestaan!
Halleluja!
Halleluja!
Halleluja!

2.2.46 Lied 425 – Kyk die Heer het opgestaan

Teks: *Hail the day that sees him rise* – Charles Wesley 1739 en Thomas Cotteril 1820; Elsabé Kloppers 1998 / 2001 ©
Melodie: LLANFAIR – Robert Williams 1817

1. Kyk die Heer het opgestaan -
Halleluja
kyk die graf het oopgegaan -Halleluja
Christus het vir ons gesterf -Halleluja
lewe deur sy dood verwerf -Halleluja

2. Kyk die Heer het opgevaar -Halleluja
Hy is by die hemelskaar -Halleluja
Hy heers op die hoogste troon -Halleluja
daar is Hy met eer gekroon -Halleluja

3. Eenmaal sal ons by Hom wees -
Halleluja
dan vier ons vir ewig fees -Halleluja
Ons sal voor Hom sing en juig -
Halleluja
Hom vir ewig dank betuig -Halleluja

4. Kom laat ons sy Naam besing -
Halleluja
Hom ons lofbetuigings bring -Halleluja
Laat ons met ontsag Hom noem –
Halleluja
Hom met vreugdesange roem -Halleluja

2.2.47 Lied 426 – Ons sing nou bly ons vreugdelied

Teks: Johannes Zwick 1537; Nederlandse Vervolgbundel 1868; Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Reneé Marais 2001
Melodie: *Es ist gewißlich an der Zeit* – E15; geestelik Wittenberg 1529; ritmies aangepas 2001

1. Ons sing nou bly ons vreugdelied
en juig in onse Here;
dis Hy wat hemelvreugde bied;
ons sing sy Naam ter ere!
Die Heer het waarlik opgevaar;
ons weet sy Woord bly ewig waar -
Hy is ons Hoof en Here!

2. Hy maak nou vir ons plek gereed
by God, ons Heer en Vader;
en deur sy offer kan ons weet
dat ons tot God mag nader!
Laat ons Hom daarvoor loof en prys;
sy Naam roem en Hom eer bewys -
Hy lei ons na die Vader!

2.2.48 Lied 436 – Herskep, o Gees, laat leef, o Gees

Teks: *Arm of the Lord, awake, awake!* – William Shrubsole 1795; Zionsliederen 1871; GBA Gerdener 1931; Attie van der Colf 1978 / 2001 ©
Melodie: WINCHESTER NEW – Hamburg 1690; Halle 1704; ritmies aangepas 2001

1. Herskep, o Gees, laat leef, o Gees,
laat kom die koninkryk met mag,
laat mense tot bekering kom,
oorreed deur u oortuigingskrag.

2. O Gees, verlig ons, laat ons vind
die waarheid wat u Woord ons leer
dat ons met God en met mekaar
in Gees en liefde kan verkeer.

3. Herskep, o Gees, laat ons herleef,
maak wakker elkeen in u kerk.
Laat ons uit God se liefde leef,
en dankbaar waak en bid en werk.

2.2.49 Lied 439 – O Heil'ge Gees, o God in ons

Teks: *Eternal Spirit, God of Truth* – Thomas Cotteril 1810; Hannes van der Merwe 2001 ©

Melodie: ELLACOMBE – Wurtemberg 1784; Mainz 1833

1. O Heil'ge Gees, o God in ons,
ons wil u krag besing:
Die krag wat Jesus op laat staan
en lewe in ons bring.
Maak ons oorwinnaars in die stryd
wat ons ook nou moet stry.
O Gees van God, getuig in ons,
dat ons u kinders bly.

2. O Heil'ge Gees, o Gees van God,
ons lied klink tot u eer.
Maak nuut ons lewe elke dag
soos wat u Woord ons leer.
Ons prys U, Gees van Vader, Seun,
as ware God en Heer.
Ons bid dat U ook dié gebed
sal hoor, ons God en Heer.

2.2.50 Lied 441 – O Heil'ge Gees, ons Heer

Teks: Bianco da Siena E15; *Come down, o Love Divine* – Richard Littledale 1867; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: DOWN AMPNEY – Ralph Vaughan Williams 1906 © *Oxford University Press, UK*

1. O Heil'ge Gees, ons Heer,
wat ons in waarheid leer,
vernuwe ons gemoed
deur u genade.
Gee vreugde op die fees.
Laat ons getuies wees,
Ons wil vertel
van al u wonderdade.

2. Ons bid U, Heil'ge Gees,
laat ons gehoorsaam wees.
Gees van die Vader,
van ons Heer en Koning,
ons loof u heerlikheid
in hierdie Pinkstertyd.
O Skepper-Gees,
maak in ons hart u woning.

2.2.51 Lied 442 – Gees van God wat in my woon

Teks: *Spirit of the living God* – Daniel Iverson 1926; Afrikaanse weergawe Jacques Louw 2001

Melodie: IVERSON – Daniel Iverson 1926 © *Birdwing Music, USA*. Met toestemming gebruik (teks in hierdie vertaling en melodie)

1. Gees van God wat in my woon,
breek die Woord vir my.
Gees van God wat in my woon,
kom en heilig my.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, kom heilig my -
breek die Woord vir my.

2. Gees van God wat lewend maak,
vul my meer en meer.
Gees van God wat lewend maak,
vorm my tot u eer.
Troos my, sterk my, leer my, lei my.
Gees van God, vul my al meer –
vorm my tot u eer.

2.2.52 Lied 445 – Drie-enig God, ons wil U eer

Teks: *Groot Gloria* E4; Nikolaus Decius 1522; J Baumbach 1934; gewysig Izak de Villiers 1978 / 2001

Melodie: *Allein Gott in der Höh' sei Ehr* – Middeléeus; Nikolaus Decius 1539

1. Drie-enig God, ons wil U eer
met smeek- en dankgebede:
U skenk in welbehae, Heer,
aan ons u volle vrede.
Geen kwaad kan blywend skade
doen,
want ons is nou met U versoen

2. Aanbidding, dank en heerlikheid
bring ons aan U, o Here,
ons Vader, groot in majesteit -
aan U vir ewig ere.
U spreek één woord, en dit geskied.
Dit staan reeds daar as U gebied.
U weet vóór ons gevra het!

deur Jesus, onse Here.

3. O Jesus Christus, Seun van God,
o Lig uit Lig gebore,
U het gesterf na Gods gebod
vir sondaars diep verlore.
En so onskuldig soos 'n lam,
het U daar aan die kruis gehang -
in U, Heer, uitverkore!

4. O Heil'ge Gees wat in ons woon,
U krag versterk ons harte.
U help ons God se beeld vertoon
en troos ons in ons smarte.
U laat geloof diep in ons groei,
laat wortel skiet en bot en bloei.
In U is ons vertrou.

2.2.53 Lied 446 – Drie-enig God, aan U die eer

Teks: *Allein Gott in der Höh' sei Ehr* – Nicolaus Decius 1539; Afrikaanse weergawe
Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Herbert Beuerle 1975 / 1993 nav Nikolaus Decius 1539 (Kanon) © *Strube Verlag*, München. Met toestemming gebruik (melodie)

Drie-enig God, aan U die eer
en dank vir u genade.
Soli Deo Gloria.

2.2.54 Lied 449 – Halleluja! Ons loof U, Heer

Teks: Pierre Huet 1803; Ahasverus van den Berg 1806; AGB 1944; gewysig Gerjo
van der Merwe 1978; gewysig 2001

Melodie: *Cantique pou le culte public* 1803; aangepas Nederland 1806; ritmies
aangepas 2001

1. Halleluja, ons loof U, Heer;
aanbid U, Vader, gee U eer,
o Bron van alle lewe!
Ons roem in u barmhartigheid,
u wysheid, mag en majesteit -
ver bo ons lof verhewe!

2. Halleluja, ons loof U, Heer;
U daal in ons ellende neer,
o, Jesus, ons Verlosser!
Vir sondaars het U, Heer, gesterf,
die lewe deur u dood verwerf -
ons roem U as Verlosser.

3. Halleluja, ons loof U, Heer;
U, Gees, daal uit die hemel neer,
maak onder mense woning.
U wil ons troos en leer en lei,
reeds hier op aarde voorberei;
geree maak vir ons Koning.

4. Ons loof U, Vader, Seun en Gees,
ons wil U, Heer, gehoorsaam wees,
aan U behoort ons lewe.
Heer, drie maal heilig, hoor die lied,
Drie-enig God, wat ons U bied -
sing lof, sing al wat lewe!

2.2.55 Lied 450 – Vader, Seun, Heil'ge Gees

Teks: *Lord of lords* – Georgian Banov; Afrikaanse weergawe Braam Hanekom 1993 /
2001

Melodie: PRAISE ANTHEM – Frank Hernandez © *Omnion Music*, c/o BMG (SA),
Suid-Afrika. Met toestemming gebruik (teks en melodie)

1. Vader, Seun, Heil'ge Gees,
hoe sal ons u heerlikheid
kan verwoord, u lof besing
met 'n aardse stem?

2. Woord uit Woord, Lig uit Lig,
kom as mens op aarde.
Bo begrip, bo ons verstand
is u grootheid, Heer.

Eer die Vader, eer die Seun,
eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit,
loof Hom tot in ewigheid.

Eer die Vader, eer die Seun,
eer die Gees as God en Heer.
Eer ons God as Majesteit,
loof Hom tot in ewigheid.

2.2.56 Lied 451 – Hemelse Vader, ons bring U eer

Teks: Jacques Louw 2001 ©

Melodie: STILL NEARER – CH Morris 1862-1929

1. Hemelse Vader, ons bring U eer -
U wat u skepping met wysheid
regeer.

Groot is u almag, liefde en trou.

Ons eer u goedheid; op U kan ons
bou x2

2. Christus, Verlosser, ons bring U eer -
U daal uit liefde as Middelaar neer.

U gee u lewe; U maak ons vry.

Dankbaar kom ons nou onself aan U wy
x2

3. Heilige Gees, aan U al die eer -

U wat gelowiges lei en wil leer.

Rig ons gedagtes, heers oor ons hart.

Gee ons u vrede en troos ons in smart x2

2.2.57 Lied 452 – Here, Hemelvader

Teks: *Il est pour le fidèle* – e Megnin 181801900; Attie van der Colf 1978/2001 ©

Melodie: “O Dieu! Notre Père” – FM 136

1. Here, Hemelvader,
liefdevol, genadig,
bron van volkome heil en seën:
Hoor tog ons smeking,
skenk ons vergewing;
net U kan ware hulp verleen.

2. Here Jesus, Redder,
troue, goeie Herder -
U las is lig en sag u juk.
U is sagmoedig
en lei vermoedies
tot vrede, wysheid en geluk.

3. Gees van God, U lei ons,
help, vertroos, bevry ons -
U self tree pleitend vir ons in.
Lei ons gebede,
gee ons u vrede,
volbring die werk deur U begin.

2.2.58 Lied 454 – Vader, ons eer U

Teks: Donna Atkins 1976; afrikaanse weergawe Ruben Lennox 1993/2001

Melodie: GLORIFY THY NAME – Donna Atkins 1976 © *Maranatha! Music*, USA. Met
toestemming gebruik (teks in hierdie vertaling en melodie)

1. Vader, ons eer U,
ons loof U, ons aanbid U.
U wat heel die skepping onderhou,
U gee son en reën,
ons ontvang u seën.
Heel die skepping wentel om u trou.

2. Jesus, ons eer U,
ons loof U, ons aanbid U.
Ons is u gemeente hier tesaam.
Hoor ons as ons sing,
U ons loflied bring.
Ons, u vrygekooptes, prys u Naam.

3. Trooster, ons eer U,
ons loof U, ons aanbid U.
Heil'ge Gees, ons is met U gedoop.
U wat rig en lei,
staan ons altyd by.
U versterk ons gees, U gee ons hoop.

2.2.59 Lied 456 – Loof, heel die skepping, loof die Heer

Teks: Franciskus van Assisi 1182-1226; *All creatures of our God and King* – William Draper ca 1910; Izak de Villiers ©

Melodie: *Laßt uns erfreuen* – Keulen 1623; aangepas Ralph Vaughan Williams 1906

1. Loof, heel die skepping, loof die Heer,
verhef u stem om Hom te eer!
Kom en prys Hom! Halleluja!
Die aarde op sy vaste baan,
die wolke en die silwer maan,
Kom en loof Hom, kom en prys Hom!
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

2. Hy is ons God wat alles dra
en niemand ooit om bystand vra.
Kom en prys Hom! Halleluja!
Sy krag in droefheid, krag in leed,
sal niemand ooit na waarde meet.
Kom en loof Hom, kom en prys Hom!
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

3. Laat alles voor die Skepper buig
en Hom ootmoedig dank betuig.
Kom en prys kom! Halleluja!
Loof, loof die Vader, Seun en Gees,
drie-enig God, met heil'ge vrees.
Kom en loof Hom, kom en prys Hom!
Halleluja! Halleluja! Halleluja!

2.2.60 Lied 457 – O Hemelvader, uit u hand

Teks: *O God, U het die dorre land* – EC Pienaar 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: *Du Lebensbrot, Heer Jesu Chris* – Peter Sohren (Sohr) 1668; ritmies aangepas 2001

1. O Hemel-vader, uit u hand
alleen kom ware seën!
U het opnuut ons dorre land
deurdrenk met milde reën!
Ná uitkoms roep u kleure-boog
'n jubel uit ons hart omhoog:
Ons leef uit u voorsiening!

2. Aan U die lof en dank en eer,
Verhoorder van gebede!
Hoe diep bewus maak U ons weer
van u goedgunstighede;
dié wat hul saad met trane saai,
sal, na u Woord, met vreugde maai,
en juig in u voorsiening.

3. Waar, in 'n groot verskeidenheid,
ons land sy opbrengs lewer,
wy ons in diep erkentlikheid
ons gawes aan die Gewer!
Gebieder van die wind en weer,
laat elkeen, soos u Woord ons leer,
U loof vir u voorsiening.

2.2.61 Lied 458 – Aan U ons lof, o God

Teks: CJA Vos 2001

Melodie: *Nun danket alle Gott* – Johann Crüger 1647; ritmies aangepas 2001

1. Aan U ons lof, o God,
u skepping bring U hulde.
Ons kroon U, Heer, met eer,
U heers oor al die lande.
Met glans is U beklee,
U is met mag omring.
U is ons toegeneë,

2. Aan U ons dank, o God,
u seën versier ons lewe:
die wolke stapel op,
u reën deurweek die aarde.
'n Oes spruit uit die grond,
U sorg vir mens en dier,
u brood voed elke mond,

Ons kom u lof besing.

ons prys U almal hier.

3. Aan U ons eer, o God,
ons skuld het U vergewe.
U skenk die lewensbrood.
U skenk die nuwe lewe.
Ons God, ons sing dit luid:
U daal na mense neer.
U stort u liefde uit,
aan U ons lof en eer.

2.2.62 Lied 459 – Ons Vader, alles in die lewe

Teks: Ina Rousseau 1978 / 2001

Melodie: *O daß ich tausend Zungen hätte* – Johann König 1738

1. Ons Vader, alles in die lewe
het deur u wil tot stand gekom.
U Gees het oor die vloed geswewe -
die aarde is u eiendom.
U't lig geskep naas duisternis,
naas nag 'n dag wat helder is.

2. Met see en silwer waterstrome,
met dal, gebergte en rivier,
met stapelwolke, blomme, bome
het U u handewerk versier:
U't gras geskep, U is die bron
van elke ster, die maan, die son.

3. U hande skep die weerligstrale,
die donderwolk wat water dra:
U bring die storms oor velde en dale
en skenk die kalmte ook daarna.
U het die diere bly laat juig;
die reënboog teen die lug laat buig.

4. Ons dank U, Vader, vir u goedheid,
vir al wat ons van U ontvang:
die aardse lewe met sy soetheid,
maar ook die pynlikheid daarvan.
Ons loof U vir wat heerlik is,
selfs in ons smart en duisternis.

2.2.63 Lied 461 – Na ploegtyd en na saaityd

Teks: Mathias Claudius 1783; Halleluja 1931; gewysig Hans du Plessis 1989;
gewysig 2001

Melodie: *Wir pflügen und wir streuen* – Johann Schultz 1747-1800

1. Na ploegtyd en na saaityd,
na onvermoeide vlyt,
kom steeds die blye oestyd
deur u goedgunstigheit.
U stuur na koue winter
weer lente met sy bloei,
die winde en die reën
en sonskyn wat laat groei.

2. Ons eer U as die Skepper
van alles wat hier groei,
van planttyd en van oestyd;
van winter en van bloei.
Neem tog ons danklied aan, Heer,
vir gawes ryk en vry.
Ons wil aan U, die Gewer,
aan U, ons opbrengs wy.

Alle goeie gawes kom van die
Hemelheer.
Ons dank U, Heer, ja, dank U, Heer,
en wil U daarvoor eer.

Alle goeie gawes kom van die Hemelheer.
Ons dank U, Heer, ja, dank U, Heer,
en wil U daarvoor eer.

2.2.64 Lied 462 – Aan U, ons Vader, lof en dank

Teks: Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: *Cantique pou le culte public* 1803; aangepas Nederland 1806; ritmies
aangepas 2001

1. Aan U, ons Vader, lof en dank,
met blye hart, met blye klank
vir sonskyn en vir reën.

2. U gee die plan en energie;
die kleinste saad laat U ontkiem-
vir alles sorg U, Vader.

U het gesorg, U het beskik
'n oes waardeur U ons verkwik-
dank, Vader, vir u seën.

U laat ons droom, beplan en spit;
U leer ons wag; U leer ons bid-
ons leef uit u genade.

3. U maak ons dankbaar, vrolik, bly:
met sorg is lande voorberei
wat nou hul opbrengs lewer.
Die plante, elkeen na sy soort,
bring blom en vrug en sade voort.
Ons eer U, grote Gewer.

2.2.65 Lied 463 – Sou ons nie Gods lof besing nie

Teks: *Dat nu elk d'Algoedheid prijze* – Willem van de Velde 1806; *Wie sou nie Gods goedheid prys nie* – EC Pienaar 1944; Attie van der Colf 1978/2001 ©
Melodie: *Jezus is mijn Heer en Koning* – FW Jannasch 1921

1. Sou ons nie Gods lof besing nie,
eer Hom bring nie
waar Hy deur sy voorsorg spreek?
Hy het weer die sware droogte
uit die hoogte
met 'n milde reën gebreek.

2. U het in u groot genade
al ons skade
raakgesien en ons gehelp.
Ons was raadop, het gewefel,
selfs getwyfel.
Nou's ons bly, ons is oorstelp.

3. Hoor, o Heer, vir ander streke
ons gebede;
hoor ons diep bekommernis.
Wil, o Here, hul so seën
met u reën
dat daar ware uitkoms is.

2.2.66 Lied 465 – O, Here God, so groot in majesteit

Teks: Jacques Louw 2001 ©
Melodie: JACQUES – Jacques Louw 2001 ©

1. O, Here God, so groot in majesteit!
Ons buig voor U in diep
afhanklikheid.
Ontferm U oor ons in
goedgunstigheit.
Wees ons genadig, heer!

2. O Heer, ons weet in hierdie droogtetyd
net U kan help deur u voorsienigheid.
Hoor ons gebede, Vader, as ons pleit:
Skenk ons tog uitkoms, Heer!

3. Hoe diep maak U, o Heer, ons weer bewus
dat U alleen die goeie Gewer is.
Hoor, in ons swaarkry, ons belydenis:
U is ons hoop, o Heer!

2.2.67 Lied 467 – Die Heer is God, die sterke God!

Teks: *De Heer is God! de Heer is God!* – Abraham Rutgers 1806; AGB 1944;
gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001
Melodie: *Wie schön leuchtet der Morgenstern* – Philipp Nicolai 1599; ritmies
aangepas 2001

1. Die Heer is God, die sterke God!
Die Vors van vrede is ons God -
o prys Hom nou van harte!

2. Ons sing ons lied van lof en dank,
'n nuwe lied met nuwe klank,
aan U, die God van vrede.

Roem, volkere, sy majesteit:
Hy het gespreek - en vrolikheid
vervang ons angs en smarte.
Dank Hom, prys Hom:
Halleluja.
Halleluja.
Halleluja.
Hom loof ons met vreugdeklanke.

O God van vrede, bly ons by;
O Gees, maak ons van selfsug vry;
O Jesus, rig ons rede.
Rig ons, lei ons
uit genade,
al ons dae,
in u vrede.
U is Vrede; U is Here.

2.2.68 Lied 470 – U, Here, is ons koning

Teks: CJA Vos 2001

Melodie: AURELIA – Samuel Wesley 1864

1. U, Here, is ons Koning,
Een wat met mag regeer.
U onderdane lofsing,
en buig hul voor U neer.
Groot is u Naam en heilig,
getrou is U en goed.
U, Here, is ons toevlug,
die God wat ons behoed.

2. U troon hoog as 'n vesting,
verhoor ons as ons vra:
Heer, bied aan ons beskerming,
Ontfermer wat ons dra.
U, Heer, is sterk en magtig,
U wat ons digby hou,
by U is ons steeds veilig,
op U kan ons vertrou.

3. Gee nou aan ons volharding
dat ons met moed kan stry.
Heer, gee aan ons oorwinning,
u krag sal ons bevry.
U is ons Rots, ons Redder,
Een wat die vyand stuit
U, Here, is ons Vader,
ons God in ewigheid.

4. Aan U ons jubelsange,
ons prys U met ontsag.
Na U is ons verlange,
ons bly u heil verwag.
Heer, U maak by ons woning,
u lof sal ewig duur.
U koms is ons verwagting,
dít wil ons juigend vier.

2.2.69 Lied 471 – Soek allereers die koninkryk van God

Teks: *Seek ye first* – Karen Lafferty 1972; Arikaanse weergawe Jan de Wet 1981

Melodie: LAFFERTY – Karen Lafferty 1972 (Kanon) © *Maranatha! Music*, USA. Met toestemming gebruik (teks in hierdie vertaling en melodie)

Soek allereers die koninkryk van God;
en sy geregtigheid.
wat jul nodig het sal die Vader dan
vir julle gee uit sy oorfloed.
Hy sal voorsien in sy oorfloed.
Halleluja! Halleluja!
Halleluja!
Amen. Amen.

2.2.70 Lied 472 – Kom lofsing die Heer

Teks: Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: HANOVER – William Croft 1705

Diskant: Alan Gray 1855-1935

1. Kom lofsing die Heer;
loof Hom op sy troon;
laat glansryk die hemel hulde betoon.
Loof Hom, helder sterre,
loof Hom, son en maan,

2. Kom lofsing die Heer;
loof almal en juig;
laat weerlig Hom eer en berge kom buig.
Loof Hom, oseane,
loof Hom, berg en meer,

prys Hom, alle wesens -
Hy laat jul bestaan.

prys Hom, ganse aarde,
prys Hom wat regeer.

3. Kom lofsing die Heer;
loof almal sy Naam;
gee Hom al die eer,
kom juig almal saam.
Oor aarde en hemel is Hy in beheer.
Roem, almal wat lewe,
kom lofsing die Heer.

Psalm 148

2.2.71 Lied 473 – Waarmee kan ons die koninkryk

Teks: *Weet gij waarmee het koninkrijk* – Muus Jacobse 1909 -1972; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Wim Mennes 1973. © *Interkerklikje Stichting voor het Kerklied*, s'-Gravenhage, Nederland. Met toestemming gebruik (teks in hierdie vertaling en melodie)

1. Waarmee kan ons die koninkryk
van God tog vergelyk?
'n Saadjie onopsigtelik -
'n mosterdsaad.

2. Wanneer ons hierdie saadjie plant
is dit nog baie klein,
maar as dit groei, word dit so groot
daar in die tuin.

3. Voëls uit die hemel kom daarheen
om daarin nes te maak -
dit gee aan hul 'n skaduwee
wat oor hul waak.

4. Waarmee kan ons die koninkryk
van God dan vergelyk?
'n Saadjie soos die ewigheid:
'n mosterdsaad.

2.2.72 Lied 475 – Allerhoogste Hemelvader

Teks: *Hoc in temple, summe Deus* – Latynse Himne; *d' Allerhoogste zij gesprezen* – Roelof Bennink Janssonius 1817-1872; Gerjo van der Merwe 1978

Melodie: LAUDA ANIMA – John Goss 1869

1. Allerhoogste Hemelvader,
lofgesange prys u Naam.
In ons kerke, in ons huise
loof ons, dank ons U tesaam.
Hoor die loflied, vreugde-sange,
neem dit aan in Jesus Naam.

2. Werk in u gemeente, Here
Vader, Seun en Heil'ge Gees
reinig ons deur u genade,
laat ons offers heilig wees;
U is heilig, maak óns heilig
deur die werking van u Gees.

2.2.73 Lied 476 – 'n Vaste burg is onse God

Teks: Martin Luther 1528; Jan Jacob ten Kate 1868; EC Pienaar 1944; gewysig Attie van der Colf 1978/2001

Melodie: *Ein feste Burg ist unser Gott* – Martin Luther 1528; melodies aangepas 2001

1. 'n Vaste burg is onse God,
ons skuil in Hom, die sterke.
Hy is 'n vesting in die nood
vir ewig staan sy werke.
Al kom die Bose aan
in sy oorwinnaars-waan,
ons weet by al sy lis,
sy lot is reeds beslis

2. Gord ons met eie krag ons aan
dan is die stryd verlore.
Oorwinning is alreeds behaal
deur Een daartoe verkore.
Vra u sy Naam, so weet
dat Hy die Christus heet;
gaan Hy voor in gevaar,
Heer van sy leërskaar,

God self stel aan hom perke.

nooit is die stryd verlore!

3. Al storm hul ook van elke kant,
die hel se leërmagte,
die Een wat sterker is, hou stand,
Hy sterk ons swakke kragte.
Al veg hy met sy lis,
die vors van duisternis,
ons vrees geen dood of hel;
sy vonnis is gevel,
ons is sy val te wagte.

4. God hou sy woord altyd in stand,
geen mag kan dit laat wyk nie.
Hy hou ons veilig in sy hand,
sy trou sal nooit beswyk nie.
Al eis die Bose dan
hier alles wat hy kan,
dit bring hom geen gewin
ons gaan die hemel in,
hy roof ons nooit Gods ryk nie.

2.2.74 Lied 477 – Hou Christus self sy kerk in stand

Teks: *Wenn Christus seine Kirche schützt* – Christian Gellert 1757; Jan Grave en Ahasverus van den Berg 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: *Ein feste Burg ist unser Gott* – Martin Luther 1528; melodries aangepas 2001

1. Hou Christus self sy kerk in stand -
vergeefs die hel se woede.
As Here aan Gods regterhand
regeer Hy ons ten goede.
Hy is in alle leed
steeds tot ons hulp gereed,
bewaak die Christendom,
en waar die vyand kom,
stuit Hy die bose woede.

2. O Christen wat op Hom vertrou,
u moet geen onheil vrees nie.
Sal Hy wat sy gemeente bou,
ons nie 'n toevlug wees nie?
Hy, oor die toekoms Heer,
waak oor sy Woord en eer -
Hy gee geduld in nood
en krag en moed in dood:
Moet geen bedreiging vrees nie!

2.2.75 Lied 479 – U self het oor Jerusalem

Teks: Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: ST PETER – Alexander Reinagle 1830

1. U self het oor Jerusalem,
die vrestad, geweën.
Bekeer, bekeer u volk, o Heer,
wil aan hul guns verleen!

2. In u genade het U, Heer,
U ook na ons gewend
en ons wat eens verlore was,
is nou met U bekend.

3. Verhoed dat ons verhard, o Heer,
u liefde ooit verlaat.
Messias, laat ons van u koms
getuig met woord en daad.

4. Bekeer, bekeer ook Israel
tot U, gee hul geloof,
Verlosser wat uit Sion kom,
geseënde Heer en Hoof!

2.2.76 Lied 480 – My volk, Ek self het jou verwek

Teks: PH van Huyssteen 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Musiek: MELITA – John Dykes 1861; ritmies aangepas 2001

1. My volk, Ek self het jou verwek,
met liefde jou na My getrek;
'n kindjie aan die hand gelei,
só was jy altyddeur by My.
Jy het leer loop, en voor jy vra,
het vaderhande jou gedra.

2. Ek het in krankheid jou genees,
was van jou groei die krag gewees.
Maar jy het weggedwaal van My;
jy kies die sondeheerskappy!
Jy eer My nie met rein gemoed;
erken die hand nie wat jou voed.

3. Dis nie jou dood wat Ek begeer,

maar dat jy jou tot My bekeer.
Laat al jou slegte dade staan
waarom wil jy verlore gaan?
Net Ek, die Heer, kan skuld vergeef.
Keer jou tot My en jy sal leef!

2.2.77 Lied 481 – Ontwaak, jy wat slaap

Teks: *Ontwaak, gij die slaapt* – Petro Parson 1857; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig WD Jonker 2001
Musiek: ONTWAAK! – Johannes Bastiaans 1868

1. Ontwaak, jy wat slaap,
en staan op uit die dood,
laat Christus se lig in jou lewe!
Hy wek jou en roep jou,
o mens in jou nood
Ontwaak en staan op,
die gevaar is so groot -
wie kies, o verdwaasde,
bo lewe die dood?
Hy oordeel as regter verhewe.

2. Ontwaak en staan op
uit jou sonde vir goed!
Die nag het verdwyn met sy duister.
Die lig van genade
met blydschap begroet,
skyn lankal op aarde met luister.
Jou roeping is heilig
en heerlik jou taak,
maar min is die ure -
ontwaak dan, ontwaak!

3. Gelukkig is almal
wat leef in die lig,
deur Christus gewek tot die lewe.
Geen vrees vir die oordeel,
die laaste gerig,
geen angs vir die dood laat hul bewe.
Ontwaak, jy wat slaap
en staan op uit die dood! -
só roep jou Verlosser,
jou redder uit nood.

Efesiërs 4:13-17

2.2.78 Lied 482 – Keer terug en kom na My

Teks: *O my people, turn to Me* – Marie Post 1981; Afrikaanse weergawe Breda Ludik 1993
Melodie: HOSEA – Norman Jonkman 1984 © CRC Publications, Grand Rapids, USA. Met toestemming gebruik (teks in hierdie veraling en melodie)

1. "Keer terug en kom na My,
van jou skuld maak Ek jou vry,"
roep die stem van God, die Heer,
na sy volk om terug te keer.
"Soos die dou die veld laat bloei,
sal my liefde jou laat groei.
O, laat niemand jou verlei.
Keer terug en kom na My."

2. "As my volk sy skuld bely,
sal Ek hom daarvan bevry.
Hy sal in my skadu woon,
soos 'n lentebloom vertoon,
soos die bome vas bly staan
op die Libanon se hang.
O, laat niemand jou verlei.
Keer terug en kom na My."

3. "Keer terug en kom na My,
van jou skuld maak Ek jou vry,"
roep die stem van God, die Heer,
deur die eeue altyd weer.
"Al verbreek my volk hul trou,
Ek sal my beloftes hou.

O, laat niemand jou verlei.
Keer terug en kom na My."

2.2.79 Lied 483 – O almal wat dors het

Teks: *O alle gjj dorstigen* – Jan Wit 1961; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: Tera de Marez Oyens-Wansink 1961 © *Interkerklike Stichting voor het Kerklied*, 's-Gravenhage, Nederland. Met toestemming gebruik

1. O almal wat dors het,
kom drink by die waters
en die wat geen geld het nie,
kom hier en eet.
Al het u geen duit om te koop,
kom tog nader -
vir u staan die Here se tafel gereed
met wyn en met melk
uit die hand van die Koning:
Kom, u is genooi na die Here se
woning!

2. Vir wat weeg u geld af
vir wat tog geen brood is
en arbei u aldag vir dit wat ontbreek,
vir voedsel wat niks gee as
méér hongersnood nie:
O luister, u sal van die goeie kan eet!
Die Here gee oorfloed van hemelse
spyse.
Verlustig u in sy genadebewyse!

3. O soek na die Here terwyl Hy te vind is
en roep Hom aan, prys Hom,
hier naby is Hy.
Kom almal na Hom toe,
wat u goedgesind is;
by Hom is genade, vergifnis te kry.
Hoe hoog is sy weë, sy dae, gedagte:
Hy is God die Here vir alle geslagte.

Jesaja 55:1-6

2.2.80 Lied 485 – O Heer, u laaste woorde

Teks: Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: *Valet will ich dir geben* – Melchior Teschner 1613

1. O Heer, u laaste woorde
digby Jerusalem,
kom deur die loop van eeue
soos met u eie stem:
"Aan My, wat dood oorwin het,
is alle mag gegee;
die heil wat Ek gebring het
gaan deel dit verder mee!"

2. O Heer, u laaste woorde
as eerste sendeling,
het oor die hele wêreld
bevrydend uitgekring:
"Gaan oral en verkondig,
deur lewe, woord en doop,
vergifnis van die sonde,
verlossing uit die dood."

3. Maak deur u laaste opdrag
wat soveel vreugde bring,
ons arbeid tot 'n seën;
laat liefde ons ook dring.
Bring mense tot bekering,
wil u gemeente bou.
En laat ons, Heer, u lering
van harte onderhou.

2.2.81 Lied 486 – Bring aan die volke die boodskap

Teks: Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: *Lobe den Herren* – Duits ca 1640; geestelik Stralsund 1665; Halle 1704; ekumeniese vorm 1973

1. Bring aan die volke die boodskap
van hoop en bevryding!
So sê die Here,
verkondig al verder die tyding:
"Daar is my kneg!
Hy bring aan nasies die reg -
volg Hom getrou in sy leiding."

2. Hy, die geliefde,
die enigste daartoe verkore,
ly vir ons sonde en red ons,
in sonde verlore.
Die Kind word Kneg!
Hy neem ons sondeskuld weg
ons word in Hom weergebore.

3. Hy wat verstaan, sal die riet
wat geknak is, nie breek nie.
Hy laat die swakke, verdrukke nie
vrugteloos smee nie.
Die Kneg is Heer!
Duisende wag op sy leer -
laat ons hul nood nie vergeet nie.

4. As Hy ons roep tot sy diens -
hoe sal ons dit mag weier?
Hy is almagtig, genadig,
die troue bevryder.
Christus gee krag,
klee ons met koningsgesag –
Hy is ons Koning en Leier.

2.2.82 Lied 488 – Helder skyn u lig vir die nasies

Teks: *May we be a shining light* – Chris Christenson 1986; Afrikaanse weergawe CJA Vos 1993 / 2001

Melodie: SONG FOR THE NATION – Chris Christenson 1986 (ritmies aangepas 1993 / 2001) © *Integrity Music Inc.*, USA. Met toestemming gebruik (teks in hierdie vertaling en melodie)

1. Helder skyn u lig vir die nasies,
'n vreugdeglans om die mense te
verlig
tot die hele wêreld kan sien
U is die lig.
Mag u lig, Heer, deur ons skyn.

2. Vrolik klink ons lied vir die volke,
'n pryslied bring
al die nasies om ons saam
tot die hele wêreld kan jubel oor u Naam
Mag u lof, Heer, deur ons klink.

3. Balsem bring herstel vir die wonde,
'n sagte salf vir die mense met hul
seer
tot die hele die wêreld kan sien
dat U genees.
Mag U troos, Heer, deur ons bied.

4. Heer, u Woord gee hoop aan die
nasies;
'n hartvol hoop om die volke te verbly
tot die hele wêreld kan glo dat U bevry.
Mag U hoop, Heer, deur ons gee.

5. U is Koning, Heer, oor die aarde.
Die mense vra na u wil om u te eer
tot die hele wêreld kan juig dat U regeer.
Laat u ryk, Heer, in óns kom!
Laat u ryk, Heer, deur óns kom!
Laat u ryk, Heer, oral kom!

2.2.83 Lied 494 – Gelukkig is die mens

Teks: *Gelukkig is het land* – Adriaan Valerius, oorlede 1625; Attie van der Colf 1989; WD Jonker 2001

Melodie: *Neder-landtsche Gedenck-clanck*, Haarlem 1626

1. Gelukkig is die mens

2. Gelukkig is die huis

wat op die Here bou.
God self sal in sy nood
sy hande om ons hou.
Dié wat op Hom vertrou,
hoef vir geen kwaad te vrees.
God wil en kan en sal
vir ons 'n toevlug wees.

waarop Gods seën rus.
Hy skenk ons krag na kruis;
is van ons nood bewus.
Dié wat op Hom vertrou,
hoef vir geen kwaad te vrees.
God wil en kan en sal
vir ons 'n toevlug wees.

3. Gelukkig is die kerk
waar God heers deur sy Gees.
Hy sal sy volk versterk,
van dwaling hul genees.
Dié wat op Hom vertrou,
hoef vir geen kwaad te vrees.
God wil en kan en sal
vir ons 'n toevlug wees.

2.2.84 Lied 495 – Jesus, U verbly my

Teks: Johann Franck 1653; J Baumbach 1934; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©
Melodie: *Jesu, meine Freude* – Johann Crüger 1653

1. Jesus, U verbly my
en u hand bevry my,
o my heil en lig!
Hoogte, diepte, lyding
niks bring ooit weer skeiding
van u aangesig.
Deur u Gees bly U in my.
Buiten U is niks op aarde
enigsins van waarde.

2. Niks van hierdie wêreld,
goud, robyn of pêrel,
sal my hart verkneg.
U alleen is ewig,
U verbond staan stewig
en u Woord is reg.
Niks ontroof my die geloof
of verdonker hierdie wete:
Jesus, U's my vreugde!

2.2.85 Lied 496 – Jesus, U die lewe

Teks: Elsabé Kloppers 2001 ©
Melodie: *Jesu, meine Freude* – Johann Crüger 1653

1. Jesus, U die lewe,
Jesus, U die waarheid,
Jesus, U die weg -
U wys ons die Vader,
laat ons tot Hom nader;
U is self die weg.
"Glo in God, glo ook in My" -
so leer U ons glo, o Here,
want U is die lewe.

2. Jesus, U is Here,
U gee ons u vrede,
U staan ons hier by.
Deur die Gees van waarheid,
leef ons met die klaarheid
dat U by ons bly.
"Glo in God; glo ook in My" -
ons kan met vertrouwe lewe,
want U is ons vrede

2.2.86 Lied 497 – Ek is u kind, U roep my, Heer

Teks: Flip Schutte 2001
Melodie: *Nun danket all und bringet Ehr* – Johann Crüger 1653

1. Ek is u kind, U roep my, Heer,
om U te loof en eer.
U wil dat ek 'n loflied sing,
my hulde aan U bring.

2. U het in liefde my gelei,
my deur u sorg bevry.
Maar ek dwaal weg en skend u eer,
tog roep ek na U, Heer!

3. U vaderhart hoor my gebed.

U Seun het my kom red.
Hy het gesterf en opgestaan,
as kind neem ek dit aan.

2.2.87 Lied 499 – Die Heer is God, en niemand meer

Teks: *Den Herr ist Gott und keiner mehr* – Johann Cramer 1723-1788; AJ Zubli 1806; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig WD Jonker 2001

Melodie: *Du Lebensbrot, Herr Jesu Christ* – Peter Sohren (Sohr) 1668 (ritmies aanepas, 2001)

1. Die Heer is God, en niemand meer;
sy almag ken geen perke,
Hy is van ewigheid die Heer,
volmaak is al sy werke.
Hy skenk die son, die helder dag,
die maan en sterre vir die nag,
die see en duisend berge.

2. Die Heer is God, en niemand meer.
Aan Hom is niks gelyk nie.
Hy is en bly van alles Heer,
niks kan Hom ooit ontwyk nie.
Hoe hoog Hy troon, Hy is naby.
Selfs as die nag 'n sluier sprei
sal niks sy oog ontduik nie.

3. Sal ek die majesteit se gloed
as sondaar ooit kan nader?
Goddank! Versoen deur Jesus bloed,
is God ook nou my Vader.
Nou klink my lied: Die Heer is goed,
die Heer is onuitspreeklik goed,
oneindig sy genade.

2.2.88 Lied 500 – Gods daade is volmaak en goed

Teks: Paul Geertsema 1978; gewysig Elsalbé Kloppers 2001

Melodie: *Was Gott tut, das ist wohlgetan* – Servetus Gastorius 1681

1. Gods daade is volmaak en goed,
sy wil is altyd heilig.
Hy sal my altyd trou behoed,
en by Hom is ek veilig.
Sy hulp is groot; in al my nood
beskerm Hy teen gevare
deur al my lewensjare.

2. Gods daade is volmaak en goed,
Hy sal my nooit begewe.
Ook as ek deur die dieptes moet,
bly Hy my lig en lewe.
Wie op Hom bou, op Hom vertrou,
vind steeds by Hom beskerming,
genade en ontferming.

3. Gods daade is volmaak en goed,
sy trou is altyd seker.
Waar ons nog na 'n uitweg soek,
weet hy reeds wat is beter.
Voor God se wil word ons dan stil -
in Hom is ons vertrou;
deur Hom bly ons behoue.

2.2.89 Lied 501 – Ek het, toe wilde storms gewoed het

Teks: *Ich habe nun den Grund gefunden* – Johann Rothe 172; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *O daß ich tausend Zungen hätte* – Johann König 1738

1. Ek het toe wilde storms gewoed
het,
diep onder, vaste rots gevind.

2. Dié vastigheid het die Getroue,
my Heiland, met sy dood gelê.
Ek is Gods kind en in vertrou

Die woord wat my van ramp behoed
het:
God is my Vader; ek sy kind.
My anker is dáár vasgemaak
- ek glo! -
niks sal dit los laat raak.

kan ek dit glo; sal ek dit sê.
Al kom daar onweerswolke aan,
die woord is vas:
Die rots bly staan.

2.2.90 Lied 506 – O Heer, u liefde wondergroot

Teks: Andries Breytenbach 2001

Melodie: ST PETER – Alexander Reinagel 1830

1. O Heer, u liefde wondergroot
maak my van sonde vry.
U Seun ontruk my aan die dood,
Hy dra die kruis vir my.

2. U hulp, u liefde onbegrens
laat my van vreugde juig;
U deernis met 'n dwase mens
laat my eerbiedig buig.

3. Genade so oneindig wyd -
U skenk dit weer en weer.
Dit is die hoogste heerlikheid
dat U my liefhet, Heer.

2.2.91 Lied 507 – Hemelse Vader, U heers op u troon

Teks: Izak de Villiers 2001 ©

Melodie: DUKE STREET – John Hatton 1793

1. Hemelse Vader, U heers op u
troon,
U is ook oral waar ons woon.
Dit is ons troos as ons twyfel of vrees:
U sal ons God vir ewig wees.

2. Volke mag worstel en oorlog verklaar,
mense mag stryd voer met mekaar.
Sterre, planeete mag brand en vergaan -
U troon sal ewig bly bestaan.

3. Smart of tragedie mag ons hier
oorval -
dit tref ons male sonder tal.
As ons verbyster net staan en bly
staar,
bly U ons God. U's altyd daar!

4. Vader, ons weet ons kan nêrens heen
dwaal
U sal ons altyd weer kom haal.
Niks stuit u liefde en majesteit,
Here ons God, in ewigheid.

2.2.92 Lied 508 – Vaste Rots op wie ek bou

Teks: *Rock of Ages, cleft for me* – Augustus Toplady 1776; *Vaste rots van mijn behoud* – Johanna van der Waals 1868-1922; CJA Vos 1989/2001

Melodie: SPAIN – Ierse melodie, Philadelphia 1826

1. Vaste Rots op wie ek bou,
Een op wie ek kan vertrou.
Rots by wie ek altyd skuil -
U is skenker van my heil.
As die golwe oor my slaan,
bly my Rots vir ewig staan.

2. Sonde woed met alle mag,
onrus kwel my dag en nag.
In my sonde vasgevang,
laat U my na U verlang.
U het alles vir my veil -
God, my Rots van ware heil!

2.2.93 Lied 509 – Op berge en in dale

Teks: CC Sturn 1740-1786; *Op bergen en in dalen* – Ahasverus van den Berg en Johann Cranmer 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1989; gewysig 2001

Melodie: Cornelis de Pauw 1806. Diskant: Albert Troskie 2001

1. Op berge en in dale
en oral is my God;
waar ons ook telkemale
mag swerwe, daar is God!
Waar ons gedagtes swewe
of styg, ook daar is God;
omlaag en hoog verhewe
ja, oral is my God!

2. Sy troue vaderoë
sien alles van naby;
ons leef uit sy vermoë -
word deur sy Gees gelei.
Die swaeltjies behoed Hy,
beklee met gras die dal;
die kleinste wurmpie voed Hy,
sorg vir die groot heelal.

3. Die diere op die aarde,
die visse in die see,
die mossie en die arend,
die blomme, veld en vee,
met al sy ander werke,
verkondig dag en nag
sy goedheid sonder perke;
die grootheid van sy mag.

4. Roem, Christen, heel my lewe
is veilig in my God;
waar alles my begewe,
of waar ek ly, is God;
waar troue vriendehande
nie red nie, daar is God;
selfs in die dood se bande
ja, oral is my God!

2.2.94 Lied 511 – Lei U ons, Lig

Teks: *Lead, kindly Light* – Henry Newman 1834; Halleluja 1903; Halleluja 1931; gewysig Hans du Plessis 1989 / 2001

Melodie: SANDON – Charles Purday 1860

1. Lei U ons, Lig, deur hierdie
duisternis,
lei U ons, Heer!
Steil is die pad waarop ons pelgrims
is,
lei U ons, Heer!
Wys U die weg, ons wil U ewig volg.
Waar U mag lei, sal ons getrou U
volg.

2. Al wou ek self my lewenspad hier meet,
al wou ek lei;
noudat ek weet, nou vra ek U, ek smEEK:
Sal U my lei?
Ja, ek was dwaas, verlei deur ydelheid.
Vergeef nou Heer! Vergeet tog daardie
tyd.

2.2.95 Lied 513 – Soek in God jou sterkte

Teks: *Onward, Christian soldiers* – Sabine Baring-Gould 1865; Attie van der Colf 1984 / 1989 / 2001 ©

Melodie: ST GERTRUDE – Arthur Sullivan 1842-1900

1. Soek in God jou sterkte;
kry by Hom jou krag;
met sy wapenrusting
klee Hy ons met mag.
Nie teen medemense
is ons worstelstryd,
maar ons veg teen Satan
en sy sluwe listigheid.
Hy stuur bese magte
in die wêreld in,
maar met God se wapens

2. Waarheid en Gods vryspraak
hou ons op ons pos,
dan klink bly die boodskap
dat die Heer verlos.
Ons geloofsvertroue
is 'n skild wat keer -
daarmee kan ons elke brandpyl
van die Bose weer.
Ons bly van verlossing
altyddeur bewus
en met God se swaard,

kan ons hul oorwin.

sy woorde, toegerus.

3. Doen dit alles biddend,
soos die Gees ons lei.
Laat ons altyd waaksaam
en gelowig bly!
Almal wat bly volhou,
saam bly bid en werk
deel in die geheim van
God se koninkryk en kerk.
Hy maak ons vrymoedig,
swakkes gee Hy krag -
met sy wapenrusting
klee Hy ons met mag!

2.2.96 Lied 515 – Soms kyk ons soekend om ons rond

Teks: Hannes van der Merwe 2001 ©

Melodie: DOMINUS REGIT ME – John Dykes 1823-1876

1. Soms kyk ons soekend om ons
rond -
ons smag na sin en vrede.
Ons voel oorspoel deur sinloosheid
in ons gejaagde lewe.

2. Ons kom tot U, wat deur u Seun,
ons roep tot sin en vrede.
Om U te ken, bring waarlik sin
in ons gejaagde lewe.

3. Bewaar my van my sin te soek
in my gejaagde lewe.
Laat my alleen op U vertrou -
die bron van sin en vrede.

2.2.97 Lied 517 – Leer ons U vertrou, o Here

Teks: *Leer ons, vader! U verbreiden* – Hieronymus van Alpen 1806; GBS Gerdener 1931; AGB 1944; Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Lourens Strydom 2001 (postuum)

Melodie: Badenhorst-gesang, Strydenburg – opgeteken 1950

1. Leer ons U vertrou, o Here,
leer ons lewe U ter ere,
leer ons reken op u krag,
leer ons sing selfs in die nag,
in die nag,
leer ons sing, selfs in die nag.

2. Leer ons hoop in moeilikhede
en U dank in ons gebede,
voor U leef met stil ontsag;
gee ons vreugde elke dag,
elke dag,
gee ons vreugde elke dag.

3. Leer ons om ons nie te kwel nie
of oor môre te ontstel nie.
Ons is, Heer, aan U verbind -
maak ons rustig soos 'n kind,
soos 'n kind,
maak ons rustig soos 'n kind.

2.2.98 Lied 519 – Wees stil en weet: Ek is die Heer

Teks: Oorsprong onbekend; Attie van der Colf 1993 / 2001 ©

Melodie: BE STILL AND KNOW – oorsprong onbekend

1. Wees stil en weet: Ek is die Heer.

2. Wees stil en weet: Ek is die Heer.

Ek spreek en wind en golwe bedaar,
Ek sal ook jou getrou bewaar.

Ek ken jou pyn, jou donkerste nag.
Ek is by jou, Ek gee jou krag.

3. Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Kom bring na My jou kommer en
vrees.
Ek sal vir jou 'n toevlug wees.

4. Wees stil en weet: Ek is die Heer.
Bly waak en bid; volhard in geloof. Ek is by
jou soos Ek belooft.

2.2.99 Lied 520 – Saam buig ons neer om God te eer

Teks: *In welken oord men vromen vindt* – Hieronymus van Alpen en Abraham
Rutgers 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978;
gewysig WD Jonker 2001
Melodie: *Psalm 21* – Genève 1551

1. Saam buig ons neer om God te eer -
deur één Gees tree ons nader
as kinders van één Vader.
Ons is in Jesus, onse Heer,
deur één geloof verbind:
van harte eensgesind.

2. Wil U ons in u liefde lei
en leer ons daarna strew
om dankbaar te kan lewe.
Ons wil aan U verbonde bly -
in Christus saamgebind:
van harte eensgesind.

Efesiërs 4:4-6

2.2.100 Lied 521 – Erkentlik deur die dae

Teks: Paul Gerhardt 1653; Ina Rosseau 1978
Melodie: *Du meine Seele, singe* – Johann Ebeling 1666; ritmies gewysig 2001

1. Erkentlik deur die dae,
my aardse lewe lank,
wil ek die Here lofsing;
wil ek die Here dank
vir wat Hy uit genade
so ruim aan my bewys;
wil ek Hom vir sy dade
solank ek lewe, prys.

2. Erkentlik deur die dae,
so lank as ek bestaan,
wil ek my blydschap uitsing;
in ootmoed voor Hom gaan,
omdat Hy my versadig,
omdat ek niks verlang
as wat ek uit sy hande
so onverdiend ontvang.

2.2.101 Lied 523 – Goddelike liefdebande

Teks: Isaac Watts 1674 – 1748; Clara van Raesvelt-van Sytzema en Jan Scharp
1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978/2001
Melodie: *Komm, o komm du Geist des Lebens* – Meiningen 1693

1. Goddelike liefdebande
bind in Jesus mense saam,
bind uit alle wêreldlande
die verlostes in sy Naam:
één in gees, geloof en doop,
één in keuse, liefde, hoop.

2. Ja, 'n groot verlose skare
sien ons op sy roepstem kom;
groter groei dit met die jare:
alle volke huldig Hom!
Kinders by hul Vader tuis -
vreugde, oral, vul sy huis!

3. Groot is sy geduld en liefde -
Jesus Christus, God en mens.
In ons wek Hy naasteliefde -
stuur ons na ons medemens.
Mense eensaam, honger, naak,
dié kom Hy ons naastes maak.

4. Laat ons liefde en gebede
vir mekaar ons hegter bind.
As Hy kom, die vors van vrede,
mag Hy ons só werksaam vind.
Kom, ja kom, so roep die bruid
en die Gees verlangend uit.

2.2.102 Lied 524 – God roep ons om met woord en daad

Teks: *God roept ons, broeders, tot de daad* – Jan Thompson 1882-1961; Attie van der Colf 1989 / 2001

Melodie: ELLACOMBE – Wurtemberg; Mainz 1833 © *Interkerkelyke Stichting voor het Kerklied*, 's-Gravenhage, Nederland. Met toestemming gebruik (teks)

1. God roep ons om met woord en daad,
vir Hom te leef en werk.
Hy roep ons deur sy Woord en Gees
en maak van ons sy kerk.
Hy kies, bewaar en onderhou;
Hy inspireer en bou.
Geloof wat deur die liefde werk,
hou aan, bly groei, maak sterk.

2. God roep, en self ons met sy Gees
tot koning en profeet;
tot priester, met 'n hart en hand
vir hul in nood en leed.
Hy leer ons om te werk en bid,
om berge te versit.
Hy wat vir ons die gawes gee,
maak ons vir diens gereed.

3. Ek hoor U roep; ek ken u stem;
ek luister na u woord.
Laat, Here, ons gehoorsaam wees,
U dien soos wat dit hoort.
Waar kan 'n groter vreugde wees,
o Vader, Seun en Gees?
Deur omgee en met uitreik, Heer,
gaan ons met blydschap voort.

2.2.103 Lied 526 – Waar daar liefde is

Teks: *Ubi caritas* – keervers uit himne: *Congregavit nos in unum* E9 / E10; Afrikaanse weergawe Elsabé Kloppers 2001 ©.

Musiek: Jacques Berthier 1923-1994. © *Ateliers et Presses de Taizé*, Frankryk. Met toestemming gebruik (teks in hierdie vertaling en musiek)

1. Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is,
daar is God die Heer.

2. Ubi caritas et amor
Ubi caritas Deus ibi est.

2.2.104 Lied 527 – Die werk behoort aan U, ons Heer

Teks: *Die Sach ist dein, Herr Jesu Christ* – Samuel Preiswerk 1829; Halleluja 1931; gewysig Louwrens Strydom 2001 (postuum)

Melodie: Johann Haydn ca 1795 (aangepas)

1. Die werk behoort aan U, ons Heer -
die werk waarin ons staan.
Gee daarom, Heer, dat hierdie werk
nooit sal ten gronde gaan.
Die koringsaad sal eers moet sterf,
dan oes die boer die goue gerf.
Laat ons ook só onself verloën,
ons werk geen jaag na roem
vertoon.
Seën U ons werk,
maak ons in ywer sterk

2. Deur lyding heen het U, ons Hoof,
die vreugde in gegaan.
Laat ons ook met volharding, Heer,
óns pad met vreugde gaan.
Gebruik ons in u koninkryk,
maak ons aan Christus meer gelyk.
En as ons by die einddoel kom,
wanneer ons loflied hiér verstom,
laat dan, o Heer,
ons lied U ewig eer.

2.2.105 Lied 528 – Leer my u wil, Heer

Teks: *Have Thine own way, Lord* – Adelaide Pollard 1901; Halleluja 1931; Attie van der Colf 1984 / 1989 / 2001 ©

Melodie: ADELAIDE – George Stebbins 1907

- | | |
|---|---|
| <p>1. Leer my u wil, Heer, u doel met my -
U, Pottebakker, met my, die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig stil.</p> | <p>2. Leer my u wil, Heer, u plan vir my;
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:
As ek dan swak is, maak U my sterk.</p> |
|---|---|

3. U gee u gawes net soos U wil;
almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
dat U my oral nuttig gebruik.

2.2.106 Lied 529 – Dank, dank die Heer

Teks: Karl Herrosee vóór 1810; Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: *Danket dem Herrn!* – Karl Schulz 1810

- | | |
|--|--|
| <p>1. Dank, dank die Heer. Ons dank die Heer,
want aan sy liefde,
sy troue liefde is geen einde nie,
is daar geen einde nie (2x)</p> | <p>2. Sing vir die Heer. Sing tot sy eer,
besing sy dae, vergeet ook nie die goeie wat Hy doen;
die goeie wat Hy doen (2x)</p> |
| <p>3. Bid tot die Heer. Aanbid die Heer,
met hoë agting, met volle eerbied word
sy Naam genoem;
sy Naam word hoog geëer (2x)</p> | <p>4. Dank, dank die Heer. Ons dank die Heer,
want Hy is liefde, sy trou en goedheid
duur in ewigheid,
dit duur in ewigheid (2x)</p> |

2.2.107 Lied 532 – Ons Vader, neem ons hande

Teks: Julie Hausmann 1862; Halleluja 1931; gewysig Hans du Plessis 1989; Andries Breytenbach 2001

Melodie: *So nimm denn meine Hände* – Friedrich Slicher 1842

- | | |
|--|--|
| <p>1. Ons Vader, neem ons hande en maak ons een.
Versterk u self die bande -
gee ons u seën.
Bind ons in u genade aan U, o Heer,
en leer ons om met dae u Naam te eer.</p> | <p>2. Heer, wees vir ons 'n Vader wat sorg en sien.
Trek ons in Christus nader om U te dien.
Laat, Heer, u Gees ons voorgaan,
laat Hy ons lei,
dat ons u Woord gehoorsaam,
ons aan U wy.</p> |
|--|--|

3. Leer ons mekaar vergewe,
mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe
op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede,
en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede
in Jesus Naam.

2.2.108 Lied 533 – Stuur ons, Here

Teks: Vrye Afrikaanse weergawe van tradisionele isiZoele, isiXhosa en Sesotho tekste

Melodie: THULA MINA – tradisioneel Suid-Afrika (isiZoeloe) © *Utryck*, Uppsala, Swede (harmonisasie)

1. Stuur ons, Here,
stuur ons Here,
stuur ons Here,
in u Naam!

2. Gee ons krag, Heer,
gee ons krag, Heer,
gee ons krag, Heer,
in u naam!

3. Ons sal gaan, Heer,
ons sal gaan, Heer,
ons sal gaan, Heer,
in u Naam!

2.2.109 Lied 534 – Stuur ons uit, Heer

Teks: Vrye Afrikaanse weergawe van tradisionele isiZoele, isiXhosa en Sesotho tekste

Melodie: THULA MINA – tradisioneel Suid-Afrika (isiZoeloe) © *Utryck*, Uppsala, Swede (harmonisasie)

1. Stuur ons uit, Heer,
stuur ons uit, Heer,
stuur ons uit, Heer,
in u Naam!

2. Gee ons krag, Heer,
gee ons krag, Heer,
gee ons krag, Heer
in u Naam!

3. Laat ons gaan, Heer,
laat ons gaan, Heer,
laat ons gaan, Heer,
in u Naam!

2.2.110 Lied 535 – Staen deur u Gees, o Here

Teks: *Blyft bij met Uwen zegen* – Rynse Gesangboek E19; E Hartwig 1947; Gerjo van der Merwe 1978; gewysig 2001

Melodie: *Valet will ich dir geben* – Melcior Teschner 1613

1. Staen deur u Gees, o Here,
die egpaar altyd by,
sodat hul, U ter ere,
hulself aan U kan wy.
Bewaar hul teen die kwade,
die Bose wat verlei;
gee aan hul u genade
dat hul steeds trou sal bly.

2. Gee dat hul deur die lewe
mekaar tot hulp sal wees;
bo selfsug ook verhewe
en één van sin en gees.
Dit is u welbehag
dat hul in liefde woon;
plaas U oor al hul dae,
o Heer, 'n vreugdekroon.

2.2.111 Lied 536 – Heer, ons bid vir hierdie egpaar

Tesk: Hannes van der Merwe 2001 ©

Melodie: STUTTGART – Psalmodia Sacra, Gotha 1715; aangespas Henry Gauntlet 1861

1. Heer, ons bid vir hierdie egpaar:
Sterk hul liefde meer en meer.
Bind hul tweeheid tot 'n eenheid,
laat hul lewe tot U eer.

2. Maak hul huis vir hul 'n tuiste -
vol geloof en vol gebed.
Laat hul ook in swaarder tye
vas vertrou dat U sal red.

3. Maak in voorspoed hulle
dankbaar
oor die seën wat U bring,
en as teëspoed oor hul pad kom
dat hul steeds oor U sal sing.

4. Heer, omvou hul met u liefde
waar hul lewe heen mag lei.
Maak hul diensbaar en geduldig;
laat hul altyd in U bly.

2.2.112 Lied 537 – Ons Vader, neem hul hande

Teks: Julie Hausmann 1862; Halleluja 1931; gewysig Hans du Plessis 1989;
Andries Breytenbach 2001

Melodie: *So nimm denn meine Hände* – Fricrich Silcher 1842

1. Ons Vader, neem hul hande
en maak hul een.
Versterk u self die bande -
gee hul u seën.
Bind hul in u genade aan U, o Heer,
en leer hul om met dade u Naam te
eer.

2. Heer, wees vir hul 'n Vader
wat sorg en sien.
Trek hul in Christus nader
om U te dien.
Laat, Heer, u Gees hul voorgaan,
laat Hy hul lei,
dat hul u Woord gehoorsaam,
hul aan U wy.

3. Leer hul mekaar vergewe,
mekaar vertrou.
Laat hul die hele lewe
op liefde bou.
Laat heers oor hul u vrede,
en bind hul saam.
Verhoor tog ons gebede
in Jesus Naam.

2.2.113 Lied 554 – Diep uit my hart, o Vader

Teks: Georg Niege 1585; Halleluja 1951; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Aus meines Herzens Grunde* – E16; Eisleben 1585

1. Diep uit my hart, o Vader,
bring ek U lof en dank.
Ek kom met blydschap nader;
dien U, my lewe lank.
U neig u oor tot my,
U luister na my bede:
Aan U, die God van vrede,
wil ek my loflied wy.

2. U het my uit genade
getrou, o Heer, bewaar -
teen ramp en skrik en skade,
teen elke groot gevaar.
Ek is aan U verbind,
aan U behoort my dae.
Met al my twyfelvrae
bly ek nog steeds u kind.

2.2.114 Lied 555 – Ek kniel hier in die oggendlig

Tesk: Martin Behm 1608; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Das walt Gott Vater und Gott Sohn* – Daniel Vetter 1713; melodies en
ritmies aangepas 2001

1. Ek kniel hier in die oggendlig
en soek, my God, u aangesig;
maak, Heer, vir my ook hierdie dag,
as U so wil, vol lig en prag!

2. Bevestig self my handewerk.
En my geloof, maak U dit sterk.
Laat ek nie wegs kram van my plig,
of telkens voor versoeking swig.

3. Ek wy aan U dié nuwe dag
en dank U, Heer, vir lewenskrag.

Ek sal my Heiland bly verwag,
want weldra, weet ek, kom die nag.

2.2.115 Lied 556 – Vervul my hart met dankbaarheid

Teks: *Mijn eerst gevoel zij dankbaarheid* – Rhijnvis Feith 1806; AGB 1944; Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: MÔREGESANG – tradisionele Afrikaanse Liederwysie, opgeneem in *Eeufeesliedjies* 1938

1. Vervul my hart met dankbaarheid
waar ek nou tot U nader;
verkwik deur u weldadigheid,
kom ek tot U, my Vader.
Hoe juig my hart 'n danklied uit vir
hierdie nuwe hede;
my eerste lied is dankbaarheid,
u lof my eerste bede (2x)

2. O Skepper van die groot heelal
en deur u Seun my Vader;
ek wil in swakke mensetaal
eerbiedig tot U nader.
Ek wy aan U die nuwe dag
en steun op u genade;
en wat daar ook al op my wag,
ek loof u goeie dae (2x)

2.2.116 Lied 557 – Hoor, Heer, ons aandgebede

Teks: *Nun ruhen alle Wälder* – Paul Gerhardt 1647; J Baumbach 1934; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *O Welt, ich muß dich lassen* – E 15; Heinrich Isaac 1495; geestelik 1505; Bartholomäus Gesius 1605

1. Hoor, Heer, ons aandgebede!
Die velde lê in vrede.
Die dag is nou verby.
O hoor ons dankgesange!
Die aand bring dié verlange
dat U, o Heer, by ons sal bly.

2. Ons lê voor U ons sorge,
en alle wat verborge
so swaar op harte druk.
O Bron van heil en lewe,
wat al ons skuld vergewe,
U gee ons vrede en geluk.

3. Bedek ons met u vlerke,
o God, Getroue, Sterke;
hou vaderlik die wag.
Ons sluit getroos ons oë,
ons ken u alvermoë:
U waak oor ons die hele nag.

2.2.117 Lied 559 – Die dag wat U in guns gegee het

Teks: *The day Thou gavest, Lord, is ended* – John Ellerton 1870; Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: *Tien Gebooie* – Straatsburg 1545

1. Die dag wat U in guns gegee het,
is weer verby, net soos ons taak,
en dankbaar kom ons lofgebede
tot U wat lig én donker maak.

2. Soos wat die een dag vir die ander
'n loflied oor u grootheid sing,
so kan u kinders, Hemelvader,
aan U voortdurend hulde bring.

3. Voortdurend klink die dankgesange,
die smeekroep en die lofgedig
tot U, die God van ons verlange,
wat ewig woon in helder lig.

2.2.118 Lied 560 – O Heer, wat U in guns oor my ontferm

Teks: *Mit meinem Gott geh' ich zur Ruh'* – Königsberg 1597 (Johann Eccard?); Breslau 1680; GG Cillié 1961; gewysig Izak de Villiers 1978 / 2001

Melodie: *Mein schönste Zier un Kleinod bist* – Leipzig 1573; Nürnberg 1581; Seth Calvisius 1594

1. O Heer, wat U in guns oor my ontferm,
wil U my in die nag ook beskerm.
Bewaar my, Heer, van skade.
Gee, ná die nag, 'n nuwe dag
en skenk my ryklik u genade.

2. Heer Jesus, U't my veilig voortgelei -
U is nie ver nie, U staan my by.
U maak my vry van sorge.
U laat my rus; ek weet gewis:
Ek is met U in God geborge.

3. O Gees, U skenk u rus in my gemoed;
ek is verlos deur Jesus se bloed.
Ook eenmaal is my lewe
op aard' verby. Dan wy ek my
aan U vernuut, verlos, vergewe.

2.2.119 Lied 561 – Dis stil hier in die skemer

Teks: Matthias Claudius 1779; Izak de Villiers 1978 / 2001 ©

Melodie: *Der Mons ist aufgegangen* – Johann Schultz 1790

1. Dis stil hier in die skemer
asof die goeie Gewer
'n kleed oor alles sprei.
Ek self word nou ook rustig,
wil my in God verlustig:
ek kan my in sy sorg verbly.

2. O Heer van mededoë,
gee my verligte oë
dat ek u heil mag sien!
Soms vrees ek, Heer, die duister...
Spreek U en ek sal luister
en leer my hoe om U te dien.

2.2.120 Lied 562 – Aan U, o God, my dankgesange

Teks: *'k Wil U, o God, mijn dank betalen* – Herman Bruining; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: *Die Tugend wird durch's Kreuz geübet* – Halle 1704; ritmies aangepas 2001

1. Aan U, o God, my dankgesange
U wil ek in my aandlied prys!
Al kwyn die sonlig teen die hange,
u lig, my Lig, sal hoër rys.
U het my met u guns versadig
en as 'n vader my beskerm;
met seëninge, so milddadig,
U dag en nag oor my ontferm.

2. By U laat ek met stil vertrou
al my bekommernis vannag;
u Gees sal my in dié vertrou
ook voortlei in die nuwe dag!
U self stel aan die Bose perke;
U het ons vir u diens bevry.
Laat doen ons, Heer, die goeie werke
deur Jesus vir ons voorberei.

3. Dank, Vader, dank vir u genade
dis onverdiende guns alleen!
Beoordeel U na reg my dade,
waar sal ek skuil, waar vlug ek
heen?
Maar nee, ek mag, ek wil nie vrees
nie,
U spreek my vry om Jesus bloed;

4. Ek weet aan wie'k my toevertrou het,
al wissel dan ook dag en nag;
ek ken die Rots op wie'k gebou het,
van wie ek al my heil verwag.
Eens aan die einde van my lewe
sal ek, van dood en sonde vry,
vir al u seën en goedheid, Here,
U nuut my dank- en loflied wy.

ek sal nie meer bekommerd wees
nie
in Hom is rus vir my gemoed.

2.2.121 Lied 563 – Aan U, o God, my dankgesange

Teks: *'k Wil U, o God, mijn dank betalen* – Herman Buirning 1806; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: AANDGESANG – Afrikaanse Liederwysie; opgeteken deur Chris Lamprecht by PL Steyn

1. Aan U, o God, my dankgesange -
U wil ek in my aandlied prys!
Al kwyn die sonlig teen die hange,
u lig, my lig, sal hoër rys (3x)

2. U het my met u guns versadig
en as 'n vader my beskerm;
met seëninge, so milddadig,
U dag en nag oor my ontferm (3x)

3. Ek weet aan wie'k my toevertrou
het,
al wissel dan ook dag en nag;
ek ken die Rots op wie'k gebou het,
van wie ek al my heil verwag (3x)

4. Eens aan die einde van my lewe
sal ek van sorges en moeite vry,
vir elke dag my hier gegewe
U hoër, reiner loflied wy (3x)

2.2.122 Lied 564 – Kyk die dag is nou verby

Teks: *Ruhet von des Tages Müh* – Martin Hesekeel 1931; Afrikaanse weergawe
Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: Martin Hesekeel 1931 (Kanon) © *Merseburger Verlag*, Kassel, Duitsland

Kyk, die dag is nou verby
en die nag kom nader.
"Laat jul sorges nou by My" -
so sê God ons Vader.

2.2.123 Lied 565 – Hoed my as ek my gaan neerlê

Teks: *Leg mij om te slapen neder* – Afrikaanse weergawe GG Cillié 1950

Melodie: MAGALIESBURGSE AANDLIED – Tradisioneel Afrikaans (opgeteken
deur Gawie Cillié in 1950 by Oom Frans Fouché op die plaas Doornhoek,
Maanhaarrand, distrik Magaliesburg)

1. Hoed my as ek my gaan neerlê,
grote God, wat altyd waak.
O, beskerm my deur u Almag
as die kwade my genaak.

2. O, vergeef my al my sondes,
dan lê ek my hofie neer.
Dood of hel sal ek nie vrees nie
want U is my rotssteen, Heer.

3. Neem my ouers en my vriende
in bewaring hierdie nag.
Môre dank ons U vir goedheid -
gawe van 'n nuwe dag.

2.2.124 Lied 566 – Hou oor my vannag u hande

Teks: *Leg mij om te slapen neder* – Afrikaanse weergawe GG Cillié 1950; gewysig
Attie van der Colf 1984 / 1989

Melodie: MAGALIESBURGSE AANDLIED – Tradisioneel Afrikaans (opgeteken
deur Gawie Cillié in 1950 by Oom Frans Fouché op die plaas Doornhoek,
Maanhaarrand, distrik Magaliesburg)

1. Hou oor my vannag u hande,

2. Heer, vergeef my al my sondes;

grote God, wat altyd waak.
Laat my rus in u beskerming
as dit donker om my raak.

maak my hart opnuut weer skoon:
Dan sal ek geen onheil vrees nie -
dan sal vrede in my woon.

3. Neem ons huis, ons vriende, almal,
in bewaring deur die nag.
Môre dank ons U vir goedheid -
gawe van 'n nuwe dag.

2.2.125 Lied 567 – Die dag wat U, o Heer, gegee het

Teks: *The day Thou gavest, Lord, is ended* – John Ellerton 1870; Elsabé Kloppers 2001 ©

Melodie: ST CLEMENT – Clement Scholefield 1874

1. Die dag wat U, o Heer, gegee
het,
is nou verby, die nag kom aan;
soos U ons môrelied ontvang het,
neem nou ons naggebed ook aan.

2. Dieselfde son wat hier aan't kwyn is,
bring oor die see weer oggendlig -
voortdurend klink deur mensestemme
'n bede of 'n lofgedig.

3. Soos sonder einde son en
skemer
steeds om die hele aarde gaan,
so sing en bid ons broers en susters
waar hul ook al voor U kom staan.

4. Ons dank U, Heer, dat U nie slaap nie,
by U bly dit voortdurend dag;
terwyl dit donker hier by ons is
hou U deur heel die wêreld wag.

5. U trou staan vas - net aardse ryke
laat onderdane in die steek;
U ryk brei uit en groei voortdurend
tot u Dag groots in glorie breek.

2.2.126 Lied 568 – Heer, gee vandag ons dag se brood

Teks: Elsabé Kloppers 1998 / 2001 ©

Melodie: *Psalms 134* – Genève 1551

1. Heer, gee vandag ons dag se
brood -
U staan ons by in al ons nood,
ook wanneer ons so gou vergeet
dat U ons dag se brood uitmeet.

2. Heer, seën tog vandag se brood
en laat ons ander help in nood,
laat ons bereid wees om te deel
want U gee altyd weer so veel.

3. Heer, U is self die lewensbrood -
U deel Uself uit in u dood,
U het ons selfsug so vergeef,
nou kan ons uit u liefde leef.

2.2.127 Lied 569 – Alle oë wag op U, o Here

Teks: J Jacobs (datum onbekend)

Melodie: A van der Merwe (datum onbekend)

Alle oë wag op U, o Here, en U gee wat
ons benodig, Heer, op die regte tyd. U
open u milde hande en skenk soveel guns
aan al wat lewe, uit groot genade. Amen.

2.2.128 Lied 570 – Ure, dae, maande, jare

Teks: *Uren, dagen, maanden, jaren* – Rhijnvis Feith 1806; AGB 1944; gewysig Attie van der Colf 1978 / 2001

Melodie: *Herz und Herz vereint zusammen* – Duits 1688; Herrnhut 1735

1. Ure, dae, maande, jare
skuif soos skadu's stil verby.
Niks sal met die loop van jare
onveranderd hier kan bly.
Soos die gras, so is ons dae;
soos 'n blom verwelk die mens:
U stel na u welbehae
aan ons leeftyd hier 'n grens!

2. Vader, U troos ons in smarte
selfs ook as U ons bestraf.
U, die kenner van ons harte,
lei ons deur die dood en graf.
Al verander als op aarde,
u verbond hou ewig stand.
Ewig rus ons in u vrede,
veilig in u vaderhand.

2.2.129 Lied 571 – Here, hoeveel blye dae

Teks: Johann Cranmer 1723-1788; Ahasverus van den Berg 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig WD Jonker 2001

Melodie: *Alle Menschen müssen sterben* – Duits E 16; C Anton 1643; geestelik Darmstadt 1687; aangepas 1806

1. Here, hoeveel blye dae
vloei soos strome kalm en rein,
sonder kommer, sonder klae,
vol van vreugde en sonneskyn!
Word ek soms gekwel deur lyding,
wil ek kla oor u kastyding,
weet ek dis van korte duur
uit my vreugde, net 'n uur.

2. Skenk U nie in u ontferming
meer as wat ek ooit verwag?
Leef ek nie in u beskerming,
in u liefde elke dag?
Gee U my nie duisend kere,
onverdiend u seën, Here?
Selfs al moet ek leed verduur,
bring dit seën op die duur.

3. Van die velde, uit die strome,
uit die dieptes van die see,
uit die wolke, van die bome,
deel U milde seën mee.
Jaar en maand en dag en stonde,
elke vlugtige sekonde
het u liefde en u trou
steeds oor my die wag gehou.

4. As u guns ons hier benede
sóveel lewensvreugde bied,
watter saligheid en vrede
sal ons eens by U geniet
as ons deur u gees se leiding,
met die diepste hartsverblyding,
van U, Heer, ontvang die kroon,
voor u heil'ge hemeltroon!

2.2.130 Lied 572 – Heer, soms word ek ongeduldig

Teks: JA Loader 2001

Melodie: *Psalms 86* – Straatsburg 1545 / Genève 1551

1. Heer, soms word ek ongeduldig
as ek meen ek ly onskuldig;
maar dan sien ek dit tóg in
as ek oor u werk besin:
die fondasies van die aarde,
sterre, diere - al u dade -
laat u ondeurgrondlikheid
blyk uit u voorsienigheid.

2. As dié raaisel my nie kwel nie,
en my hart nie eens ontstel nie -
dan kan ek, van U bewus,
ook in eie lot berus.
Net in u gemeenskap, Here,
digby U vind ek die vrede.
Net U self, net U alleen,
het ek nodig as my steun.

3. Heer, te midde van my lyding
is ek dankbaar vir die tyding:
U is nie in majesteit
of in glorie opgesluit.

U het self gevoel wat seer is
in 'n hart wat omgekeer is.
Ek glo aan die medely
wat U ondervind vir my.

2.2.131 Lied 573 – Ruwe storme breek in woede

Teks: Johann Schlegel 1769; *Ruwe stormen mogen woeden* – Ahasverus van den Berg 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Reneé Marais 2001

Melodie: *Alle Menschen müssen sterben* – Duits E16; C Anton ca 1640; geestelik Darmstadt 1687; aangepas 1806

1. Ruwe storme breek in woede,
alles om my heen is nag;
tog hou God my in sy hoede:
Hy hou oor my heil die wag.
Kan ek soms sy hulp nie sien nie,
of sy liefde ooit verdien nie,
sal sy Gees my altyd lei:
Hy staan my in alles by.

2. Jesus Christus het gesterwe
het verrys, verrys vir my;
Hy't sy vrede my laat erwe,
deur sy offer is ek vry.
Hy wat intree by die Vader
trek my in sy liefde nader;
in ontferming oor my lot
staan Hy in my plek voor God.

3. Wat my tref in dood of lewe;
watter teenspoed op my wag,
Jesus sal my nooit begewe -
is ek swak, by Hom is krag.
Niks wat ek op aarde ly nie
kan my van sy liefde skei nie:
hoogte, diepte, vreugde, rou -
niks ontruk my aan Gods trou!

2.2.132 Lied 574 – 'n Skare stroom van oral saam

Teks: *At even when the sun was set* – Henry Twells 1868; Louwrens Strydom 2001 (postuum)

Melodie: ANGELUS – Georg Joseph 1657; aangepas 1847

1. 'n Skare stroom van oral saam,
kom seek genesing, troos by Hom.
Mense noem oraloor dié Naam,
praat oor sy dade, huldig Hom.

2. Na U, Heer Jesus, kón hul gaan
met sonde, siekte, smart en vrees.
So liefdevol oor hul begaan,
het U vergeef, vertroos, genees.

3. Wanneer óns kragte, Here, kwyn,
bring óns ook al ons leed na U.
Ons seek genesing van ons pyn,
ons sondenood lê ons voor U.

2.2.133 Lied 575 – Wie op die Heer vertrou in

Teks: Georg Neumark 1641; Abraham Rutgers 1806; GBA Gerdener 1931; AGB 1944; gewysig Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Karen de Wet 2001

Melodie: *Wer nur den lieben Gott läßt walten* – Georg Neumark 1641

1. Wie op die Heer vertrou in lyding
en op Hom steun, selfs in gevaar,
is deur Hom seker van bevryding
en van sy redding: ewig, waar.

2. Bly op die Heer vertrou in lyding
en wees voor Hom ootmoedig stil.
Maak op Hom staat vir hulp en leiding;
soek biddend na sy sin en wil.

Wie op die Here God vertrou,
het séker nie op sand gebou.

Wie op die Here God vertrou,
het séker nie op sand gebou.

3. Leef daagliks dankbaar en tevrede
en bly op God se wil bedag:
Hy hoor ons dank- en smeekgebede
en seën ons as ons biddend wag.

Wie op die Here God vertrou,
het séker nie op sand gebou.

2.2.134 Lied 578 – Jesus wat my liefhet, Heer

Teks: *Jesu, Lover of my soul* – Charles Wesley 1740; Izak de Villiers 1978 ©
Melodie: ABERYTSWYTH – Joseph Parry 1879

1. Jesus wat my lief het, Heer,
laat my veilig by U skuil.
Kyk, die waters, wind en weer
dreig en ruk en trek my neer!
Help my, Heiland, ag, ek vrees!
Hoor die woeste winde huil!
U beskerm my swakke vlees
laat my lewe vrede wees!

2. Ek kom na U, hulpeloos.
Daar's geen ander toevlug nie.
Kléin is my geloof en bróós,
maar ek weet: Net U kan troos.
O my Heiland, U sal hoor!
U sal my teen kwaad beskut.
Deur die duister gaan U voor
as ek telkens moed verloor.

3. Jesus wat my liefhet, Heer,
ek vind by U vrede, rus.
Druk my sorge my soms neer,
word ek méér van U bewus.
U's die rots waarop ek bou
al kom voor- en teëspoed.
U sal ek voor oë hou
selfs in storm of watervloed!

2.2.135 Lied 581 – O Heer, my God, ek leef uit u ontferming

Teks: Wallie da Silva 2001 (postuum)
Melodie: *Gott ist mein Lied* – CPE Bach 1787

1. O Heer, my God,
ek leef uit u ontferming.
U is my toevlug, U bied my
beskerming.
Net U bepaal my lewenslot.

2. In donker nag ervaar ek u nabyheid.
U Woord bring vrede,
vastigheid en vryheid.
By U vrees ek geen bose mag.

3. Waar ek mag gaan,
daar is u liefde by my.
Selfs in my lyding weet ek: U bevry
my.
U laat my veilig by U staan.

4. Heer, dink aan my
wanneer my einde nader.
Ek is u kind, hou my tog vas, my Vader.
U Seun het ook vir my gely.

2.2.136 Lied 582 – Bly by my, Heer, terwyl die skemer daal

Teks: *Abide with me* – Henry Lyte 1846; Halleluja 1903; Halleluja 1931; gewysig
Attie van der Colf 1978 / 2001
Melodie: EVENTIDE – William Monk 1861

1. Bly by my, Heer, terwyl die

2. My lewensdag begin alreeds te kwyn;

skemer daal;
laat steeds u lig my lewenspad
bestraal!
Daar is geen ander hulp of troos vir
my
Hulp van die hulpelose, bly my by!

sy vreugde en sy glans is aan verdwyn;
die tyd laat niks hier onveranderd bly
o Heer wat nooit verander, bly my by!

3. U wat ons nooit verlaat nie, goeie
Heer,
weet om met swakke mense te
verkeer.
Gaan pyn en lyding soms bo my
verstand,
weet ek U hou, onwrikbaar, nog my
hand.

4. U bystand is so kosbaar elke uur;
deur u genade leer ek leed verduur.
Waar is daar ooit 'n beter lig te kry?
U Gees bly immer ons onfeilbaar by.

5. Gou daag die lig; die nuwe aarde bly
van alle sonde, dood en smarte vry!
Dood, wie sou skrik?
Graf, wat sou my laat beef?
My toekoms is gewis, want Jesus leef!

2.2.137 Lied 583 – U het ek lief, U roep ek aan!

Teks: Martin Schalling 1569; Izak de Villiers 1978 / 2001 en André Hugo 1978
Melodie: *Herzlich lieb hab ich dich, o Herr* – Bernhard Schmid, Straatsburg 1577;
JS Bach 1723

1. U het ek lief, U roep ek aan!
Na wie toe anders sal ek gaan
in al my donkerhede?
Dis U wat lewenswoorde spreek,
U is die brood vir my gebreek -
net U gee my weer vrede.
Ek wil met Petrus saam bely:
U is die Christus ook vir my.
Verlosser, Heiland, Lam geslag,
o Vors van vrede, lank verwag,
U roep ek aan, o Jesus Heer!
U sal ek eer.
U sien op my in liefde neer.

2. Ag, Heer, laat eng'lehande my
wanneer ek sterwe, juigend bly
gelei tot in u woning!
Die liggaam keer tot stof en puin,
tot met die klank van die basuin,
en U weer kom as Koning!
Dan staan ek op, deur U gewek,
dan word u heerlijkheid ontdek
waar U, in majesteit getroon,
vir ewig onder eng'le woon!
Ek roep U aan, o Jesus, Heer!
U sal ek eer.
Sien in genade op my neer!

2.2.138 Lied 584 – Ons sien die tekens van die tyd

Teks: Bartholomäus Ringwaldt 1582; in aansluiting by die *Dies irae*; J Baumbach
1934; gewysig Izak de Villiers 1978 / 2001
Melodie: *Es ist gewißlich an der Zeit* – E15; geestelik Wittenberg 1529; ritmies
aangepas 2001

1. Ons sien die tekens van die tyd;
Hy kom, Hy kom, die Regter!
Hy kom in krag en heerlijkheid
en eis van al sy knegte
verslag van hulle werksaamheid.
Die Regter prys die troue kneg,
maar oordeel tref die slegte.

2. U glans verskyn bo elke kruin,
die ganse aarde bewe.
Die dooies sal by die basuin
ontwaak, verrys, herlewe!
En die wat leef op daardie dag
sal in een oomblik deur Gods mag
hernu word en verander.

3. Getroue Heiland staan my by -
my waarborg is u sterwe.
U spreek my van die oordeel vry,
dat ek u heil mag erwe.
Ek twyfel nie, U het voldoen...
Die bloed van Golgota versoen;
bedek my baie skulde.

4. Die Regter kom! Gods kinders wag
met vreugde op die tyding.
O kom! Want ook die skepping smag
na redding en bevryding.
Ja kom! Ons roep dit vroeg en laat:
Verlos ons, Heer, van alle kwaad
en maak ons heilig. Amen.

2.2.139 Lied 586 – Hef op jul hoofde, vromes

Teks: *Nun jauchzet all ihr Frommen* – Michael Schirmer 1640; Izak de Villiers 1978

©

Melodie: *Aus meines Herzens Grunde* – E16; Eisleben 1585

1. Hef op jul hoofde, vromes;
verlostes, wees verbly!
Die Heer wat op die troon is
kom weer in heerlijkheid.
Hy kom, en daardie dag
sal heel die aarde bewe.
Maar hul sal juigend lewe
wat nou reeds op Hom wag.

2. Eenmaal in knegsgestalte
was Hy al hier gewees -
'n Kind wat in 'n stal was,
en deur 'n vors gevrees.
Die wyses volg die lig
en bring aan Hom die hulde.
Sy bloed betaal ons skulde
voor God se aangesig.

3. Hy kom nie weer as kindjie
na Betlehem se stal.
Hy kom nou as oorwinnaar
en met basuingeskal!
As regter daal Hy neer.
Sy troon is haelwit wolke.
En oor verlose volke
sal Hy alleen regeer.

2.2.140 Lied 587 – “Kyk, Hy kom!” Wag, laat ons luister

Teks: Philipp Nicolai 1599; J Baumbach 1934; gewysig Izak de Villiers 1978 / 2001

Melodie: *“Wachet auf”, ruft uns dit Sittme* – Philipp Nicolai 1599; in aansluiting b
Hans Sachs 1513 (?)

1. "Kyk, Hy kom!" Wag, laat ons
luister -
vanaf die mure, deur die duister
roep wagers met 'n luide stem:
"Kyk, Hy kom! Hy kom! Die Koning!
Ontwaak! Ontwaak! Elk in sy
woning.
Verbly jou, o Jerusalem!
O neem jul lampe, kom,
Hy's daar, die Bruidegom!"
Halleluja!
Ons gaan Hom groet,
ons gaan Hom groet.
Ons gaan Hom juigend tegemoet.

2. Sion, hoor die feesgesange!
Ons hart klop bly en vol verlange;
van vreugde blink ons aangesig.
Kyk, die dag breek oor die kruine!
Ons hoor die klank van feesbasuine -
Jerusalem se nag word lig.
Hy daal na ons toe neer,
Gods Seun en onse Heer.
Halleluja!
Hy kom ons haal,
Hy kom ons haal.
Ons vier met Hom die bruilofsmaal.

2.2.141 Lied 589 – Verheerlik aan Gods regterhand

Teks: Pieter van de Kastele 1806; AGB 1944; Gerjo van der Merwe 1978; gewysig Reneé Marais 2001

Melodie: *Ich dank dir schon durch deinen Sohn* – Boheme 1595; Michale Praetorius 1610; aangepas Nederland 1806

1. Verheerlik aan Gods regterhand
regeer sy Seun as koning.
Daar in die nuwe vaderland
maak Hy vir ons 'n woning.

2. Van dáár sal Hy as regter kom
kniel neer, o al wat lewe!
Voor Hom sal mensewoord verstom;
sal elke skepsel bewee.

3. Hy kom, en bring vir elk sy loon;
kom luister, alle volke!
Met eer en heerlikheid gekroon,
kom Hy weer met die wolke.

4. Hy oordeel, en verlostes juig:
Dié regter is ons Here!
Met jubeling sal hul getuig:
Vrees God, gee Hom die ere!

5. Vertel aan almal van sy werk:
Die wederkoms kom nader!
Getuig van Hom, werk fluks en sterk
in diens van God, die Vader.

2.2.142 Lied 590 – Het jy gehoor dat eenmaal

Teks: Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: *Valet will ich dir geben* – Melchior Teschner 1613

1. Het jy gehoor dat eenmaal
hier alles nuut sal staan?
Dat Jesus by sy weerkoms
die dood finaal verslaan?
'n Nuwe aarde, hemel
verskyn met God se seën.
Het jy gehoor en glo jy
selfs deur jou twyfel heen?

2. Het jy gehoor van Jesus,
van lewe uit sy dood?
Het jy gehoor, vertrou jy
Hom in jou diepste nood?
Weet dan, geen bouse magte
kan jou aan Hom ontruk.
Op dié geloofsverwagting
skenk God volmaak geluk.

2.2.143 Lied 591 – Die boekrol in Gods regterhand

Teks: Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: *Mach's mit mir, Gott, nach deiner Güt* – Bartholomäus Gesius 1605; Johann Schein 1628; aangepas JS Bach 1685-1750; ritmies aangepas 2001

1. Die boekrol in Gods regterhand
is sewe keer verseël,
dis vol geskryf aan elke kant
met oordeel én met seën;
maar niemand kan die seëls breek!
Wie sal die boek van God laat
spreek?

2. 'n Leeu kom uit die Juda-stam,
voortreflik, soos 'n koning.
Hy staan daar as geslagte Lam
en so bring Hy oorwinning -
Hy het ons met sy bloed gekoop;
Hy neem die boek en maak dit oop.

3. Sing almal, sing die nuwe lied
van Jesus se oorwinning;
bring aan Hom lof en heerlikheid
en prys Hom in aanbidding:
U het ons met u bloed gekoop -
U sterwe breek 'n toekoms oop!

Openbaring 5

2.2.144 Lied 592 – Die boekrol, Lam van God

Teks: Jan du Rand 2001

Melodie: *Nun danket alle Gott* – Johann Crüger 1647

1. Die boekrol, Lam van God,
beskryf die gang van lewe.
Dit laat Gods plan ontvou,
sy heerskappy verhewe.
U het met bloed betaal,
ons losgekoop, versoen:
as konings moet ons heers,
u Naam as priesters noem.

2. Die bruilof, Lam van God,
laat juig ons: Prys die Here!
U het u bruid kom haal,
geklee in spierwit klere.
U het die fees berei
sodat ons reeds kan sing:
as gaste aan u maal,
u ewig hulde bring.

2.2.145 Lied 595 – Ons wat op U, o Seun van God

Teks: *Wir warten dein, o Gottes Sohn* – Philipp Hiller 1767; J Baumbach 1934;
gewysig Izak de Villiers 1978

Melodie: *Was Gott tut, das ist wohlgetan* – Servetus Gastorius 1681

1. Ons wag op U, o Seun van God,
ons wag op u verskyning!
Ons sien die vyeboom al bot
die winter se verdwyning!
Wie in U glo en op U hoop,
soek nêrens meer ontvlugting
"Kom, Heer" is ons versugting.

2. Ons wag, ons weet U kom gewis,
ons hoor van krygsgerugte.
As alles eers vernuwe is,
verdwyn ons angs en sugte.
U sal regeer, U is die Heer.
U koms is ons behae.
Kom, dag van alle dae!

2.2.146 Lied 596 – Ons sien vooruit na daardie dag

Teks: Johan Cilliers 2001

Melodie: WINCHESTER NEW – Hamburg 1690; Halle 1704; ritmies aangepas 2001

1. Ons sien vooruit na daardie dag
wanneer ons Here weer sal kom;
volhardend bly ons op Hom wag -
die Koning van die Christendom!

2. Wees wakker, bly voortdurend waak -
die einde het alreeds begin;
beywer jou vir God se saak -
die tyd raak kort, die ure min!

3. Ons kyk vooruit na daardie dag
wanneer ons Here weer sal kom;
die laaste skemer van die nag
sal wyk, finaal verdryf deur Hóm!

2.2.147 Lied 597 – Dié met helder witte klere

Teks: *Wer sind die vor Gottes Throne?* – Theobald Schenk 1719; Francis Cox
1812-1897; Attie van der Colf 1978 / 2001 ©

Melodie: ALL SAINTS – Darmstadt 1698 (aangepas)

1. Dié met helder witte klere
staan daar voor die Heer se troon.
Voor die hoë God en Here,
dáár verskyn hul wonderskoon.
Wie is hul, en waarvandaan?
Hoe kan hul so stralend staan?

2. Dié ontelbaargrote skare,
so vol vreugde om die Lam,
kom uit alle volke, nasies,
elke taal en elke stam
met hul klere rein gewas
en bevry van elke las.

3. Hulle het as martelare
eens met woord en daad getuig,
daarom dat hul, hart en hande,

4. En geen honger, dors of hitte
sal hul ooit weer smart laat ly.
En die Lam is hul verkwikking,

nou met vreugdesange juig.
Uit verdrukking kom hul in;
met die Lam het hul oorwin.

sodat, in Gods heil verbly,
en met trane afgevee,
hul aan Hom die eer kan gee.

5. Wonderbaar is u beskutting
as ons lewe in u vrees!
In u waarheid is bevryding,
Vader, Seun en Heil'ge Gees.
Hou ons tot u lof bereid,
nou en tot in ewigheid!

2.2.148 Lied 599 – As Hy weer kom, as Hy weer kom

Teks: *When He cometh* – William Cushing 1823-1902; Halleluja 1903; Halleluja 1931; Jacques Louw 2001 ©

Melodie: George Root 1820-1895

1. As Hy weer kom, as Hy weer
kom,
kom haal Hy sy kinders;
al sy kinders, wat in Hom glo
om by Hom te wees.

2. By die Vader, by die Vader,
maak Hy vir ons woonplek;
sodat almal wat in Hom glo
ook by Hom kan wees.

Ja, ons wag op die Here,
en ons sing tot sy ere.
Ja, Hy kom weer verseker
om ons te kom haal.

Ja, ons wag op die Here,
en ons sing tot sy ere.
Ja, Hy kom weer verseker
om ons te kom haal.

3. Hy's die Weg en Hy's die Waarheid,
die Lewe vir elkeen;
sodat almal wat in Hom glo
vir ewig sal leef!

Ja, ons wag op die Here,
en ons sing tot sy ere.
Ja, Hy kom weer verseker
om ons te kom haal.

Johannes 14:1-6

2.2.149 Lied 600 – Die heiliges, beklee met heerlijkheid

Teks: *For all the saints who from their labours rest* – William How 1864; Gerrit Olivier 2001

Melodie: SINE NOMINE – Ralph Vaughan Williams 1906; © *Oxford University Press*, UK

1. Die heiliges, beklee met
heerlikheid
staan voor u troon,
verlos van aardse stryd.
Hul prys u Naam, o Here,
deurentyd.
Halleluja!
Halleluja!

2. U was hul rots, hul vesting en hul krag;
U was hul gids, hul lig in donker nag.
U was hul skuiling tot die nuwe dag.
Halleluja! Halleluja!

3. Verby die dood het God ons lot bepaal,
na aardse stryd kom Hy ons huis toe haal

Hy is ons Lig as skadu's oor ons daal.
Halleluja! Halleluja!

Besluit: Punte 2.1 tot 2.2.149 goedgekeur.
Decision: Points 2.1 to 2.2.149 approved.

2.3 <i>Die volgende liedere word nie vir gebruik in die kerke aanbeveel nie:</i>	2.3 <i>The following songs are not recommended for use in the churches:</i>
2.3.1 Lied 361 (Jesus is nie 'n Goddelike Kind nie, Hy is God – dit wek die indruk dat Hy soos God is, maar nie God self is nie).	2.3.1 Song 361: Jesus is not a Godly Child, He is God – it creates the impression that He is <i>like</i> God, but is not God.
2.3.2 Lied 370 (algemene versoeningsboodskap; Jesus het nie gekom om vir álmal vrede te bring nie, maar vir dié in wie God 'n welbehae het).	2.3.2 Song 370: General message of reconciliation: Jesus did not come to bring all people peace, only those in whom God is pleased.
2.3.3 Lied 373 (Beelde wat gebruik word, is vreemd aan die waarheid en die Skrifopenbaring (Jes 42)).	2.3.3 Song 373: Images used are strange to the truth and Scriptural revelation – Is. 42.
2.3.4 Lied 374 (doel met die verskyning van die ster?).	2.3.4 Song 374: The intent with the appearance of the star is unclear.
2.3.5 Lied 375 (Die Here Jesus word verkleineer).	2.3.5 Song 375: The Lord Jesus is belittled.
2.3.6 Lied 376 (Sterrekykers het nie in 'n stal ingegaan nie, maar in 'n huis. Jesus was baie ouer. Bybelse getuie-nis dui daarop dat Jesus baie ouer was. Kindermoord het 'n geruime tyd ná die geboorte plaasgevind. Hy was nie meer net 'n pasgebore baba nie).	2.3.6 Song 376: Star-gazers did not enter the stall, but a house. Jesus was somewhat older according to biblical testimony. The infanticide occurred quite some time after the birth, Jesus was not a newly born infant anymore.
2.3.7 Lied 381 (Israel was veronderstel om kneg te wees en het gefaal. Dit is nie Israel, die dienskneg, wat die wonder gebring het nie – hulle het daarin misluk. Jesus het nie 'n neerlaag gely nie; Hy is oorwinnaar).	2.3.7 Song 381: Israel was supposed to be a servant and failed. It was not Israel, the servant that brought about the wonder – they failed. Jesus did not suffer defeat, He conquered.
2.3.8 Lied 385 (Son het donker geword; son het die kruis nie met nuwe luister omglans nie. Nie openbarings-histories korrek of Skrifgetrou nie).	2.3.8 Song 385: The sun darkened, it did not gild the cross – it is not revelatory historically correct or Scripturally faithful.
2.3.9 Lied 391 (Aanbidding van 'n attribuut of gebruik as aanspreekvorm of besing).	2.3.9 Song 391: It contains the worshipping, glorification or use as form of address of an attribute.
2.3.10 Lied 393 (“loof ons steeds u liefde-gloed!” – nie aanbeveel – aanbidding van attribuut).	2.3.10 Song 393: “loof ons steeds u liefde-gloed!” – not recommended, because it is the worshipping of an attribute.
2.3.11 Lied 394 (u kruis is, Heer, ons lewensboom – nie Skrifgetrou (Joh 15). Die kruis word nie verkondig nie, Christus word).	2.3.11 Song 394: “u kruis is, Heer, ons lewensboom” – this is not Scripturally sound (John 15). It is not the cross being proclaimed, but Christ.
2.3.12 Lied 410 (Die Heilige Gees is waarborg van die lewe – nie die dood en die graf nie; oop vir dogmatiese meerduidigheid).	2.3.12 Song 410: The Holy Spirit is the guarantee of life – not the death and the grave – it is open to dogmatic misinterpretation.)
2.3.13 Lied 416 (Taalgebruik is vreemd aan die belydenis. Grens en poort impli-seer <i>plek</i> . Nie tipiese Bybelse taal	2.3.13 Song 416: The language is alien to the confession. Border and port imply <i>place</i> . This is not typical Biblical

nie).	language.
2.3.14 Lied 427 (Strook nie met die Skrifopenbaring nie).	2.3.14 Song 427: It is not Scripturally sound.
2.3.15 Lied 429 (Sy almag sal ook ons bewaar – nie almag wat ons bewaar nie).	2.3.15 Song 429: His power will also keep us – not the power that will keep us.
2.3.16 Lied 430 (Vers 4: gebed om hernude uitstoring van die Heilige Gees. As die Gees nie daar was nie, sou daar nie ‘n kerk gewees het nie).	2.3.16 Song 430: Verse 4: prayer for the renewed pouring out of the Spirit. If the Spirit wasn't already there, there would not be a church.
2.3.17 Lied 432 (Verliggende werk van die Heilige Gees wat verhef word tot ‘n aanspreekvorm).	2.3.17 Song 432: The enlightening work of the Holy Spirit is raised to a form of address.
2.3.18 Lied 433 (Ongedefinieërde fokus).	2.3.18 Song 433: The focus is undefined.
2.3.19 Lied 437 (Second blessing. Werk van Heilige Gees word los van die Woord gemaak).	2.3.19 Song 437: Second blessing – the work of the Holy Spirit is separated from the Word.
2.3.20 Lied 438 (Nie aanbeveel nie; Strofe 1: Heilige Gees Self sy kerk regeer – (HK, Sondag 21 JC regeer sy kerk deur sy Woord en Gees; Tree u Self vir ons in (vers 2): Strydig met openbaring in Romeine 8).	2.3.20 Song 438: Verse 1: The Holy Spirit rules His church Himself – HC, Sunday 21: Jesus Christ rules His church through His Word and Spirit; “Tree u Self vir ons in” (verse 2) is in conflict with the revelation in Romans 8.
2.3.21 Lied 440 (Nie aanbeveel nie (Woordtoonverhouding).	2.3.21 Song 440: Not recommended because of word-tone relationship.
2.3.22 Lied 443 (“Hy sal ons leer...” Gees werk nie los van die Woord nie).	2.3.22 Song 443: “Hy sal ons leer...”: The Spirit does not work apart from the Word.
2.3.23 Lied 444 (voldoen nie aan vereistes van Beginselraamwerk).	2.3.23 Song 444: It does not comply with the criteria of the principle framework.
2.3.24 Lied 455 (Inhoud dun).	2.3.24 Song 455: The content is thin.
2.3.25 Lied 460 (Nie aanbeveel nie. “Skeppergod” – Sinode afgekeur).	2.3.25 Song 460: “Skeppergod” rejected by Synod.
2.3.26 Lied 466 – Lied 447 is reeds in 2015 afgekeur weens die gebruik van die aanspreekvorm Aanbiddelike Skepperheer.	2.3.26 Song 466-447 were already rejected in 2015, due to the use of the title of address “Aanbiddelike Skepperheer”.
2.3.27 Lied 469 – Kyk tweede laaste versreël van vers 2 “o Sterke”. Dit is nie reg om God aan te spreek op sy attribute nie.	2.3.27 Song 469: The second to last line of verse 2 features “o Sterke”. It is incorrect to address God by an attribute.
2.3.28 Lied 474 vgl “Skeppergod U, is die Heer”. Ons spreek God nie aan met die benaming nie.	2.3.28 Song 474: “Skeppergod U, is die Heer” is not how God is to be addressed.
2.3.29 Lied 484 – Vers 3 verkondig nie Jes 55:7 reg nie.	2.3.29 Song 484: Verse 3 does not proclaim Isaiah 55:7 accurately.
2.3.30 Lied 487 – Die lied het nie ‘n duidelike gedagtelyn nie; Dit is nie korrek om God aan te spreek op sy attribute nie bv Ewig-sterke.	2.3.30 Song 487: The song does not have a clear thought process. It is not correct to address God by an attribute, e.g. “Ewig-sterke”.
2.3.31 Lied 490 – Die lied het nie ‘n duidelike gedagtelyn nie.	2.3.31 Song 490: The song does not have a clear thought process.
2.3.32 Lied 491 – Die lied onderspeel die impak en omvang van die sonde vgl	2.3.32 Song 491: The song underplays the impact and scope of sin – cf. verse 3.

<p>vers 3.</p> <p>2.3.33 Lied 492 – Dit staan nie in Romeine 8 dat ons nie meer sondaars is nie. Vgl ook 1 Joh 1:8 dat ons wel nog sonde doen.</p> <p>2.3.34 Lied 493 – As gevolg van vers 4. Ons word nie deur die Seun wedergebore nie maar deur die Gees.</p> <p>2.3.35 Lied 498 – vgl vers 1. Dit is verkeerd om te sê dat God ons red van die wet.</p> <p>2.3.36 Lied 502 – Die lied het nie 'n enkele gedagtelyn nie. Die lied is nie geskik vir gebruik in die erediens nie.</p> <p>2.3.37 Lied 503 – Weens Jesulatrie. Die lied gaan oor die Drie-Eenheid maar Jesus word aangespreek.</p> <p>2.3.38 Lied 504 – Die kruis is nie die boom van die lewe nie maar die vloekhout. Eden bestaan nie.</p> <p>2.3.39 Lied 505 – Die indikatief- imperatief verhouding is nie reg nie: Ons wat vir die Here sê Kom vat my hand.</p> <p>2.3.40 Lied 512 – Nader my God by U. Die Lied se woorde maak nie sin nie. Die lied is onduidelik en daar is geen Teologiese samehang nie.</p> <p>2.3.41 Lied 518 – Die lied bied 'n te eenvoudige antwoord op die Teodisee vraagstuk.</p> <p>2.3.42 Lied 522 – Die lied oordryf die vrye wil van die mens.</p> <p>2.3.43 Lied 531 – Duidelike fokus en Teologiese samehang ontbreek.</p> <p>2.3.44 Lied 558 – Verwerking van Sb 20-2. Afgekeur.</p> <p>2.3.45 Lied 576 – Bevat Dogmatiese oneffenhede: Let op die aanbod van genade en jy wat self besluit.</p> <p>2.3.46 Lied 579 – Afgekeur agv vers 3. Die lied vertoon 'n gebrek aan diepgang, God se werk is nie net gerig op 'n mens se gemoed nie. Dit is 'n vervlakking.</p> <p>2.3.47 Lied 580 – Die lied is mensgesentreerd en nie Liturgies bruikbaar nie.</p> <p>2.3.48 Lied 598 – Die lied bevat onsamehangende gedagtelyne.</p> <p>2.3.49 Lied 601 – Die lied vertoon Arminiaanse trekke: vgl “ die wat die Here wil dien”.</p> <p>2.4 Die te benoemde Deputate ontvang opdrag om lidmate en berymers uit te nooi om liedere wat veral fokus op</p>	<p>2.3.33 Song 492: Romans 8 doesn't say we are no longer sinners. Also see 1 John 1:8 speaking of our sin.</p> <p>2.3.34 Song 493: Verse 4 – we are not born again through the Son, but through the Spirit.</p> <p>2.3.35 Song 498: It is incorrect to proclaim that God saves us from the law.</p> <p>2.3.36 Song 502: The song doesn't have a single theme and is not suitable for use during church services.</p> <p>2.3.37 Song 503: Due to Jesulatriy – the song is about the Trinity, but addresses Jesus.</p> <p>2.3.38 Song 504: The cross is not the tree of life, but the cursed tree. Eden doesn't exist.</p> <p>2.3.39 Song 505: The indicative-imperative relationship is incorrect: us telling the Lord to take my hand.</p> <p>2.3.40 Song 512: “Nader my God by U” – the song's lyrics do not make sense. The song is unclear and there is not theological cohesion.</p> <p>2.3.41 Song 518: The Song offers a too simple answer to the question of theodicy.</p> <p>2.3.42 Song 522: The song exaggerates the free will of man.</p> <p>2.3.43 Song 531: It lacks focus and theological cohesion.</p> <p>2.3.44 Song 558: It is a reworking of Scripture Hymn 20-2 – rejected.</p> <p>2.3.45 Song 576: It contains dogmatic irregularities, in terms of the offer of grace and you deciding yourself.</p> <p>2.3.46 Song 579: It is rejected due to verse 3. The song lacks depth. God's work is not solely focussed on man's heart, which is a superficial interpretation.</p> <p>2.3.47 Song 580: The song is human-centred and not liturgically usable.</p> <p>2.3.48 Song 598: The song contains unrelated themes.</p> <p>2.3.49 Song 601: The song has Arminian tendencies – cf. “die wat die Here wil dien”.</p> <p>2.4 The next Deputies are to be instructed to invite members and versifiers to submit songs especially focussed on the</p>
---	---

hemelvaart en Pinkster voor te lê vir beoordeling. Besluit: Punt 2.4 goedgekeur.	ascension and Pentecost for evaluation. Decision: Point 2.4 approved.
--	---

F. RAPPORT VAN DIE KOMMISSIE / REPORT OF THE COMMISSION

<p>1. Sake waarvan die Sinode kennis neem</p> <p>1.1 <i>Opdrag aan die Kommissie om</i> 1. Die Sinode te adviseer hoe om die Rapport staande die vergadering af te handel; en 2. Om die opdrag aan die Deputate Liturgiese sake so te formuleer dat die beoordeling van liedere op volgende Sinodes op 'n meer sinvolle wyse kan geskied.</p> <p>1.2 <i>Werkswyse</i> Die Kommissie het by verskillende geleenthede vergader en daar is met die Deputate Liturgies sowel as verskeie afgevaardigdes van die Sinode oorleg gepleeg. Voorleggings is beide skriftelik en per ontmoeting ontvang en oorweeg.</p> <p>1.3 <i>Bevindings</i></p> <p>1.3.1 Daar is kennis geneem van die werkswyse en arbeid van die Deputate. Die Kommissie het onder die indruk gekom dat die Deputate inderdaad die opdrag aan hulle opgedra deur Sinode 2015 uitgevoer het. Hulle opdrag was: <i>“Om Psalms, Skrifberymings en ander geestelike liedere wat deur kerke en lidmate aan die Deputate voorgelê word sowel as die liedere wat reeds aan die Deputate voorgelê is maar nie afgehandel kon word nie aan die hand van die omvattende beginselraamwerk te beoordeel”</i> (Acta 2015:390, 2.4).</p> <p>1.3.2 Dat kennis geneem word van die omvang van die taak wat hierdie groep kundige en begaafde Deputate met toegewyde en harde werk uitgevoer het.</p> <p>1.3.3 Dat ander voorleggings aan die Kommissie ten opsigte van steun vir – of teen liedere wat reeds deur die Deputate beoordeel is, grootliks met die bevinding van die Deputate ooreenstem. Sommige uitsonderings daarop is ook voorgelê.</p> <p>1.3.4 Enkele voorleggings het die besluit(e) van vorige Sinode(s) oor die kerklied in die oog gehad en het uiteraard buite die mandaat van hierdie Kom-</p>	<p>1. Matters that the Synod take note of</p> <p>1.1 <i>Mandate to the Commission to</i> 1. Advise the Synod on how the matter is to be finalised during the meeting and; 2. To formulate the mandate to the Deputies Liturgical matters in such a way that the assesment of songs on future Synods be done in a more sensible manner.</p> <p>1.2 <i>Methodology</i> The Commission met several times and the Deputies Liturgical and several delegates to the Synod was consulted.</p> <p>Both written as well as oral submissions were received and weighed.</p> <p>1.3 <i>Findings</i></p> <p>1.3.1 The approach and work done by the Deputies was noted. The Commission came under the impression that the Deputies indeed fulfilled the mandate assigned to them by Synod 2015. Their assignment was: <i>“To assess Psalms, Scriptural Hymns and other spiritual songs submitted by churches and members to the Deputies, as well as the songs that were already submitted to the Deputies could not be completed on the basis of the comprehensive principle framework”</i> (Acta 2015:390, 2.4).</p> <p>1.3.2 That the extent of the work, done with great dedication by this group of gifted Deputies is noted.</p> <p>1.3.3 That other proposals to the Commission with regard to support or against songs already judged by the Deputies, largely correspond with the Deputies' findings. Some exeptions have been submitted.</p> <p>1.3.4 Some submissions had the decision(s) of previous Synod(s) regarding the songs in the church in mind, and naturally falls outside the mandate of</p>
--	---

<p>missie geval.</p> <p>Besluit: Punte 1.1 tot 1.3.4 kennis neem.</p> <p>2. Sake waaroor die Sinode besluit</p> <p>2.1 Dat aanbevelings in pt 2.1 (gekeurde en aanbevole liedere) van die Rapport van die Deputate, goedgekeur word. <u>Motivering:</u> Die Kommissie is oortuig dat Sinode die beoordeling en keuring van die Deputate – aan die hand van die voorgeskrewe raamwerk – met vertroue kan volg.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>2.2 Dat die aanbeveling in pt 2.3 (verfyning van raamwerk) goedgekeur word. <u>Motivering:</u> Alhoewel die uitgebreide beginselraamwerk reeds voorsiening maak vir verskillende style van musiek, mag verfyning dalk nodig word.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>2.3 Dat die aanbeveling in pt 2.4 (uitnodiging – liedere vir kinders) goedgekeur word. <u>Motivering:</u> Die Kommissie deel die versugting om liedere met diepgang vir ons kinders.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>2.4 Dat die aanbeveling in pt 2.5 (moontlikheid van 'n kindersangbundel) afgewys word. <u>Motivering:</u> In die lig van die uitnodiging in pt 2.3 (pt 2.4 van die Rapport), is dit onwaarskynlik dat so 'n bundel haalbaar is.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>2.5 Dat die aanbeveling in pt 2.4 (Aanvullende Rapport – uitnodiging – Hemelvaart- en Pinksterliedere) goedgekeur word. <u>Motivering:</u> Herhaling van vorige opdrag van Sinode.</p> <p>Besluit: Goedgekeur.</p> <p>2.6 Dat die opdrag aan die kerke vir voorlegging van liedere vir beoordeling gering gewysig word om in te sluit: “Liedere wat aan die Deputate voorgelê word vir beoordeling, sal nie bundels insluit nie, maar individueel gemotiveer word”. <u>Motivering:</u> Die groot volume liedere wat deur die Deputate aanbeveel is – en wat deur sommige afgevaardigdes as oorweldigend beleef is – behoort homself nie weer herhaal nie: die</p>	<p>this Commission.</p> <p>Decision: Points 1.1 to 1.3.4 noted.</p> <p>2. Matters that the Synod decide on</p> <p>2.1 That the recommendations in pt 2.1 (approved and recommended songs) of the Report of Deputies be approved. <u>Motivation:</u> This Commission is convinced that Synod can follow the assessment and selection of the Deputies with confidence.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>2.2 That the recommendation pt 2.3 (refinement of framework) be approved. <u>Motivation:</u> Although the expanded principle framework already makes provision for different styles of music, further refinement might be necessary.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>2.3 That the recommendation in pt 2.4 (invitation – songs for children) be approved. <u>Motivation:</u> The Commission shares the desire for songs with depth for children.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>2.4 That the recommendation in pt 2.5 (possibility for children-hymnal) be rejected. <u>Motivation:</u> In light of the invitation in pt 2.3 (pt 2.4 of the Report) it is unlikely that such a hymnal is feasible.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>2.5 That the recommendation in pt 2.4 (Supplementary Report – invitation – Ascension and Pentecost songs) be approved. <u>Motivation:</u> Repetition of previous assignment of Synod.</p> <p>Decision: Approved.</p> <p>2.6 That the assignment to the churches for submission of songs for assessment be amended slightly to include: “Songs submitted to the Deputies for assessment, will not include hymnals, but individually motivated”.</p> <p><u>Motivation:</u> The great volume of songs recommended by the Deputies, and experienced as overwhelming by some delegates – must not repeat itself: the submissions from the Liedboek is</p>
---	--

<p>voorleggings uit die Liedboek is bykans afgehandel. Die opdrag vereis reeds dat liedere wat aan die Deputate voorgelê word vir keuring, vergesel moet word van motivering waarom dit by die liedereskat ingesluit moet word.</p> <p>Besluit: Goedgekeur (wysigings reeds aangebring – Deputate Handeling).</p> <p>2.7 Die motivering van liedere wat afgekeur word, word slegs deur die Deputate aan die voorsteller/motiveerder wat dit voorgestel het, gerapporteer.</p> <p>2.8 Die Deputate word versoek om die uitnodiging van VONK op te volg wat 11-13 Junie in Pretoria byeenkom.</p>	<p>almost completed. The assingment already requires that songs submitted to the Deputies for assesment, must be accompanied by motivation on why it must be included in the treasure chest of songs.</p> <p>Decision: Approved (amendments already added – Deputies Acta).</p> <p>2.7 The motivation of songs which was rejected, is only reported to the proposer of the song.</p> <p>2.8 The Deputies are requested to follow up the invitation to attend VONK which gathers on 11-13 June in Pretoria.</p>
--	---